

**DIE BELEWENIS VAN ENKELOUERSKAP DEUR DIE VADER MET
BEHEER EN TOESIG OOR KINDERS IN DIE MIDDELKINDERJARE**

deur

Marna Mc Donald

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

MAGISTER MAATSKAPLIKE WERK

in

SPELTERAPIE

in die

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

Studieleier: Me H Bauling

PRETORIA

NOVEMBER 2008

DANKBETUIGINGS

By die voltooiing van die studie wil ek graag die volgende dankbetuigings doen:

- ❖ **Alle eer en dank aan my Hemelse Vader wat my in staat gestel het om hierdie studie te voltooi.**
- ❖ **My studieleier, Me H Bauling, vir haar tyd, leiding en motivering.**
- ❖ **My man en my ouers vir al hulle ondersteuning.**
- ❖ **Laerskool Wonderboom-Suid en personeel vir hulle hulp met die identifisering van respondente.**
- ❖ **Irma Schutte, privaat maatskaplike werker, vir haar hulp met die identifisering van respondente.**

OPSOMMING

Die belewenis van enkelouerskap deur die vader met beheer en toesig oor kinders in die middelkinderjare

deur

Marna Mc Donald

Studieleier: Me H Bauling

Departement Maatskaplike Werk en Kriminologie

MMW Speltherapie

Hedendaagse vaders dring dikwels daarop aan dat mans en vroue gelyke kinderopvoedingsverantwoordelikhede geniet tydens getroude lewe en ná egskeiding. Dit is gevolglik vir 'n toenemende aantal vaders in egskeidingsgedinge belangrik om in aanmerking geneem te word met die beslissing oor die beheer en toesig van die kind/ers. Navorsing met betrekking tot vaders as enkelouers en hoof van die gesin, was tot onlangs beperk. Die doelstelling van die navorsing was om die belewenis van enkelouerskap deur die vader met beheer en toesig oor kinders in die middelkinderjare te ondersoek.

'n Kwalitatiewe navorsingsbenadering is as die geskikste navorsingsbenadering vir hierdie studie beskou aangesien die doel van die studie was om die geskeide vaders, wat beheer en toesig verkry het oor hulle kind/ers in die middelkinderjare, se leefwêreld te begryp. Voorts is daar met die studie beoog om vas te stel hoe geskeide vaders enkelouerskap beleef en hulle lewens daardeur beïnvloed word. Ses (N=6) geskeide vaders aan wie beheer en toesig van middeljarige kind/ers toegeken is, is deur middel van 'n doelgerigte steekproeftrekking by die ondersoek betrek. Die navorser het met elk van hierdie vaders 'n semi-gestruktureerde onderhoud gevoer.

Met behulp van literatuurstudie en gesprekke met kundiges het die navorser daarin geslaag om 'n teoretiese raamwerk saam te stel ten opsigte van beheer en toesig, die effek van egskeiding op 'n ouerpaar en 'n kind in die middelkinderjare, asook die belewenis van enkelouerskap deur die vader.

Tien jaar gelede was enkelouergesinne met 'n vader aan die hoof 'n vreemde verskynsel. Die situasie is egter besig om te verander soos die howe geredeliker beheer en toesig van kinders aan geskeide vaders toevertrou. In die verlede was die norm dat beheer en toesig van kinders outomaties aan moeders toegeken word. Tans gebruik howe egter die kind/ers se belange, en die ouers se vermoë om na die kind/ers om te sien, as riglyn. Aangesien dit nie altyd maklik is om te bepaal watter ouer beheer en toesig oor die kind/ers behoort te kry nie, word verslae deur maatskaplike werkers, asook 'n aanbeveling van die gesinsadvokaat aangevra. Indien een van die partye die bevindinge teëstaan kan 'n verslag deur 'n sielkundige aangevra word.

Tydens die empiriese studie is die inligting geanaliseer. Die semi-gestruktureerde onderhoude het die navorser in staat gestel om sekere temas, wat tydens die onderhoude na vore gekom het, op te volg, terwyl die respondente in staat gestel is om hul omvattende verhaal te vertel. Elk van die onderhoude is getranskribeer en ooreenkomstig Cresswell se kwalitatiewe data-analiseproses verwerk.

Op grond van die navorsingsbevindinge kom die navorser tot die gevolgtrekking dat vaders hulle goed van hul taak kwyt as enkelouers. Die enkelvaders ervaar rolspanning, maar met behulp van goed gevestigde ondersteuningstelsels slaag hulle daarin om die rolle en take te bemeester. As toegewyde vaders wou hulle graag hul ouerskap voortsit ná die egskeiding. Die vaders is bereid om die nodige opofferinge en veranderinge te maak wat ouerskap van hulle vereis. Hulle erken wel dat dit nie sonder uitdagings is nie, maar die positiewe weeg vir hulle meer as die negatiewe.

Vir toekomstige navorsing word aanbeveel dat navorsers op 'n groter aantal enkelouervaders met beheer en toesig oor hulle kind/ers in die middelkinderjare fokus om sodoende meer verteenwoordigende inligting te bekom oor hierdie vaders se belewenis van enkelouerskap. Die vaders se kind/ers, familieledede, vriende en huishulpe kan ook betrek word by toekomstige navorsing, aangesien hulle waardevolle inligting kan verskaf oor die rol van die enkelvader en die impak daarvan op sy funksionering.

SUMMARY

The experience of single parenthood by the father with custody of children in their middle childhood years

by

Marna Mc Donald

Supervisor: Ms H Bauling

Department of Social Work and Criminology

MSW Play Therapy

Modern fathers often insist that men and women receive equal child rearing responsibilities during marriage and after divorce. It is therefore important to an increasing number of fathers in divorce proceedings, to be considered in the ruling over custody of the child/ren. Research with reference to single fathers and as head of a family was until recently limited. The goal of the research was to explore the experiences of single parenthood by the father with custody of children in their middle childhood years.

A qualitative research approach was considered as the most appropriate approach for this study, since the aim of the study was to understand “the world” of the divorced father with custody of his child/ren in their middle childhood years. Furthermore, the aim of the study was to determine how single fathers experience parenthood and how it influences their lives. Through purposive sampling six (N=6) single fathers with custody of their child/ren in their middle childhood years were involved in the study. The researcher conducted a semi-structured interview with each of the identified fathers.

The researcher managed to compile a theoretical framework regarding custody, the effect of the divorce on a parent as well as the child/ren in the middle childhood years and the experience of single parenthood by the single father, by means of a literature study and discussions with experts.

A decade ago, single parent families with the father as the head were a rare phenomenon. The situation is starting to change as the courts are more willing to grant divorced fathers custody of their child/ren. In the past, it was the norm that custody of the children was automatically granted to mothers. At present, the courts are using the best interest of the child/ren; and the ability of a parent to care for the child/ren as guideline. Since it is not always easy for the court to determine which parent should be granted custody of the child/ren, reports from social workers as well as the family advocate are requested. If one of the parties oppose the ruling, a report from a psychologist may be requested.

During the empirical study, the data was analysed. The semi-structured interviews made it possible for the researcher to follow up particular themes that emerged from the interviews, while the participants were able to give a fuller picture. Each of the interviews was transcribed and processed according to Creswell's qualitative data-analysing process.

In view of the research information the researcher reached the conclusion that the fathers are successfully fulfilling their roles as single parents. The single fathers do experience role strain but with the assistance of their established support systems they manage to master their roles and tasks. As devoted fathers they wanted to continue full-time parenting after their divorce. The fathers are willing to make the necessary sacrifices and changes that come with single parenthood. They acknowledge that there are challenges but that the positive outweighs the negative.

For future research, it is recommended that a bigger sample of single fathers with custody of their child/ren in their middle childhood years should be researched to obtain representative data in terms of fathers' experiences of single parenthood. The father's child/ren, family members and domestic workers can also be included in future research in order to provide valuable information about the role of the single father and the impact on the father's functioning.



SLEUTELTERME

beheer en toesig

belewenis

egskeiding

enkelouermoeder

enkelouervader

enkelouerskap

kinderopvoeding

middelkinderjare

onderhoud

ondersteuningstelsel



INHOUDSOPGAWE

BLADSY

1. ALGEMENE INLEIDING	1
1.1. INLEIDING	1
1.2. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP	1
1.3. PROBLEEMFORMULERING	2
1.4. DOEL EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE	4
1.4.1. Doel van die studie	4
1.4.2. Doelwitte van die studie	4
1.5. NAVORSINGSVRAAG VIR DIE STUDIE	4
1.6. NAVORSINGSBENADERING	5
1.7. SOORT NAVORSING	5
1.8. NAVORSINGSONTWERP	6
1.9. NAVORSINGSPROSEDURE	7
1.9.1. Insameling en vaslegging van inligting en voorlopige analiserings	7
1.9.2. Hantering van inligting	8
1.9.3. Lees en skryf van memos	8
1.9.4. Genereer kategorieë, temas en patrone	8
1.9.5. Kodering van data	9
1.9.6. Toetsing van begrip	9
1.9.7. Voorstelling en visualisering	9
1.10. VOORONDERSOEK	9
1.10.1. Literatuurstudie	9



1.10.2. Konsultasie met kundiges	9
1.10.3. Uitvoerbaarheid van die ondersoek	10
1.10.4. Toetsing van onderhoudskedule	10
1.11. OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, AFBAKENING VAN STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFTREKING	11
1.12. ETIESE KWESSIES	11
1.12.1. Voorkoming van benadeling van respondente	12
1.12.2. Ingeligte toestemming	12
1.12.3. Skending van privaatheid/anonimiteit/konfidensialiteit	13
1.12.4. Aksies en bekwaamheid van navorser	13
1.12.5. Vrystelling of bekendmaking van die bevindinge	13
1.12.6. Herstel van respondente	14
1.13. LEEMTES VAN DIE STUDIE	14
1.14. DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE	14
1.14.1. Belewenis	14
1.14.2. Egskeiding	15
1.14.3. Enkelouergesin	15
1.14.4. Middelkinderjare	15
1.14.5. Beheer en toesig	16
1.15. INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG	16
2. LITERATUURSTUDIE	17
2.1. INLEIDING	17
2.2. OUERLIKE GESAG	17
2.2.1. Voogdyskap	17
2.2.2. Beheer en toesig	18
2.3. EGSKEIDING	23
2.3.1. Die proses van egskeiding	23



2.3.2. Die effek van egskeiding op 'n egpaar/ouers	26
2.3.3. Die effek van egskeiding op die kind	29
2.4. DIE ROL EN TAAK VAN 'N VADER	36
2.4.1. Die verskille tussen vader- en moederversorging	37
2.4.2. Die invloed van vaderversorging op die ontwikkeling van 'n kind	40
2.5. DIE VADER MET BEHEER EN TOESIG SE BELEWENIS VAN ENKELOUERSKAP	43
2.5.1. Groter finansiële vryheid	45
2.5.2. Rolspanning	47
2.5.3. Veranderinge in die ouer-kind mikro-omgewing	50
2.5.4. Lewenstylontwrigting	54
2.5.5. Ondersteuningstelsels	55
2.5.6. Kontak van die ouer sonder beheer en toesig met die kind/ers	57
2.5.7. Vehouding met gewese eggenote	59
2.6. SAMEVATTING	61
3. DIE EMPIRIESE STUDIE	63
3.1. INLEIDING	63
3.2. NAVORSINGSMETODOLOGIE	63
3.2.1. Navorsingsbenadering	63
3.2.2. Soort navorsing en navorsingsontwerp	63
3.2.3. Data-insamelingstegniek: Semi-gestruktureerde onderhoud	64
3.2.4. Metode van data-analise	64
3.2.5. Wyse van steekproeftrekking	64
3.3. BEVINDINGE EN INTERPRETASIE	64
3.3.1. TEMA EEN: FINANSIËLE OMSTANDIGHEDE	66
3.3.1.1. SUBTEMA: BRON VAN INKOMSTE	66
3.3.1.2. SUBTEMA: ONDERHOUD	69
3.3.1.3. SUBTEMA: WERKSOMSTANDIGHEDE	70



3.3.2. TEMA TWEE: ROLSPANNING	73
3.3.2.1. SUBTEMA: HANTERING VAN ROLSPANNING	73
3.3.2.2. SUBTEMA: HULPBRONNE RAKENDE HUISHOUDELIKE TAKE	76
3.3.2.3. SUBTEMA: KINDERVERSORGINGSHULPBRONNE	81
3.3.3. TEMA DRIE: OUER-KIND VERHOUDING	84
3.3.3.1. SUBTEMA: BETROKKENHEID BY DIE KIND/ERS	84
3.3.3.2. SUBTEMA: DISSIPLINERING	89
3.3.3.3. SUBTEMA: ONTSPANNING	92
3.3.3.4. SUBTEMA: GESLAG VAN DIE KIND/ERS	93
3.3.3.5. SUBTEMA: DIE MOEDER SE KONTAK MET DIE KIND/ERS	97
3.3.4. TEMA VIER: LEWENSTYLONTWRIGTING	99
3.3.4.1. SUBTEMA: EIE SOSIALE LEWE	99
3.3.4.2. SUBTEMA: HOUDING TEN OPSIGTE VAN TOEKOMSTIGE VERHOUDINGS	102
3.3.5. TEMA VYF: POSITIEWE EN NEGATIEWE ASPEKTE VAN ENKELOUERSKAP	105
3.3.5.1. SUBTEMA: POSITIEWE ASPEKTE VAN ENKELOUERSKAP	105
3.3.5.2. SUBTEMA: NEGATIEWE ASPEKTE VAN ENKELOUERSKAP	108
3.3.6. TEMA SES: ONDERSTEUNINGSISTEME	112
3.3.6.1. SUBTEMA: HULPSOEKPATRONE	112
3.3.6.2. SUBTEMA: INFORMELE HULPBRONNE	113
3.3.6.3. SUBTEMA: FORMELE HULPBRONNE	114
3.3.6.4. SUBTEMA: LITERATUUR BESTUDEER	116
3.4. SAMEVATTING	117
4. SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	119
4.1. INLEIDING	119
4.2. NAVORSINGSMETODOLODIE	120



4.2.1. Samevatting	120
4.3. LITERATUURSTUDIE	120
4.3.1. Samevatting	120
4.3.2. Gevolgtrekkings	121
4.4. EMPIRIESE STUDIE	122
4.4.1. Samevatting	122
4.4.2. Gevolgtrekkings	122
4.4.3. Aanbevelings	124
4.4.3.1. Aanbevelings vir professionele persone	124
4.4.3.2. Aanbevelings vir verdere navorsing	126
4.5. EVALUERING VAN DIE NAVORSINGSVRAAG EN BEREIKING VAN DOEL EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE	127
4.5.1. Navorsingsvraag	127
4.5.2. Doel en doelwitte van die studie	127
4.6. FINALE SAMEVATTING	128
BRONNELYS	129
LYS VAN FIGURE	
Figuur 1: Temas en subtemas soos geïdentifiseer vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude	66
Figuur 2: Bereiking van die studie se doelwitte	128
BYLAE	
Bylaag 1: Onderhoudskedule	
Bylaag 2: Ingeligte toestemming	

HOOFSTUK EEN: ALGEMENE INLEIDING

1.1. INLEIDING

Volgens die jongste beskikbare statistiek het 184 860 egpare in Suid-Afrika in 2006 getrou. In dieselfde jaar is 31 270 huwelike in die skeihof ontbind. Die wit populasiegroep het die hoogste egskedingsyfer (11 079) gevolg deur die swart populasiegroep (9 113), kleurling populasiegroep (3 451) en Indiërs (1 676) (Statistics South Africa, 2007). Uit voorafgenoemde is dit dus duidelik dat 'n beduidende getal egpare en kinders deur egskeding geraak word.

Vaders begin om daarop aan te dring dat mans en vroue gelyke kinderopvoedingsverantwoordelikhede tydens getroude lewe en na egskeding moet hê. Dus dring al hoe meer vaders in egskedingsgedinge daarop aan om in aanmerking geneem te word wanneer daar oor die beheer en toesig van die kind/ers besluit word (Benokraitis, 2002:413). In hierdie studie is daar gefokus op die belewenis van enkelouerskap deur die vader met beheer en toesig oor kinders in die middelkinderjare.

Vervolgens sal die motivering vir die keuse van die onderwerp; die formulering van die probleem; die doel en doelwitte van die studie en die navorsingsvraag vir die studie duidelik uiteengesit word. Die navorsingsbenadering; die soort navorsing; die navorsingsontwerp; die navorsingsprosedure en strategie; die voorondersoek; die omskrywing van die universum, afbakening van die steekproef en wyse van steekproefneming, asook die etiese kwessies wat in ag geneem moet word en die leemtes van die studie sal verder bespreek word. Laastens sal 'n begripsomskrywing van die hoofkonsepte en 'n uiteensetting van die navorsingsverslag aandag geniet.

1.2. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Tydens die navorser se werksaamhede as maatskaplike werker het sy in kontak gekom met 'n vader wat beheer en toesig verkry het oor sy twee kinders na egskeding. Daar het ook heelwat vaders navraag gedoen oor hoe hulle beheer en toesig kan wysig, aangesien hulle van mening was dat die moeder haar nie goed van haar taak as ouer kwyt nie. Voorafgenoemde was vir die navorser 'n ongewone verskynsel, aangesien die moeder gewoonlik dié een is wat beheer en toesig oor die kind/ers verkry na egskeding en ontevrede is oor die vader nie sy ouerlike pligte na wense vervul nie. Voorafgenoemde verskynsel het die volgende vrae by die navorser laat ontstaan: Watter tipe veranderinge het by vaders plaasgevind wat veroorsaak dat hulle beheer en toesig oor hulle kind/ers verlang?

Waarom is vaders van mening dat hulle 'n beter ouer sal wees as die moeder? Hoe sal 'n huishouding funksioneer waar die vader beheer en toesig na egskeiding verkry het?

Die studie is dus grotendeels gemotiveer deur die navorser se eie belangstelling in die verskynsel, asook deur wat besig is om in die praktyk te gebeur. Na die navorser literatuur begin bestudeer het rakende die verskynsel, is daar gevind dat daar min navorsing gedoen is oor die fokuspunt van die navorser se studie. Dus is die studie ook gemotiveer deur 'n kennisleemte rakende die vader se belewenis van enkelouerskap, waar beheer en toesig aan hom toegeken is, na egskeiding (Tutty, Grinnell & Williams, 1997:50; Fouché & De Vos, 2005a:91, 95-96.) Deur hierdie kennisleemte aan te spreek sal die enkelvaders wat beheer en toesig verkry het, maatskaplike werkers, sielkundiges, onderwysers en ander professies wat hierdie vaders van hulp kan/wil wees, by die navorsingsbevindinge baat vind.

1.3. PROBLEEMFORMULERING

Die statistiek rakende egskeidings, soos uiteengesit in die inleiding, dui daarop dat egskeidings 'n hedendaagse realiteit is; 'n realiteit wat nie net egpare raak nie, maar ook hulle kinders. Volgens die jongste beskikbare statistiek is 'n totaal van 30 242 minderjarige kinders in 2006 deur egskeiding geraak (Statistics South Africa, 2007).

Egskeiding is 'n traumatiese en pynvolle gebeurtenis vir almal wat daarby betrokke is, aangesien die betrokke partye se lewens en verhoudinge op 'n sosiale, ekonomiese, psigologiese en selfs wetlike vlak geaffekteer word (Thompson & Rudolph, 2000:441).

Een van die gevolge van egskeiding is skeiding in ouerskap, aangesien die ouers van 'n kind of kinders nie meer bymekaar woon nie. Die een ouer verkry beheer en toesig oor die kind/ers, terwyl die ander ouer se mag en toegang beperk word tot bepaalde tye. Dit is belangrik dat die ouer wat beheer en toesig oor die kind/ers verkry, die hegte en positiefste verhouding met die kind/ers het, want die kwaliteit van die ouer-kind-verhouding moet in ag geneem word (Bigner, 1998:428-429; Benokraitis, 2005:440).

Industrialisasie het die kulturele waarde wat aan vaders toegewys is ten opsigte van hulle kinders se opvoeding, verander. Aangesien vaders hulle huise moes verlaat om in stedelike fabriek te gaan werk, het kinders nie meer hulle vaders gehad om vir hulle 'n voorbeeld te wees nie. Kinders is al hoe meer deur slegs hulle moeders versorg, wat die huislike sfeer totaal en al laat vervroulik het. Hierdie vervrouliking het begin om 'n belangrike rol in egskeidings te speel. Daar is geglo dat kinders hulle moeders tydens hulle "tender years"

nodig het en die gedagte dat vaders beheer en toesig kan verkry, het verdwyn (Knox & Leggett, 2000:198).

Aangesien vaders gedurende die dag die huis moes verlaat om te gaan werk, het hulle belangrikheid vir hulle kinders geleidelik verskuif na die geld wat hulle vir die gesinseenheid genereer. Voorafgenoemde het tot gevolg gehad dat die geloof ontstaan het dat vaders nie werklik belangrik is vir hulle kinders nie. Dit gaan goed met kinders en hulle moeders solank die vader die nodige geld genereer. Dat vaders onnodig is, het dus 'n kulturele tema geword (Knox & Leggett, 2000:198). In die huidige samelewing het omstandighede egter heelwat verander. Al hoe meer moeders en nie net vaders nie, word genoodsaak om die arbeidsmark te betree en met navorsing wat al hoe meer die belangrikheid van die vader in 'n kind se ontwikkeling uitwys, word beheer en toesig nie meer outomaties aan die moeder toegeken nie (Benokraitis, 2002:18, 413).

Ten spyte daarvan dat toekenning van beheer en toesig aan vaders toegeneem het, vind die gemiddelde vader dit nog steeds moeilik om beheer en toesig oor sy kind/ers te verkry. Vaders moet aan die houe en regters bewys dat hulle geskik is en oor die vermoë beskik om beheer en toesig oor hulle kind/ers te verkry (Emmers-Sommer, Rhea, Triplett & O' Neil, 2003:100-101). Die rede/s wat 'n vader aanvoer waarom hy beheer en toesig wil verkry, speel ook 'n rol of hy suksesvol gaan wees of nie. Vaders verskaf die volgende redes vir die verkryging van beheer en toesig: hulle is betrokke by hulle kind/ers se versorging vanaf geboorte en is van mening dat hulle goed daarop voorberei is om die primêre versorger te wees; hulle glo dat hulle die beter ouer is; daar bewyse bestaan dat die moeder onbevoeg is of ernstige probleme het of hulle gewese vrouens wil nie beheer en toesig hê nie (Jaffe, 1997:126; Martin & Colbert, 1997:239).

Ten spyte van die struikelblokke wat vaders moet oorkom as hulle beheer en toesig wil verkry, is daar vaders wat daarin slaag om beheer en toesig van hulle kind/ers te verkry. Dit wil voorkom asof hedendaagse vaders 'n meer gelyke kans staan om beheer en toesig van die kind/ers te verkry, aangesien sowel vaders, as die samelewing, al meer bewus raak van die vader se regte en noodsaaklike rol in 'n kind se ontwikkeling.

Navorsers is al 'n geruime tyd geïnteresseerd in enkelouergesinne. Die meeste studies het egter gehandel oor die afwesige vader en watter effek dié afwesigheid het. In realiteit het genoemde studies dus gehandel oor enkelmoeders en hulle probleme en die effek wat die afwesige vader op 'n kind het. Tot onlangs is enkelouergesinne waar die vader aan die hoof

staan nie by navorsing betrek nie en waar daar wél studies plaasgevind het, was die steekproewe baie klein (Hamner & Turner, 1996:190). Voorafgenoemde verklaar dus die gebrek aan literatuur ten opsigte van vaders se belewenis van enkelouerskap.

Alhoewel die navorser min inligting in die literatuur bekom het oor hoe 'n huishouding funksioneer en hoe vaders en kinders geraak word waar die vader die beheer en toesig verkry het, wil dit blyk asof hierdie vaders en kinders dieselfde omstandighede en probleme ervaar as moeders en kinders in dieselfde posisie (Thompson & Rudolph, 2000:450). Weens die gebrekkige inligting in die literatuur rakende vaders se belewenis van enkelouerskap, word daar met hierdie studie beoog om vas te stel hoe die vader, aan wie beheer en toesig van die kind/ers in die middelkinderjare na egskeiding toegeken is, enkelouerskap beleef.

1.4. DOEL EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Die *New English Usage Dictionary* (1997:17, 571) definieer doel as "...the action of directing something at a target; an aim, an objective; to point, to direct" en 'n doelwit as "...not influenced by personal feelings; purpose, aim." Volgens Fouché en De Vos (2005b:104) is die doel die "droom" wat bereik wil word, terwyl die doelwitte die stappe is wat geneem moet word op grondvlak, binne 'n bepaalde tydperk, om die droom te bereik.

1.4.1. Doel van die studie

Die doel van die studie was om die belewenis van enkelouerskap deur die vader met beheer en toesig oor kinders in die middelkinderjare te ondersoek.

1.4.2. Doelwitte van die studie was:

- Om 'n teoretiese raamwerk ten opsigte van enkelouerskap, beheer en toesig, die kind in die middelkinderjare en die effek van egskeiding op die kind en ouerpaar saam te stel deur middel van literatuurstudie en konsultasie met kundiges.
- Om deur middel van 'n empiriese ondersoek die belewenis van enkelouerskap van die vader met beheer en toesig oor kinders in die middelkinderjare te ondersoek.
- Om aanbevelings en gevolgtrekkings te maak ten opsigte van die vader, met beheer en toesig oor kinders in die middelkinderjare, se belewenis van enkelouerskap.

1.5. NAVORSINGSVRAAG VIR DIE STUDIE

Volgens Neuman (1997:121) verwys 'n navorsingsvraag na die verhouding tussen 'n klein aantal veranderlikes. In kwalitatiewe navorsing word daar begin met 'n navorsingsvraag (Franklin & Jordan, 1997:115). Die navorsingsvraag in hierdie studie is soos volg

geformuleer: Hoe beleef die vader, aan wie beheer en toesig van die kind/ers in die middelkinderjare na egskeiding toegeken is, enkelouerskap?

1.6. NAVORSINGSBENADERING

Die navorsingsbenadering in hierdie studie was kwalitatief van aard. Denzin en Lincoln (1998:3) definieer kwalitatiewe navorsing soos volg: “Qualitative research is multi-method in focus, involving an interpretive, naturalistic approach to its subject matter. This means that qualitative researchers study things in their natural settings, attempting to make sense of, or interpret, phenomena in terms of the meanings people bring to them.” Franklin en Jordan (1997:107) het Robert Emerson se definisie van veldnavorsing aangepas om die volgende definisie van kwalitatiewe navorsing te verskaf: “Qualitative research is the study of people in their natural environments as they go about their daily lives. It tries to understand how people live, how they talk and behave, and what captivates and distresses them... More importantly, it strives to understand the meaning people’s words and behaviors have for them.”

Die kwalitatiewe navorsingsbenadering was die geskikste navorsingsbenadering vir hierdie studie, aangesien beoog is om die geskeide vaders, wat beheer en toesig verkry het oor hulle kind/ers in die middelkinderjare, se leefwêreld te begryp. Voorts is daar ook met die studie beoog om vas te stel hoe hierdie geskeide vaders enkelouerskap beleef en hoe hulle lewens daardeur beïnvloed word.

1.7. SOORT NAVORSING

In hierdie studie het die navorser van toegepaste navorsing gebruik gemaak. Toegepaste navorsing se doel is om spesifieke benaderings- en beleidsprobleme op te los of persone in die praktyk te help om hulle take uit te voer. In toegepaste navorsing word daar dus gefokus op die oplos van probleme in die praktyk (Neuman, 1997:22-23; Tutty *et al.*, 1997:52; Fouché & De Vos, 2005b:105.)

Met hierdie studie is beoog om inligting te bekom oor hoe die vader, aan wie beheer en toesig van die kind/ers in die middelkinderjare toegeken is na egskeiding, enkelouerskap beleef. Een van die doelwitte was om genoemde inligting beskikbaar te stel aan maatskaplike werkers, sodat doeltreffende maatskaplikewerkdienste ten opsigte van hierdie vaders en hulle kinders daargestel kan word en reeds bestaande dienste uitgebrei of verbeter kan word. Die praktiese benutting van die inligting was dus in hierdie studie die uitsluitlike oogmerk.

1.8. NAVORSINGSONTWERP

Mouton (in Fouché & De Vos, 2005c:132) definieer 'n navorsingsontwerp as "...a plan or blueprint of how you intend conducting the research." In kontras met voorafgenoemde definieer Bless en Higson-Smith (in Fouché & De Vos, 2005c:132) 'n navorsingsontwerp as "...a specification of the most adequate operations to be performed in order to test a specific hypothesis under given conditions." In hierdie studie is die meer spesifieke definisie van Fouché en De Vos (2005c:133) vir 'n navorsingsontwerp aangeneem, naamlik dat 'n navorsingsontwerp verwys na "...those groups of small, worked-out formulas from which prospective (quantitatively oriented) researchers can select or develop one (or more) suitable to their specific research goals and objectives."

Denzin en Lincoln (in Fouché, 2005:268), streng voorstanders van die kwalitatiewe skool, verkies om metodologieë, soos etnografie, fenomenologie en die biografiese metode "...strategies of enquiry or tools that can be used to design qualitative research", te noem. Kwalitatiewe navorsers moet hulle eie navorsingsontwerpe ontwikkel soos hulle vorder, deur gebruik te maak van een of meer van die beskikbare strategieë of instrumente as hulpmiddel of riglyn (Fouché, 2005:268). Creswell (in Fouché, 2005:269) identifiseer die volgende vyf strategieë wat aangewend kan word om kwalitatiewe navorsing te ontwerp: biografie, fenomenologie, gegronde teorie, etnografie en gevallestudie.

In hierdie studie is van die fenomenologiese strategie gebruik gemaak. Die doel met die fenomenologiese strategie is om te verstaan en die betekenis wat respondente aan hulle daaglikse lewens gee, te interpreteer. Creswell (in Fouché, 2005:270) beskou 'n fenomenologiese studie as 'n studie wat die betekenis wat 'n belewenis van 'n fenomeen, onderwerp of konsep vir verskillende individue het, beskryf. Die navorser wat hierdie strategie aanwend, herlei die belewenisse na 'n sentrale betekenis of die essensie van die belewenis (Moustakas in Fouché, 2005:270). Die eindproduk van hierdie navorsing is 'n beskrywing van die essensie van die belewenis wat bestudeer word.

Daar is op die fenomenologiese strategie besluit, aangesien dit die navorser in staat sal stel om die geskeide vader, wat beheer en toesig verkry het van sy middellkinderjarige kind/ers, se beleweniswêreld te begryp op grond van die betekenis wat hy daaraan gee.

1.9. NAVORSINGSPROSEDURE

Ses vaders aan wie beheer en toesig van hulle middelkinderjarige kind/ers na egskeiding toegeken is, is deur middel van doelgerigte steekproeftrekking geïdentifiseer. Die navorser het met elk van hierdie vaders 'n semi-gestruktureerde onderhoud gevoer.

'n Onderhoud word deur Mark (1996:241) gedefinieer as "...a face-to-face situation in which an interviewer asks questions of one or more interviewees." Volgens Franklin en Jordan (1997:117) kan onderhoudvoering gedefinieer word "...as a conversation with a purpose." Met semi-gestruktureerde onderhoude het die navorser 'n stel vooraf bepaalde vrae wat bekend staan as 'n onderhoudskedule, benut. Die onderhoud word slegs deur die onderhoudskedule gerig en nie daarvolgens gedikteer nie (Franklin & Jordan, 1997:118; Greeff, 2002:302).

Deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude het die navorser 'n gedetailleerde beeld verkry van die vaders se belewenis van enkelouerskap. Semi-gestruktureerde onderhoude het die navorser in staat gestel om sekere interessante temas wat tydens die onderhoude na vore gekom het, op te volg, terwyl die respondente in staat gestel is om hulle volledige verhaal te vertel. Soos in die geval van hierdie studie waar dit handel oor 'n persoonlike saak, is semi-gestruktureerde onderhoude gepas (Greeff, 2002:302).

Data-analise is volgens De Vos (2005a:333) "...the process of bringing order, structure and meaning to the mass of collected data." Creswell, sowel as Marshall en Rossman (in De Vos, 2005a:334) identifiseer die volgende stappe in die proses van kwalitatiewe data analisering: vaslegging van inligting; insameling van inligting en voorlopige analisering; hantering van inligting; lees en skryf van memos; generering van kategorieë, temas en patrone; kodering van die data; toetsing van opkomende begrip; soeke na alternatiewe verduidelikings en voorstelling en visualisering. Vervolgens gaan elke stap kortliks bespreek word soos dit in hierdie studie gerealiseer het.

1.9.1. Insameling en vaslegging van inligting en voorlopige analisering

Die navorser het 'n onderhoudskedule saamgestel wat bestaan het uit vyf oop vrae (Kyk bylaag 1). Met elk van die ses vaders is 'n semi-gestruktureerde onderhoud gevoer wat deur die vooraf opgestelde onderhoudskedule gerig is. Die semi-gestruktureerde onderhoude is op oudioband vasgelê. Elke band is gemerk met die datum van onderhoud gevoer en die skuilnaam van die vader met wie die onderhoud gevoer is. Van elke semi-gestruktureerde onderhoud is 'n verbatim transkripsie gemaak.

Gedurende die semi-gestruktureerde onderhoud is die vaders versoek om meer uit te brei op wat gesê is, indien die navorser meer duidelikheid verlang het, is spesifieke vrae gevra om ontbrekende inligting te bekom. Na elke onderhoud het die navorser temas wat na vore gekom het, aangeteken. Vaders is gedurende die onderhoud daarop voorberei dat die navorser hulle weer mag kontak om inligting te bevestig of inligting te bekom wat ontbreek.

Die navorser het van triangulasie gebruik gemaak as metodologiese instrument om die studie se geloofwaardigheid te verseker. Stake (in Mark, 1996:220) definieer triangulasie as die "...process of using multiple perceptions to clarify meaning, verifying the repeatability of an observation or interpretation." Triangulasie is 'n metode om 'n konsep of 'n gevolgtrekking waartoe die navorser gekom het deur middel van verskeie bronne te bevestig. Deur deelnemende waarneming en semi-gestruktureerde onderhoude as inligtingsinsamelingsmetodes te gebruik en verskillende teoretiese perspektiewe in die interpretering van die inligting aan te wend, kon triangulasie in hierdie studie plaasvind (Mark, 1996:220; Stake, 1998:96-97; De Vos, 2005b:362).

1.9.2. Hantering van inligting

Vir elke vader is 'n lêer saamgestel waarin inligting gestoor is. Die inligting bestaan uit notas wat handel oor die waarnemings wat die navorser gemaak het tydens die onderhoud, transkripsie van die onderhoud en hoe die inligting bekom teorieë staaf of weerspreek.

1.9.3. Lees en skryf van memos

Die navorser het die transkripsies in diepte bestudeer deur elk 'n paar keer deur te lees om bekend te raak met elke respondent. Soos die navorser die transkripsies bestudeer het, het die navorser aantekeninge gemaak rakende waarnemings wat gemaak is tydens onderhoudvoering. Indien inligting ontbreek het of onduidelik was, is verdere onderhoude gevoer.

1.9.4. Genereer kategorieë, temas en patrone

Tydens hierdie fase het die navorser bepaal watter temas en subtemas geïdentifiseer kon word.

1.9.5. Kodering van data

Die navorser het kodes toegeken aan die kategorieë en temas wat geïdentifiseer is en het hierdie kodes toegeken aan dié gedeeltes in die transkripsies wat die geïdentifiseerde kategorieë en temas gereflekteer het.

1.9.6. Toetsing van begrip

Die geïdentifiseerde kategorieë en temas is deur die navorser geïnterpreteer en verklarings is gegee vir bevindinge deur middel van teorieë, literatuur en insigontwikkeling.

1.9.7. Voorstelling en visualisering

Die navorser het in hierdie fase deur middel van woorde die bevindinge omskryf. 'n Bevinding is byvoorbeeld in woorde gestel en met verbatim aanhalings van die respondente gestaaf. Die maak van hipoteses wat met verdere navorsing ondersoek kan word, het ook tydens hierdie fase plaasgevind.

1.10. VOORONDERSOEK

Bless en Higson-Smith (in Strydom, 2005a:206) verskaf 'n omvattende definisie van die voorondersoek wat soos volg lui, "A small study conducted prior to a larger piece of research to determine whether the methodology, sampling, instruments and analysis are adequate and appropriate."

Alhoewel die navorser haar ondersoek baie deeglik beplan het, was die praktyk onbekend totdat dit betree is. Die voorondersoek kan dus beskou word as die "kleedrepetisie" van die hoofondersoek. Dit is dieselfde as wat die navorser beplan het om te doen, maar op 'n kleiner skaal. Uit voorafgenoemde is dit dus duidelik waarom die voorondersoek 'n standaard praktyk in navorsing is.

1.10.1. Literatuurstudie

'n Literatuurstudie is gedoen deur nasionale en internasionale bronne, soos verkry van die akademiese inligtingsdiens van die Universiteit van Pretoria, vanuit die sielkunde, opvoedkundige sielkunde, sosiologie en maatskaplike werk te bestudeer ten opsigte van vaderskap, enkelouergesinne en die kind in sy/haar middelkinderjare.

1.10.2. Konsultasie met kundiges

'n Telefoniese onderhoud is met Professor Johan Piek gevoer. Professor Piek is 'n kliniese sielkundige wat kinders betrokke by egskeding assesseer en 'n aanbeveling maak ten

opsigte van watter ouer die gewenste is om beheer en toesig te verkry. Volgens Piek (2002) is die ondersoek baie nodig, aangesien daar min navorsing bestaan oor dié verskynsel van die geskeide vader wat beheer en toesig verkry het. Piek (2002) is van mening dat die navorser nie probleme sou ervaar om respondente te bekom om aan die navorsing deel te neem nie. Die navorser is aangeraai om gesinsadvokate, maatakaplike werkers by verskillende welsynsorganisasies en ondersteuningsgroepe vir enkelouers te nader om kandidate vir die studie te bekom. Volgens Piek (2002) maak geskeide vaders aan wie beheer en toesig toegeken is al hoe meer gebruik van die dienste van “Au Pairs” om in die middag in hulle kinders se fisiese en akademiese behoeftes te voorsien.

Die navorser het ook ‘n telefoniese onderhoud met die gesinsadvokaat Gerhard van Zyl gehad. Volgens advokaat Van Zyl (2003) is dit juridies nie meer ‘n rare verskynsel dat beheer en toesig aan die vader toegeken word nie. Binne die juridiese sisteem word mans en vroue in alle opsigte as gelykes beskou en dus het al hoe meer vaders daarop begin aandring om beheer en toesig oor hulle kinders te verkry. Advokaat Van Zyl (2003) is van mening dat vaders meer en meer suksesvol is om ook beheer en toesig te verkry van hulle kinders in die laat-kleuter en middelkinderjare. Daar is ook ‘n toename in die aansoeke van vaders by die hooggeregshof om beheer en toesig te wysig. Volgens advokaat Van Zyl (2003) word daar juridies reeds daarin geslaag om vaders ook as bekwame ouers te beskou. Dit is egter die maatskaplike werkers en die samelewing wat sukkel om voorafgenoemde paradigma skuif te maak.

1.10.3. Uitvoerbaarheid van die ondersoek

Die metodes waarvolgens die inligting ingesamel en geanaliseer is, was tydrowend. Tydens die voorondersoek het die navorser vasgestel of daar ‘n voldoende aantal respondente beskikbaar is om aan die studie deel te neem. Daar is ook bepaal of die navorser al die moontlike etiese aspekte in gedagte gehou het en op die korrekte wyse aangespreek het. Die navorser kon ‘n aanduiding kry van ongeveer hoeveel tyd aan elke respondent afgestaan moet word en daarvolgens ‘n tydrooster opgestel. Tydens die voorondersoek het die navorser ook ‘n aanduiding gekry van die moontlike kostes van die studie.

1.10.4. Toetsing van onderhoudskedule

Een vader, aan wie beheer en toesig van die kinders in die middelkinderjare na egskeiding toegeken is, is geïdentifiseer. ‘n Semi-gestruktureerde onderhoud is met die vader gevoer, waartydens die navorser die geleentheid benut het om onderhoudvaardighede in te oefen en

die onderhoudskedule te toets. Hierdie vader het nie deel uitgemaak van die finale respondentegroep nie.

1.11. OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, AFBAKENING VAN STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFTREKking

Arkava en Lane (in Strydom, 2005b:193) tref onderskeid tussen die terme universum en populasie. Universum, verwys na "...all potential subjects who possess the attributes in which the researcher is interested." Die term populasie stel grense om die studie- eenhede. Populasie verwys na "...individuals in the universe who possess specific characteristics." Die universum van die studie sluit alle enkelouergesinne in waar die vader beheer en toesig verkry het van die kind/ers in die middelkinderjare, na egskeiding.

Die navorser het van doelgerigte steekproeftrekking, 'n tipe nie-waarskynlikheidsseleksie steekproef, gebruik gemaak. In doelgerigte steekproeftrekking word 'n respondent gekies, aangesien dié sekere kenmerke of prosesse toelig wat van belang is vir 'n sekere studie. Die navorser het dus krities gedink oor die parameters van die populasie en die steekproef daarvolgens gekies. 'n Duidelike beskrywing en formulering van die kriteria vir die selektering van respondente was dus van kardinale belang (Mark, 1996:113-114; Franklin & Jordan, 1997:111; Strydom & Delpont, 2005:328-329). Die kriteria waarvolgens ses respondente in die steekproef ingesluit is, kan soos volg uiteengesit word:

- Vaders met beheer en toesig.
- Vaders in enige lewensfase.
- Vaders moet 'n enkelouer wees.
- Vaders moet ses en meer maande geskei wees.
- Die kind/ers oor wie beheer en toesig verkry is, moet in die middelkinderjare wees.
- Die vaders kan van enige kultuur wees, maar moet Afrikaans of Engels magtig wees.

1.12. ETIESE KWESSIES

Strydom (2005c:67) verskaf die volgende definisie vir die term etiek: "Ethics is a set of moral principals which is suggested by an individual or group, is subsequently widely accepted, and which offers rules and behavioural expectations about the most correct conduct towards experimental subjects and respondents, employers, sponsors, other researchers, assistants and students."

Etiese riglyne dien ook as standaard en as basis waaraan elke navorser sy/haar optrede behoort te evalueer. Etiese beginsels moet dus deur die navorser geïnternaliseer word, tot

so 'n mate dat die maak van etiese besluite deel van sy/haar lewenstyl word. Die volgende etiese kwessies was van toepassing in hierdie studie:

1.12.1. Voorkoming van benadeling van respondente

In die geesteswetenskappe vind emosionele benadeling eerder plaas as fisiese benadeling. Respondente moet dus van die begin af deeglik ingelig word ten opsigte van die potensiële impak wat die studie op hulle mag hê, sodat hulle die geleentheid het om hulle van die studie te onttrek as hulle dit so verkies (Strydom, 2005c:58). In hierdie studie het fisiese benadeling nie plaasgevind nie. Die navorser het in hierdie studie die respondente daarop gewys dat die onderhoud pynvolle gebeure na die oppervlak mag bring. Met voorafgenoemde in gedagte kon die respondente besluit of hulle hulself beskikbaar wou stel. Respondente is egter daarop gewys dat gesinsadvokate, soos bevestig met advokaat Van Zyl, maatskaplike werkers en sielkundiges beskikbaar is na wie hulle verwys kan word indien hulle terapeutiese dienste benodig.

1.12.2. Ingeligte toestemming

Volgens Williams, Tutty en Grinnell (in Strydom, 2005c:59) behels die verkryging van ingeligte toestemming dat alle moontlike of geskikte inligting rakende die doel van die studie, die prosedures wat in die studie gevolg gaan word, die moontlike voordele, nadele en gevare waaraan die respondente blootgestel mag word, asook die navorser se geloofwaardigheid weergegee word aan die potensiële proefpersone of hulle regsverteenwoordigers. Die klem word geplaas op akkurate en volledige inligting, sodat die proefpersone die studie ten volle kan begryp en dus vrywillig besluit of hulle gaan deelneem of nie.

Die navorser ondersteun Williams *et al.* (in Strydom, 2005c:59) se siening en het dit ook in hierdie studie toegepas. Elke vader is ingelig ten opsigte van die doel van die studie, die prosedures wat gevolg sal word en wat dit behels, asook die moontlike voordele en nadele wat die studie vir hulle mag inhou. Met voorafgenoemde inligting kon die vaders 'n ingeligte besluit neem of hulle wil deelneem aan die studie of nie. Daar is ook aan elke vader verduidelik dat hy homself ter enige tyd van die studie kan onttrek. Laastens is skriftelike toestemming van elke vader bekom vir deelname aan die studie en om die semi-gestruktureerde onderhoud op oudioband vas te lê (Kyk bylaag 1 en 2).

1.12.3. Skending van privaatheid/anonimiteit/konfidensialiteit

Sieber (in Strydom, 2005c:61) definieer privaatheid as "...that which normally is not intended for others to observe or analyze." Singleton, Straits en McAllister (in Strydom, 2005c:61) verduidelik verder dat "...the right to privacy is the individual's right to decide when, where, to whom, and to what extent his or her attitudes, beliefs and behaviour will be revealed." Privaatheid impliseer dus die element van persoonlike privaatheid, terwyl konfidensialiteit dui op die hantering van inligting as konfidensieel. Sieber (in Strydom, 2005c:61) beskou konfidensialiteit as die voortbestaan van privaatheid "...which refers to agreements between persons that limit others' access to private information."

Inligting wat anoniem verskaf word, verseker die privaatheid van 'n proefpersoon (Strydom, 2005c:61). Die vaders is geleentheid gebied om hulle eie skuilname te kies. Die navorser het haarself skriftelik daartoe verbind om hierdie skuilname te alle tye te gebruik om die vaders se anonimiteit, asook konfidensialiteit te verseker. Die inligting wat ingesamel is, is ook op 'n veilige plek buite die bereik van ander persone vir navorsingsdoeleindes bewaar (Tutty *et al.*, 1997:58).

1.12.4. Aksies en bekwaamheid van die navorser

Navorsers is eties verplig om toe te sien dat hulle bekwaam is en oor die nodige vaardighede beskik om die voorgestelde studie uit te voer (Strydom, 2005c:63). Om aan voorafgenoemde vereiste te kon voldoen, het die navorser opleiding ontvang in die nodige teorie rakende navorsing. Voorts is daar ook 'n studieleier aangestel, met wie die navorser op 'n gereelde basis ontmoet het, sodat dié kon toesien dat die studie korrek uitgevoer is. As maatskaplike werker werk die navorser ook te alle tye onder die etiese kode wat deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe daargestel is. Die navorser het ook onderneem om te alle tye professioneel op te tree. Objektiviteit en die toepassing van selfbeheersing om nie waarde-oordele te maak nie is verder deel van 'n bekwame navorser (Strydom, 2005c:63). Die navorser het met behulp van haar studieleier gereeld seker gemaak dat sy objektief is en nie haar waardes op die respondente en die inligting oordra nie.

1.12.5. Vrystelling of bekendmaking van die bevindinge

Die bevindinge van die studie moet bekend gemaak word aan die publiek in 'n skriftelike vorm om beskou te word as wetenskaplike navorsing. Sodoende word verseker dat die bevindinge tot beskikking is van diegene wat in die navorsingsonderwerp belangstel, asook ander navorsers (Strydom, 2005c:65). Volgens Strydom (2005c:65) moet die finale

geskrewe verslag akkuraat, objektief, duidelik en ondubbelsinnig wees en al die essensiële inligting bevat. Die saamstel van 'n mini-verhandeling en 'n manuskrip vir moontlike publikasie is 'n vereiste vir die navorser om haar Meestersgraad in Spel terapie te verwerf.

1.12.6. Herstel van respondente

Ontlontingsessies, waar die proefpersone die geleentheid gegee word, na afhandeling van die studie, om hulle ervarings en die uitwerking van die studie op hulle met hulle deur te werk, is 'n wyse waarmee die navorser enige benadeling kan minimaliseer (Judd, Smith & Kidder in Strydom, 2005c:66). Volgens Salkind (in Strydom, 2005c:66) is die maklikste wyse van ontlooting om proefpersone direk na 'n sessie toe te laat om hulle gevoelens rakende die studie te bespreek of om hulle per brief in te lig van die resultate van die studie. Die navorser is opgelei in ontlooting en het 'n ontlootingssessie met elke vader direk na die onderhoud gehad. Op hierdie wyse kon die navorser bepaal of dit nodig sou wees om 'n vader na 'n maatskaplike werker of sielkundige vir terapeutiese dienste te verwys. Daarmee saam sal elke vader per brief ingelig word rakende die bevindinge van die studie.

1.13. LEEMTES VAN DIE STUDIE

Die volgende leemtes word deur die navorser geïdentifiseer:

- Aangesien die steekproef klein is, kan die navorsingsinligting nie veralgemeen word nie.
- Voorts is die steekproef beperk tot vaders met beheer en toesig van kinders in die middelkinderjare en kan dus ook nie veralgemeen word na vaders met beheer en toesig van kleuters en adolessente nie.
- Die navorser het verskeie pogings aangewend om respondente by toepaslike instansies te identifiseer. Hierdie pogings was egter nie suksesvol nie vanweë die konfidentiële aard van die inligting. Dit het vertraging in die afhandeling van die studie teweeggebring.
- Laastens is daar 'n tekort aan literatuur rakende vaders met beheer en toesig oor hulle kind/ers na egskeiding. Die navorser was dus genoodsaak om literatuur in te sluit wat nie resente is nie. Selfs die resente bronne wat die navorser opgespoor het, verwys na die nie resente bronne.

1.14. DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

Begrippe wat in hierdie studie van belang is, sal vervolgens bespreek word.

1.14.1. Belewens:

Volgens Plug, Louw, Gouws en Meyer (1997:39) is die woord belewenis 'n sinoniem vir ervaring of 'n ervaring van 'n besondere aard wat met heelwat emosie gepaard gaan.

“Belewenis: ‘n belewenis is ‘n gebeurtenis wat ‘n mens (intens) belewe” (Odendal, 2000:56).

Om te beleef is dus om as mens iets te ervaar. Tydens ‘n ervaring is daar ook emosies teenwoordig. Deur middel van verduidelikings kan ‘n persoon aan ander hierdie emosies kommunikeer.

1.14.2. Egskeiding:

“The legal dissolution of a marriage. Each state establishes its own laws determining the criteria (grounds) for dissolution. Adultery, incompatibility, and living apart for specified periods of time are the grounds most commonly accepted. Many marriages are also dissolved through no-fault divorce” (*The Social Work Dictionary*, 1991:65).

“Dissolution of a marriage by a judicial order” (*New Dictionary of Social Work/Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk*, 1995:19).

Egskeiding is dus die wetlike beëindiging van ‘n huwelik deur ‘n hofbesluit. In egskeidingsgevalle waar minderjarige kinders teenwoordig is, moet daar ook besluit word watter ouer beheer en toesig oor die kinders gaan verkry, aangesien egskeiding, skeiding in ouerskap tot gevolg het.

1.14.3. Enkelouergesin:

“Whether headed by a man or a woman (most often a woman), this is called a single-parent family” (Bigner, 1998:45).

“Enkelouer-gesinne verwys na die situasie wat ontstaan wanneer die vader of die moeder nie teenwoordig is nie weens faktore soos egskeiding, verlating of die dood” (Louw, Van Ede & Ferns, 1998:362).

‘n Enkelouer is dus dié ouer wat aan die hoof staan van ‘n gesin waar daar slegs ‘n vader of slegs ‘n moeder is.

1.14.4. Middelkinderjare:

“Die tydperk tussen ongeveer die sesde en twaalfde lewensjare staan algemeen bekend as die middelkinderjare” (Louw, Van Ede & Ferns, 1998:326).

Kinderjare is die tydperk voordat die individu volwasse is. Dit word dikwels ingedeel in vroeë kinderjare (geboorte tot 5 of 6 jaar), middelkinderjare (ongeveer 6 tot 12 jaar) en die laatkinderjare of adolessensie (ongeveer 13 tot 18 of 21 jaar) (Plug *et al.*, 1997:176).

Die middelkinderjare is dus die tydperk tussen die sesde en twaalfde lewensjaar van 'n mens se lewe.

1.14.5. Beheer en toesig:

“A legal determination in divorce cases specifying which parent or other guardian will be in charge of the children. This determination is based on what is considered to be in the best interest of the children. In some circumstances, joint custody, is awarded so that responsibility is shared between both parents. Typically, in joint custody the child lives with each parent for fixed periods” (*The Social Work Dictionary*, 1991:55).

“An award of custody to a parent entrusts to [him or] her all that is meant by the nature and upbringing of the minor children. In this is included all that makes up the ordinary, daily life of the child – shelter, nourishment, and the training of the mind... The child ... passes into the home of the [father or] mother, and there it must find all that is necessary to its growth in mind and body...” (Van Heerden, Cockrell, Keightley, Heaton, Clark, Sinclair & Mosikatsana, 1999:662).

Beheer en toesig kom dus voor waar 'n egpaar skei en daar wetlik bepaal moet word watter een van die ouers die fisiese opvoeding en versorging van die kind/ers sal waarneem. Tydens die toekenning van beheer en toesig speel die beste belange van die kind/ers die grootste rol om te bepaal watter ouer die geskikste is.

1.15. INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG

Hoofstuk 1: Inleidende hoofstuk.

Hoofstuk 2: Literatuurstudie: Beheer en toesig; Effek van egskeiding op die egpaar en die kind in die middelkinderjare; Enkelouerskap soos beleef deur 'n vader wat beheer en toesig verkry het.

Hoofstuk 3: Empiriese studie en literatuurkontrolle.

Hoofstuk 4: Samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings.

HOOFSTUK EEN: ALGEMENE INLEIDING

1.1. INLEIDING

Volgens die jongste beskikbare statistiek het 184 860 egpare in Suid-Afrika in 2006 getrou. In dieselfde jaar is 31 270 huwelike in die skeihof ontbind. Die wit populasiegroep het die hoogste egskedingsyfer (11 079) gevolg deur die swart populasiegroep (9 113), kleurling populasiegroep (3 451) en Indiërs (1 676) (Statistics South Africa, 2007). Uit voorafgenoemde is dit dus duidelik dat 'n beduidende getal egpare en kinders deur egskeding geraak word.

Vaders begin om daarop aan te dring dat mans en vroue gelyke kinderopvoedingsverantwoordelikhede tydens getroude lewe en na egskeding moet hê. Dus dring al hoe meer vaders in egskedingsgedinge daarop aan om in aanmerking geneem te word wanneer daar oor die beheer en toesig van die kind/ers besluit word (Benokraitis, 2002:413). In hierdie studie is daar gefokus op die belewenis van enkelouerskap deur die vader met beheer en toesig oor kinders in die middelkinderjare.

Vervolgens sal die motivering vir die keuse van die onderwerp; die formulering van die probleem; die doel en doelwitte van die studie en die navorsingsvraag vir die studie duidelik uiteengesit word. Die navorsingsbenadering; die soort navorsing; die navorsingsontwerp; die navorsingsprosedure en strategie; die voorondersoek; die omskrywing van die universum, afbakening van die steekproef en wyse van steekproefneming, asook die etiese kwessies wat in ag geneem moet word en die leemtes van die studie sal verder bespreek word. Laastens sal 'n begripsomskrywing van die hoofkonsepte en 'n uiteensetting van die navorsingsverslag aandag geniet.

1.2. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Tydens die navorser se werksaamhede as maatskaplike werker het sy in kontak gekom met 'n vader wat beheer en toesig verkry het oor sy twee kinders na egskeding. Daar het ook heelwat vaders navraag gedoen oor hoe hulle beheer en toesig kan wysig, aangesien hulle van mening was dat die moeder haar nie goed van haar taak as ouer kwyt nie. Voorafgenoemde was vir die navorser 'n ongewone verskynsel, aangesien die moeder gewoonlik dié een is wat beheer en toesig oor die kind/ers verkry na egskeding en ontevrede is oor die vader nie sy ouerlike pligte na wense vervul nie. Voorafgenoemde verskynsel het die volgende vrae by die navorser laat ontstaan: Watter tipe veranderinge het by vaders plaasgevind wat veroorsaak dat hulle beheer en toesig oor hulle kind/ers verlang?

Waarom is vaders van mening dat hulle 'n beter ouer sal wees as die moeder? Hoe sal 'n huishouding funksioneer waar die vader beheer en toesig na egskeiding verkry het?

Die studie is dus grotendeels gemotiveer deur die navorser se eie belangstelling in die verskynsel, asook deur wat besig is om in die praktyk te gebeur. Na die navorser literatuur begin bestudeer het rakende die verskynsel, is daar gevind dat daar min navorsing gedoen is oor die fokuspunt van die navorser se studie. Dus is die studie ook gemotiveer deur 'n kennisleemte rakende die vader se belewenis van enkelouerskap, waar beheer en toesig aan hom toegeken is, na egskeiding (Tutty, Grinnell & Williams, 1997:50; Fouché & De Vos, 2005a:91, 95-96.) Deur hierdie kennisleemte aan te spreek sal die enkelvaders wat beheer en toesig verkry het, maatskaplike werkers, sielkundiges, onderwysers en ander professies wat hierdie vaders van hulp kan/wil wees, by die navorsingsbevindinge baat vind.

1.3. PROBLEEMFORMULERING

Die statistiek rakende egskeidings, soos uiteengesit in die inleiding, dui daarop dat egskeidings 'n hedendaagse realiteit is; 'n realiteit wat nie net egpare raak nie, maar ook hulle kinders. Volgens die jongste beskikbare statistiek is 'n totaal van 30 242 minderjarige kinders in 2006 deur egskeiding geraak (Statistics South Africa, 2007).

Egskeiding is 'n traumatiese en pynvolle gebeurtenis vir almal wat daarby betrokke is, aangesien die betrokke partye se lewens en verhoudinge op 'n sosiale, ekonomiese, psigologiese en selfs wetlike vlak geaffekteer word (Thompson & Rudolph, 2000:441).

Een van die gevolge van egskeiding is skeiding in ouerskap, aangesien die ouers van 'n kind of kinders nie meer bymekaar woon nie. Die een ouer verkry beheer en toesig oor die kind/ers, terwyl die ander ouer se mag en toegang beperk word tot bepaalde tye. Dit is belangrik dat die ouer wat beheer en toesig oor die kind/ers verkry, die hegte en positiefste verhouding met die kind/ers het, want die kwaliteit van die ouer-kind-verhouding moet in ag geneem word (Bigner, 1998:428-429; Benokraitis, 2005:440).

Industrialisasie het die kulturele waarde wat aan vaders toegewys is ten opsigte van hulle kinders se opvoeding, verander. Aangesien vaders hulle huise moes verlaat om in stedelike fabriek te gaan werk, het kinders nie meer hulle vaders gehad om vir hulle 'n voorbeeld te wees nie. Kinders is al hoe meer deur slegs hulle moeders versorg, wat die huislike sfeer totaal en al laat vervroulik het. Hierdie vervrouliking het begin om 'n belangrike rol in egskeidings te speel. Daar is geglo dat kinders hulle moeders tydens hulle "tender years"

nodig het en die gedagte dat vaders beheer en toesig kan verkry, het verdwyn (Knox & Leggett, 2000:198).

Aangesien vaders gedurende die dag die huis moes verlaat om te gaan werk, het hulle belangrikheid vir hulle kinders geleidelik verskuif na die geld wat hulle vir die gesinseenheid genereer. Voorafgenoemde het tot gevolg gehad dat die geloof ontstaan het dat vaders nie werklik belangrik is vir hulle kinders nie. Dit gaan goed met kinders en hulle moeders solank die vader die nodige geld genereer. Dat vaders onnodig is, het dus 'n kulturele tema geword (Knox & Leggett, 2000:198). In die huidige samelewing het omstandighede egter heelwat verander. Al hoe meer moeders en nie net vaders nie, word genoodsaak om die arbeidsmark te betree en met navorsing wat al hoe meer die belangrikheid van die vader in 'n kind se ontwikkeling uitwys, word beheer en toesig nie meer outomaties aan die moeder toegeken nie (Benokraitis, 2002:18, 413).

Ten spyte daarvan dat toekenning van beheer en toesig aan vaders toegeneem het, vind die gemiddelde vader dit nog steeds moeilik om beheer en toesig oor sy kind/ers te verkry. Vaders moet aan die houe en regters bewys dat hulle geskik is en oor die vermoë beskik om beheer en toesig oor hulle kind/ers te verkry (Emmers-Sommer, Rhea, Triplett & O' Neil, 2003:100-101). Die rede/s wat 'n vader aanvoer waarom hy beheer en toesig wil verkry, speel ook 'n rol of hy suksesvol gaan wees of nie. Vaders verskaf die volgende redes vir die verkryging van beheer en toesig: hulle is betrokke by hulle kind/ers se versorging vanaf geboorte en is van mening dat hulle goed daarop voorberei is om die primêre versorger te wees; hulle glo dat hulle die beter ouer is; daar bewyse bestaan dat die moeder onbevoeg is of ernstige probleme het of hulle gewese vrouens wil nie beheer en toesig hê nie (Jaffe, 1997:126; Martin & Colbert, 1997:239).

Ten spyte van die struikelblokke wat vaders moet oorkom as hulle beheer en toesig wil verkry, is daar vaders wat daarin slaag om beheer en toesig van hulle kind/ers te verkry. Dit wil voorkom asof hedendaagse vaders 'n meer gelyke kans staan om beheer en toesig van die kind/ers te verkry, aangesien sowel vaders, as die samelewing, al meer bewus raak van die vader se regte en noodsaaklike rol in 'n kind se ontwikkeling.

Navorsers is al 'n geruime tyd geïnteresseerd in enkelouergesinne. Die meeste studies het egter gehandel oor die afwesige vader en watter effek dié afwesigheid het. In realiteit het genoemde studies dus gehandel oor enkelmoeders en hulle probleme en die effek wat die afwesige vader op 'n kind het. Tot onlangs is enkelouergesinne waar die vader aan die hoof

staan nie by navorsing betrek nie en waar daar wél studies plaasgevind het, was die steekproewe baie klein (Hamner & Turner, 1996:190). Voorafgenoemde verklaar dus die gebrek aan literatuur ten opsigte van vaders se belewenis van enkelouerskap.

Alhoewel die navorser min inligting in die literatuur bekom het oor hoe 'n huishouding funksioneer en hoe vaders en kinders geraak word waar die vader die beheer en toesig verkry het, wil dit blyk asof hierdie vaders en kinders dieselfde omstandighede en probleme ervaar as moeders en kinders in dieselfde posisie (Thompson & Rudolph, 2000:450). Weens die gebrekkige inligting in die literatuur rakende vaders se belewenis van enkelouerskap, word daar met hierdie studie beoog om vas te stel hoe die vader, aan wie beheer en toesig van die kind/ers in die middelkinderjare na egskeiding toegeken is, enkelouerskap beleef.

1.4. DOEL EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Die *New English Usage Dictionary* (1997:17, 571) definieer doel as "...the action of directing something at a target; an aim, an objective; to point, to direct" en 'n doelwit as "...not influenced by personal feelings; purpose, aim." Volgens Fouché en De Vos (2005b:104) is die doel die "droom" wat bereik wil word, terwyl die doelwitte die stappe is wat geneem moet word op grondvlak, binne 'n bepaalde tydperk, om die droom te bereik.

1.4.1. Doel van die studie

Die doel van die studie was om die belewenis van enkelouerskap deur die vader met beheer en toesig oor kinders in die middelkinderjare te ondersoek.

1.4.2. Doelwitte van die studie was:

- Om 'n teoretiese raamwerk ten opsigte van enkelouerskap, beheer en toesig, die kind in die middelkinderjare en die effek van egskeiding op die kind en ouerpaar saam te stel deur middel van literatuurstudie en konsultasie met kundiges.
- Om deur middel van 'n empiriese ondersoek die belewenis van enkelouerskap van die vader met beheer en toesig oor kinders in die middelkinderjare te ondersoek.
- Om aanbevelings en gevolgtrekkings te maak ten opsigte van die vader, met beheer en toesig oor kinders in die middelkinderjare, se belewenis van enkelouerskap.

1.5. NAVORSINGSVRAAG VIR DIE STUDIE

Volgens Neuman (1997:121) verwys 'n navorsingsvraag na die verhouding tussen 'n klein aantal veranderlikes. In kwalitatiewe navorsing word daar begin met 'n navorsingsvraag (Franklin & Jordan, 1997:115). Die navorsingsvraag in hierdie studie is soos volg

geformuleer: Hoe beleef die vader, aan wie beheer en toesig van die kind/ers in die middelkinderjare na egskeiding toegeken is, enkelouerskap?

1.6. NAVORSINGSBENADERING

Die navorsingsbenadering in hierdie studie was kwalitatief van aard. Denzin en Lincoln (1998:3) definieer kwalitatiewe navorsing soos volg: “Qualitative research is multi-method in focus, involving an interpretive, naturalistic approach to its subject matter. This means that qualitative researchers study things in their natural settings, attempting to make sense of, or interpret, phenomena in terms of the meanings people bring to them.” Franklin en Jordan (1997:107) het Robert Emerson se definisie van veldnavorsing aangepas om die volgende definisie van kwalitatiewe navorsing te verskaf: “Qualitative research is the study of people in their natural environments as they go about their daily lives. It tries to understand how people live, how they talk and behave, and what captivates and distresses them... More importantly, it strives to understand the meaning people’s words and behaviors have for them.”

Die kwalitatiewe navorsingsbenadering was die geskikste navorsingsbenadering vir hierdie studie, aangesien beoog is om die geskeide vaders, wat beheer en toesig verkry het oor hulle kind/ers in die middelkinderjare, se leefwêreld te begryp. Voorts is daar ook met die studie beoog om vas te stel hoe hierdie geskeide vaders enkelouerskap beleef en hoe hulle lewens daardeur beïnvloed word.

1.7. SOORT NAVORSING

In hierdie studie het die navorser van toegepaste navorsing gebruik gemaak. Toegepaste navorsing se doel is om spesifieke benaderings- en beleidsprobleme op te los of persone in die praktyk te help om hulle take uit te voer. In toegepaste navorsing word daar dus gefokus op die oplos van probleme in die praktyk (Neuman, 1997:22-23; Tutty *et al.*, 1997:52; Fouché & De Vos, 2005b:105.)

Met hierdie studie is beoog om inligting te bekom oor hoe die vader, aan wie beheer en toesig van die kind/ers in die middelkinderjare toegeken is na egskeiding, enkelouerskap beleef. Een van die doelwitte was om genoemde inligting beskikbaar te stel aan maatskaplike werkers, sodat doeltreffende maatskaplikewerkdienste ten opsigte van hierdie vaders en hulle kinders daargestel kan word en reeds bestaande dienste uitgebrei of verbeter kan word. Die praktiese benutting van die inligting was dus in hierdie studie die uitsluitlike oogmerk.

1.8. NAVORSINGSONTWERP

Mouton (in Fouché & De Vos, 2005c:132) definieer 'n navorsingsontwerp as "...a plan or blueprint of how you intend conducting the research." In kontras met voorafgenoemde definieer Bless en Higson-Smith (in Fouché & De Vos, 2005c:132) 'n navorsingsontwerp as "...a specification of the most adequate operations to be performed in order to test a specific hypothesis under given conditions." In hierdie studie is die meer spesifieke definisie van Fouché en De Vos (2005c:133) vir 'n navorsingsontwerp aangeneem, naamlik dat 'n navorsingsontwerp verwys na "...those groups of small, worked-out formulas from which prospective (quantitatively oriented) researchers can select or develop one (or more) suitable to their specific research goals and objectives."

Denzin en Lincoln (in Fouché, 2005:268), streng voorstanders van die kwalitatiewe skool, verkies om metodologieë, soos etnografie, fenomenologie en die biografiese metode "...strategies of enquiry or tools that can be used to design qualitative research", te noem. Kwalitatiewe navorsers moet hulle eie navorsingsontwerpe ontwikkel soos hulle vorder, deur gebruik te maak van een of meer van die beskikbare strategieë of instrumente as hulpmiddel of riglyn (Fouché, 2005:268). Creswell (in Fouché, 2005:269) identifiseer die volgende vyf strategieë wat aangewend kan word om kwalitatiewe navorsing te ontwerp: biografie, fenomenologie, gegronde teorie, etnografie en gevallestudie.

In hierdie studie is van die fenomenologiese strategie gebruik gemaak. Die doel met die fenomenologiese strategie is om te verstaan en die betekenis wat respondente aan hulle daaglikse lewens gee, te interpreteer. Creswell (in Fouché, 2005:270) beskou 'n fenomenologiese studie as 'n studie wat die betekenis wat 'n belewenis van 'n fenomeen, onderwerp of konsep vir verskillende individue het, beskryf. Die navorser wat hierdie strategie aanwend, herlei die belewenisse na 'n sentrale betekenis of die essensie van die belewenis (Moustakas in Fouché, 2005:270). Die eindproduk van hierdie navorsing is 'n beskrywing van die essensie van die belewenis wat bestudeer word.

Daar is op die fenomenologiese strategie besluit, aangesien dit die navorser in staat sal stel om die geskeide vader, wat beheer en toesig verkry het van sy middellkinderjarige kind/ers, se beleweniswêreld te begryp op grond van die betekenis wat hy daaraan gee.

1.9. NAVORSINGSPROSEDURE

Ses vaders aan wie beheer en toesig van hulle middelkinderjarige kind/ers na egskeiding toegeken is, is deur middel van doelgerigte steekproeftrekking geïdentifiseer. Die navorser het met elk van hierdie vaders 'n semi-gestruktureerde onderhoud gevoer.

'n Onderhoud word deur Mark (1996:241) gedefinieer as "...a face-to-face situation in which an interviewer asks questions of one or more interviewees." Volgens Franklin en Jordan (1997:117) kan onderhoudvoering gedefinieer word "...as a conversation with a purpose." Met semi-gestruktureerde onderhoude het die navorser 'n stel vooraf bepaalde vrae wat bekend staan as 'n onderhoudskedule, benut. Die onderhoud word slegs deur die onderhoudskedule gerig en nie daarvolgens gedikteer nie (Franklin & Jordan, 1997:118; Greeff, 2002:302).

Deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude het die navorser 'n gedetailleerde beeld verkry van die vaders se belewenis van enkelouerskap. Semi-gestruktureerde onderhoude het die navorser in staat gestel om sekere interessante temas wat tydens die onderhoude na vore gekom het, op te volg, terwyl die respondente in staat gestel is om hulle volledige verhaal te vertel. Soos in die geval van hierdie studie waar dit handel oor 'n persoonlike saak, is semi-gestruktureerde onderhoude gepas (Greeff, 2002:302).

Data-analise is volgens De Vos (2005a:333) "...the process of bringing order, structure and meaning to the mass of collected data." Creswell, sowel as Marshall en Rossman (in De Vos, 2005a:334) identifiseer die volgende stappe in die proses van kwalitatiewe data analisering: vaslegging van inligting; insameling van inligting en voorlopige analisering; hantering van inligting; lees en skryf van memos; generering van kategorieë, temas en patrone; kodering van die data; toetsing van opkomende begrip; soeke na alternatiewe verduidelikings en voorstelling en visualisering. Vervolgens gaan elke stap kortliks bespreek word soos dit in hierdie studie gerealiseer het.

1.9.1. Insameling en vaslegging van inligting en voorlopige analisering

Die navorser het 'n onderhoudskedule saamgestel wat bestaan het uit vyf oop vrae (Kyk bylaag 1). Met elk van die ses vaders is 'n semi-gestruktureerde onderhoud gevoer wat deur die vooraf opgestelde onderhoudskedule gerig is. Die semi-gestruktureerde onderhoude is op oudioband vasgelê. Elke band is gemerk met die datum van onderhoud gevoer en die skuilnaam van die vader met wie die onderhoud gevoer is. Van elke semi-gestruktureerde onderhoud is 'n verbatim transkripsie gemaak.

Gedurende die semi-gestruktureerde onderhoud is die vaders versoek om meer uit te brei op wat gesê is, indien die navorser meer duidelikheid verlang het, is spesifieke vrae gevra om ontbrekende inligting te bekom. Na elke onderhoud het die navorser temas wat na vore gekom het, aangeteken. Vaders is gedurende die onderhoud daarop voorberei dat die navorser hulle weer mag kontak om inligting te bevestig of inligting te bekom wat ontbreek.

Die navorser het van triangulasie gebruik gemaak as metodologiese instrument om die studie se geloofwaardigheid te verseker. Stake (in Mark, 1996:220) definieer triangulasie as die "...process of using multiple perceptions to clarify meaning, verifying the repeatability of an observation or interpretation." Triangulasie is 'n metode om 'n konsep of 'n gevolgtrekking waartoe die navorser gekom het deur middel van verskeie bronne te bevestig. Deur deelnemende waarneming en semi-gestruktureerde onderhoude as inligtingsinsamelingsmetodes te gebruik en verskillende teoretiese perspektiewe in die interpretering van die inligting aan te wend, kon triangulasie in hierdie studie plaasvind (Mark, 1996:220; Stake, 1998:96-97; De Vos, 2005b:362).

1.9.2. Hantering van inligting

Vir elke vader is 'n lêer saamgestel waarin inligting gestoor is. Die inligting bestaan uit notas wat handel oor die waarnemings wat die navorser gemaak het tydens die onderhoud, transkripsie van die onderhoud en hoe die inligting bekom teorieë staaf of weerspreek.

1.9.3. Lees en skryf van memos

Die navorser het die transkripsies in diepte bestudeer deur elk 'n paar keer deur te lees om bekend te raak met elke respondent. Soos die navorser die transkripsies bestudeer het, het die navorser aantekeninge gemaak rakende waarnemings wat gemaak is tydens onderhoudvoering. Indien inligting ontbreek het of onduidelik was, is verdere onderhoude gevoer.

1.9.4. Genereer kategorieë, temas en patrone

Tydens hierdie fase het die navorser bepaal watter temas en subtemas geïdentifiseer kon word.

1.9.5. Kodering van data

Die navorser het kodes toegeken aan die kategorieë en temas wat geïdentifiseer is en het hierdie kodes toegeken aan dié gedeeltes in die transkripsies wat die geïdentifiseerde kategorieë en temas gereflekteer het.

1.9.6. Toetsing van begrip

Die geïdentifiseerde kategorieë en temas is deur die navorser geïnterpreteer en verklarings is gegee vir bevindinge deur middel van teorieë, literatuur en insigontwikkeling.

1.9.7. Voorstelling en visualisering

Die navorser het in hierdie fase deur middel van woorde die bevindinge omskryf. 'n Bevinding is byvoorbeeld in woorde gestel en met verbatim aanhalings van die respondente gestaaf. Die maak van hipoteses wat met verdere navorsing ondersoek kan word, het ook tydens hierdie fase plaasgevind.

1.10. VOORONDERSOEK

Bless en Higson-Smith (in Strydom, 2005a:206) verskaf 'n omvattende definisie van die voorondersoek wat soos volg lui, "A small study conducted prior to a larger piece of research to determine whether the methodology, sampling, instruments and analysis are adequate and appropriate."

Alhoewel die navorser haar ondersoek baie deeglik beplan het, was die praktyk onbekend totdat dit betree is. Die voorondersoek kan dus beskou word as die "kleedrepetisie" van die hoofondersoek. Dit is dieselfde as wat die navorser beplan het om te doen, maar op 'n kleiner skaal. Uit voorafgenoemde is dit dus duidelik waarom die voorondersoek 'n standaard praktyk in navorsing is.

1.10.1. Literatuurstudie

'n Literatuurstudie is gedoen deur nasionale en internasionale bronne, soos verkry van die akademiese inligtingsdiens van die Universiteit van Pretoria, vanuit die sielkunde, opvoedkundige sielkunde, sosiologie en maatskaplike werk te bestudeer ten opsigte van vaderskap, enkelouergesinne en die kind in sy/haar middelkinderjare.

1.10.2. Konsultasie met kundiges

'n Telefoniese onderhoud is met Professor Johan Piek gevoer. Professor Piek is 'n kliniese sielkundige wat kinders betrokke by egskeding assesseer en 'n aanbeveling maak ten

opsigte van watter ouer die gewenste is om beheer en toesig te verkry. Volgens Piek (2002) is die ondersoek baie nodig, aangesien daar min navorsing bestaan oor dié verskynsel van die geskeide vader wat beheer en toesig verkry het. Piek (2002) is van mening dat die navorser nie probleme sou ervaar om respondente te bekom om aan die navorsing deel te neem nie. Die navorser is aangeraai om gesinsadvokate, maatakaplike werkers by verskillende welsynsorganisasies en ondersteuningsgroepe vir enkelouers te nader om kandidate vir die studie te bekom. Volgens Piek (2002) maak geskeide vaders aan wie beheer en toesig toegeken is al hoe meer gebruik van die dienste van “Au Pairs” om in die middag in hulle kinders se fisiese en akademiese behoeftes te voorsien.

Die navorser het ook ‘n telefoniese onderhoud met die gesinsadvokaat Gerhard van Zyl gehad. Volgens advokaat Van Zyl (2003) is dit juridies nie meer ‘n rare verskynsel dat beheer en toesig aan die vader toegeken word nie. Binne die juridiese sisteem word mans en vroue in alle opsigte as gelykes beskou en dus het al hoe meer vaders daarop begin aandring om beheer en toesig oor hulle kinders te verkry. Advokaat Van Zyl (2003) is van mening dat vaders meer en meer suksesvol is om ook beheer en toesig te verkry van hulle kinders in die laat-kleuter en middelkinderjare. Daar is ook ‘n toename in die aansoeke van vaders by die hooggeregshof om beheer en toesig te wysig. Volgens advokaat Van Zyl (2003) word daar juridies reeds daarin geslaag om vaders ook as bekwame ouers te beskou. Dit is egter die maatskaplike werkers en die samelewing wat sukkel om voorafgenoemde paradigma skuif te maak.

1.10.3. Uitvoerbaarheid van die ondersoek

Die metodes waarvolgens die inligting ingesamel en geanaliseer is, was tydrowend. Tydens die voorondersoek het die navorser vasgestel of daar ‘n voldoende aantal respondente beskikbaar is om aan die studie deel te neem. Daar is ook bepaal of die navorser al die moontlike etiese aspekte in gedagte gehou het en op die korrekte wyse aangespreek het. Die navorser kon ‘n aanduiding kry van ongeveer hoeveel tyd aan elke respondent afgestaan moet word en daarvolgens ‘n tydrooster opgestel. Tydens die voorondersoek het die navorser ook ‘n aanduiding gekry van die moontlike kostes van die studie.

1.10.4. Toetsing van onderhoudskedule

Een vader, aan wie beheer en toesig van die kinders in die middelkinderjare na egskeiding toegeken is, is geïdentifiseer. ‘n Semi-gestruktureerde onderhoud is met die vader gevoer, waartydens die navorser die geleentheid benut het om onderhoudvaardighede in te oefen en

die onderhoudskedule te toets. Hierdie vader het nie deel uitgemaak van die finale respondentegroep nie.

1.11. OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, AFBAKENING VAN STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFTREKING

Arkava en Lane (in Strydom, 2005b:193) tref onderskeid tussen die terme universum en populasie. Universum, verwys na “...all potential subjects who possess the attributes in which the researcher is interested.” Die term populasie stel grense om die studie- eenhede. Populasie verwys na “...individuals in the universe who possess specific characteristics.” Die universum van die studie sluit alle enkelouergesinne in waar die vader beheer en toesig verkry het van die kind/ers in die middelkinderjare, na egskeiding.

Die navorser het van doelgerigte steekproeftrekking, ‘n tipe nie-waarskynlikheidsseleksie steekproef, gebruik gemaak. In doelgerigte steekproeftrekking word ‘n respondent gekies, aangesien dié sekere kenmerke of prosesse toelig wat van belang is vir ‘n sekere studie. Die navorser het dus krities gedink oor die parameters van die populasie en die steekproef daarvolgens gekies. ‘n Duidelike beskrywing en formulering van die kriteria vir die selektering van respondente was dus van kardinale belang (Mark, 1996:113-114; Franklin & Jordan, 1997:111; Strydom & Delpont, 2005:328-329). Die kriteria waarvolgens ses respondente in die steekproef ingesluit is, kan soos volg uiteengesit word:

- Vaders met beheer en toesig.
- Vaders in enige lewensfase.
- Vaders moet ‘n enkelouer wees.
- Vaders moet ses en meer maande geskei wees.
- Die kind/ers oor wie beheer en toesig verkry is, moet in die middelkinderjare wees.
- Die vaders kan van enige kultuur wees, maar moet Afrikaans of Engels magtig wees.

1.12. ETIESE KWESSIES

Strydom (2005c:67) verskaf die volgende definisie vir die term etiek: “Ethics is a set of moral principals which is suggested by an individual or group, is subsequently widely accepted, and which offers rules and behavioural expectations about the most correct conduct towards experimental subjects and respondents, employers, sponsors, other researchers, assistants and students.”

Etiese riglyne dien ook as standaard en as basis waaraan elke navorser sy/haar optrede behoort te evalueer. Etiese beginsels moet dus deur die navorser geïnternaliseer word, tot

so 'n mate dat die maak van etiese besluite deel van sy/haar lewenstyl word. Die volgende etiese kwessies was van toepassing in hierdie studie:

1.12.1. Voorkoming van benadeling van respondente

In die geesteswetenskappe vind emosionele benadeling eerder plaas as fisiese benadeling. Respondente moet dus van die begin af deeglik ingelig word ten opsigte van die potensiële impak wat die studie op hulle mag hê, sodat hulle die geleentheid het om hulle van die studie te onttrek as hulle dit so verkies (Strydom, 2005c:58). In hierdie studie het fisiese benadeling nie plaasgevind nie. Die navorser het in hierdie studie die respondente daarop gewys dat die onderhoud pynvolle gebeure na die oppervlak mag bring. Met voorafgenoemde in gedagte kon die respondente besluit of hulle hulself beskikbaar wou stel. Respondente is egter daarop gewys dat gesinsadvokate, soos bevestig met advokaat Van Zyl, maatskaplike werkers en sielkundiges beskikbaar is na wie hulle verwys kan word indien hulle terapeutiese dienste benodig.

1.12.2. Ingeligte toestemming

Volgens Williams, Tutty en Grinnell (in Strydom, 2005c:59) behels die verkryging van ingeligte toestemming dat alle moontlike of geskikte inligting rakende die doel van die studie, die prosedures wat in die studie gevolg gaan word, die moontlike voordele, nadele en gevare waaraan die respondente blootgestel mag word, asook die navorser se geloofwaardigheid weergegee word aan die potensiële proefpersone of hulle regsverteenwoordigers. Die klem word geplaas op akkurate en volledige inligting, sodat die proefpersone die studie ten volle kan begryp en dus vrywillig besluit of hulle gaan deelneem of nie.

Die navorser ondersteun Williams *et al.* (in Strydom, 2005c:59) se siening en het dit ook in hierdie studie toegepas. Elke vader is ingelig ten opsigte van die doel van die studie, die prosedures wat gevolg sal word en wat dit behels, asook die moontlike voordele en nadele wat die studie vir hulle mag inhou. Met voorafgenoemde inligting kon die vaders 'n ingeligte besluit neem of hulle wil deelneem aan die studie of nie. Daar is ook aan elke vader verduidelik dat hy homself ter enige tyd van die studie kan onttrek. Laastens is skriftelike toestemming van elke vader bekom vir deelname aan die studie en om die semi-gestruktureerde onderhoud op oudioband vas te lê (Kyk bylaag 1 en 2).

1.12.3. Skending van privaatheid/anonimiteit/konfidensialiteit

Sieber (in Strydom, 2005c:61) definieer privaatheid as "...that which normally is not intended for others to observe or analyze." Singleton, Straits en McAllister (in Strydom, 2005c:61) verduidelik verder dat "...the right to privacy is the individual's right to decide when, where, to whom, and to what extent his or her attitudes, beliefs and behaviour will be revealed." Privaatheid impliseer dus die element van persoonlike privaatheid, terwyl konfidensialiteit dui op die hantering van inligting as konfidensieel. Sieber (in Strydom, 2005c:61) beskou konfidensialiteit as die voortbestaan van privaatheid "...which refers to agreements between persons that limit others' access to private information."

Inligting wat anoniem verskaf word, verseker die privaatheid van 'n proefpersoon (Strydom, 2005c:61). Die vaders is geleentheid gebied om hulle eie skuilname te kies. Die navorser het haarself skriftelik daartoe verbind om hierdie skuilname te alle tye te gebruik om die vaders se anonimiteit, asook konfidensialiteit te verseker. Die inligting wat ingesamel is, is ook op 'n veilige plek buite die bereik van ander persone vir navorsingsdoeleindes bewaar (Tutty *et al.*, 1997:58).

1.12.4. Aksies en bekwaamheid van die navorser

Navorsers is eties verplig om toe te sien dat hulle bekwaam is en oor die nodige vaardighede beskik om die voorgestelde studie uit te voer (Strydom, 2005c:63). Om aan voorafgenoemde vereiste te kon voldoen, het die navorser opleiding ontvang in die nodige teorie rakende navorsing. Voorts is daar ook 'n studieleier aangestel, met wie die navorser op 'n gereelde basis ontmoet het, sodat dié kon toesien dat die studie korrek uitgevoer is. As maatskaplike werker werk die navorser ook te alle tye onder die etiese kode wat deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe daargestel is. Die navorser het ook onderneem om te alle tye professioneel op te tree. Objektiviteit en die toepassing van selfbeheersing om nie waarde-oordele te maak nie is verder deel van 'n bekwame navorser (Strydom, 2005c:63). Die navorser het met behulp van haar studieleier gereeld seker gemaak dat sy objektief is en nie haar waardes op die respondente en die inligting oordra nie.

1.12.5. Vrystelling of bekendmaking van die bevindinge

Die bevindinge van die studie moet bekend gemaak word aan die publiek in 'n skriftelike vorm om beskou te word as wetenskaplike navorsing. Sodoende word verseker dat die bevindinge tot beskikking is van diegene wat in die navorsingsonderwerp belangstel, asook ander navorsers (Strydom, 2005c:65). Volgens Strydom (2005c:65) moet die finale

geskrewe verslag akkuraat, objektief, duidelik en ondubbelsinnig wees en al die essensiële inligting bevat. Die saamstel van 'n mini-verhandeling en 'n manuskrip vir moontlike publikasie is 'n vereiste vir die navorser om haar Meestersgraad in Speltherapie te verwerf.

1.12.6. Herstel van respondente

Ontlontingsessies, waar die proefpersone die geleentheid gegee word, na afhandeling van die studie, om hulle ervarings en die uitwerking van die studie op hulle met hulle deur te werk, is 'n wyse waarmee die navorser enige benadeling kan minimaliseer (Judd, Smith & Kidder in Strydom, 2005c:66). Volgens Salkind (in Strydom, 2005c:66) is die maklikste wyse van ontlooting om proefpersone direk na 'n sessie toe te laat om hulle gevoelens rakende die studie te bespreek of om hulle per brief in te lig van die resultate van die studie. Die navorser is opgelei in ontlooting en het 'n ontlootingssessie met elke vader direk na die onderhoud gehad. Op hierdie wyse kon die navorser bepaal of dit nodig sou wees om 'n vader na 'n maatskaplike werker of sielkundige vir terapeutiese dienste te verwys. Daarmee saam sal elke vader per brief ingelig word rakende die bevindinge van die studie.

1.13. LEEMTES VAN DIE STUDIE

Die volgende leemtes word deur die navorser geïdentifiseer:

- Aangesien die steekproef klein is, kan die navorsingsinligting nie veralgemeen word nie.
- Voorts is die steekproef beperk tot vaders met beheer en toesig van kinders in die middelkinderjare en kan dus ook nie veralgemeen word na vaders met beheer en toesig van kleuters en adolessente nie.
- Die navorser het verskeie pogings aangewend om respondente by toepaslike instansies te identifiseer. Hierdie pogings was egter nie suksesvol nie vanweë die konfidentiële aard van die inligting. Dit het vertraging in die afhandeling van die studie teweeggebring.
- Laastens is daar 'n tekort aan literatuur rakende vaders met beheer en toesig oor hulle kind/ers na egskeiding. Die navorser was dus genoodsaak om literatuur in te sluit wat nie resente is nie. Selfs die resente bronne wat die navorser opgespoor het, verwys na die nie resente bronne.

1.14. DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

Begrippe wat in hierdie studie van belang is, sal vervolgens bespreek word.

1.14.1. Belewenis:

Volgens Plug, Louw, Gouws en Meyer (1997:39) is die woord belewenis 'n sinoniem vir ervaring of 'n ervaring van 'n besondere aard wat met heelwat emosie gepaard gaan.

“Belewenis: ‘n belewenis is ‘n gebeurtenis wat ‘n mens (intens) belewe” (Odendal, 2000:56).

Om te beleef is dus om as mens iets te ervaar. Tydens ‘n ervaring is daar ook emosies teenwoordig. Deur middel van verduidelikings kan ‘n persoon aan ander hierdie emosies kommunikeer.

1.14.2. Egskeiding:

“The legal dissolution of a marriage. Each state establishes its own laws determining the criteria (grounds) for dissolution. Adultery, incompatibility, and living apart for specified periods of time are the grounds most commonly accepted. Many marriages are also dissolved through no-fault divorce” (*The Social Work Dictionary*, 1991:65).

“Dissolution of a marriage by a judicial order” (*New Dictionary of Social Work/Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk*, 1995:19).

Egskeiding is dus die wetlike beëindiging van ‘n huwelik deur ‘n hofbesluit. In egskeidingsgevalle waar minderjarige kinders teenwoordig is, moet daar ook besluit word watter ouer beheer en toesig oor die kinders gaan verkry, aangesien egskeiding, skeiding in ouerskap tot gevolg het.

1.14.3. Enkelouergesin:

“Whether headed by a man or a woman (most often a woman), this is called a single-parent family” (Bigner, 1998:45).

“Enkelouer-gesinne verwys na die situasie wat ontstaan wanneer die vader of die moeder nie teenwoordig is nie weens faktore soos egskeiding, verlating of die dood” (Louw, Van Ede & Ferns, 1998:362).

‘n Enkelouer is dus dié ouer wat aan die hoof staan van ‘n gesin waar daar slegs ‘n vader of slegs ‘n moeder is.

1.14.4. Middelkinderjare:

“Die tydperk tussen ongeveer die sesde en twaalfde lewensjare staan algemeen bekend as die middelkinderjare” (Louw, Van Ede & Ferns, 1998:326).

Kinderjare is die tydperk voordat die individu volwasse is. Dit word dikwels ingedeel in vroeë kinderjare (geboorte tot 5 of 6 jaar), middelkinderjare (ongeveer 6 tot 12 jaar) en die laatkinderjare of adolessensie (ongeveer 13 tot 18 of 21 jaar) (Plug *et al.*, 1997:176).

Die middelkinderjare is dus die tydperk tussen die sesde en twaalfde lewensjaar van 'n mens se lewe.

1.14.5. Beheer en toesig:

“A legal determination in divorce cases specifying which parent or other guardian will be in charge of the children. This determination is based on what is considered to be in the best interest of the children. In some circumstances, joint custody, is awarded so that responsibility is shared between both parents. Typically, in joint custody the child lives with each parent for fixed periods” (*The Social Work Dictionary*, 1991:55).

“An award of custody to a parent entrusts to [him or] her all that is meant by the nature and upbringing of the minor children. In this is included all that makes up the ordinary, daily life of the child – shelter, nourishment, and the training of the mind... The child ... passes into the home of the [father or] mother, and there it must find all that is necessary to its growth in mind and body...” (Van Heerden, Cockrell, Keightley, Heaton, Clark, Sinclair & Mosikatsana, 1999:662).

Beheer en toesig kom dus voor waar 'n egpaar skei en daar wetlik bepaal moet word watter een van die ouers die fisiese opvoeding en versorging van die kind/ers sal waarneem. Tydens die toekenning van beheer en toesig speel die beste belange van die kind/ers die grootste rol om te bepaal watter ouer die geskikste is.

1.15. INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG

Hoofstuk 1: Inleidende hoofstuk.

Hoofstuk 2: Literatuurstudie: Beheer en toesig; Effek van egskeiding op die egpaar en die kind in die middelkinderjare; Enkelouerskap soos beleef deur 'n vader wat beheer en toesig verkry het.

Hoofstuk 3: Empiriese studie en literatuurkontrolle.

Hoofstuk 4: Samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings.

HOOFSTUK DRIE: DIE EMPIRIESE STUDIE

3.1. INLEIDING

In die vorige hoofstuk is gefokus op bestaande literatuur rakende die vader, met beheer en toesig oor die kind in die middelkinderjare, se belewenis van enkelouerskap. Die doel van die bestudering van die literatuur was om bekend te raak met die navorsingsonderwerp en om bestaande inligting in te win. Om voorafgenoemde te bewerkstellig is gefokus op bestaande literatuur rakende ouerlike gesag, egskeding, die effek van egskeding op die egpaar en die kind in die middelkinderjare, die rol en taak van 'n vader en die vader met beheer en toesig se belewenis van enkelouerskap.

Hierdie hoofstuk fokus op die empiriese studie wat voltooi is om die doel en doelwitte van die studie te bereik, soos uiteengesit in hoofstuk een. Die doel van die studie was om vas te stel hoe die vader, aan wie beheer en toesig van die kind/ers in die middelkinderjare na egskeding toegeken is, enkelouerskap beleef.

3.2. NAVORSINGSMETODOLOGIE

3.2.1. Navorsingsbenadering

Die navorser het van die kwalitatiewe navorsingsbenadering in haar studie gebruik gemaak. Franklin en Jordan (1997:107) het Robert Emerson se definisie van veldnavorsing aangepas om die volgende definisie van kwalitatiewe navorsing te verskaf: "Qualitative research is the study of people in their natural environment as they go about their daily lives. It tries to understand how people live, how they talk and behave, and what captivates and distresses them... More importantly, it strives to understand the meaning people's words and behaviors have for them." Met behulp van die kwalitatiewe navorsingsbenadering is die navorser in staat gestel om 'n beter begrip te verkry van die geskeide vader, wat beheer en toesig verkry het oor sy kind/ers in die middelkinderjare, se leefwêreld. Die navorser is voorts in staat gestel om vas te stel hoe dié vaders enkelouerskap beleef en hoe hulle lewens deur die enkelouerskap beïnvloed is.

3.2.2. Soort navorsing en navorsingsontwerp

Die navorser het van toegepaste navorsing gebruik gemaak, aangesien die praktiese benutting van die inligting soos verkry vanuit die studie die uitsluitlike oogmerk is. Aangesien van die kwalitatiewe benadering gebruik gemaak is, is op die fenomenologiese strategie besluit as navorsingsontwerp. Die doel met die fenomenologiese strategie is om te verstaan en die betekenis wat respondente aan hulle daaglikse lewens gee, te identifiseer. Die navorser is dus in staat gestel om die geskeide vader, wat beheer en toesig verkry het van

sy middelkinderjarige kind/ers, se beleweniswêreld te begryp op grond van die betekenis wat hy daaraan gee.

3.2.3. Data insamelingstegniek: Semi-gestruktureerde onderhoud

‘n Semi-gestruktureerde onderhoud, gerig deur ‘n onderhoudskedule, is met elk van die vaders gevoer om die nodige inligting te bekom. Die navorser het van triangulasie gebruik gemaak as metodologiese instrument om die studie se geloofwaardigheid te verseker. Triangulasie is ‘n metode om ‘n konsep of ‘n gevolgtrekking waartoe die navorser gekom het deur middel van verskeie bronne te bevestig.

3.2.4. Metode van data-analise

Data-analise is volgens De Vos (2005a:333) “...the process of bringing order, structure and meaning to the mass of collected data.” In die samestelling van hierdie hoofstuk het die navorser elke respondent se getranskribeerde semi-gestruktureerde onderhoud in diepte bestudeer om sodoende gemeenskaplike temas en sub-temas te identifiseer. Elk van die geïdentifiseerde temas en subtemas is deur die navorser geïnterpreteer en verklarings is gegee vir bevindinge na aanleiding van die literatuurstudie en insigontwikkeling, gebaseer op die navorser se eie kennis.

3.2.5. Wyse van steekproeftrekking

Met behulp van doelgerigte steekproeftrekking is ses respondente geselekteer op grond van bepaalde kriteria daargestel deur die navorser. Die volgende kriteria is aangewend om die respondente in die steekproef in te sluit: vaders met beheer en toesig; vaders in enige lewensfase; vaders wat ‘n enkelouer is; vaders wat ses en meer maande geskei is; die kind/ers oor wie beheer en toesig verkry is, is in hulle middelkinderjare; die vaders kan van enige kultuur wees, maar is Afrikaans of Engels magtig.

3.3. BEVINDINGE EN INTERPRETASIE

Vervolgens ‘n kort agtergrondsbeskrywing van die vaders waarmee onderhoude gevoer is. Die vaders word bespreek in die volgorde waarin die navorser met hulle onderhoude gevoer het. Die onderhoude is gevoer vanaf 2 Augustus 2006 tot 15 Julie 2007.

Respondent A: Die respondent se gewese eggenote het aanvanklik beheer en toesig verkry van hulle drie seuns. Die seuns het vir ‘n jaar by hulle moeder gewoon. Aangesien die respondent se gewese eggenote nie werksaam was nie, was die onderhoud wat hy betaal het nie voldoende vir haar om die kinders finansiëel te onderhou nie. Die respondent se

gewese eggenote het weens haar finansiële omstandighede die beheer en toesig na hom gewysig. Die seuns was onderskeidelik 5, 8 en 12 jaar ten tye van die onderhoud. Daar is slegs op die respondent en sy twee seuns van 8 en 12 jaar gefokus.

Respondent B: Die respondent is vier en 'n half jaar geskei. Hy het beheer en toesig verkry van sy aangenome seun van 10 jaar en sy dogter van 5 jaar. Toesig en beheer is onmiddelik na egskeiding aan hom toegestaan. Tydens die onderhoud is slegs op die respondent en sy seun van 10 jaar gefokus.

Respondent C: Die respondent is vier jaar geskei. Beheer en toesig van sy twee seuns, ouderdomme vier en een jaar onderskeidelik ten tye van die egskeiding, is onmiddelik na egskeiding aan hom toegeken. Ten tye van die onderhoud was die fokus op die respondent en sy oudste seun van 8 jaar.

Respondent D: Die respondent is ongeveer drie jaar geskei. Beide seuns het by die moeder gewoon tot en met die beheer en toesig saak afgehandel is (die saak het ongeveer 'n jaar geduur). Die respondent het beheer en toesig verkry oor beide seuns wat onderskeidelik 12 en 10 jaar oud was ten tye van die onderhoud.

Respondent E: Die respondent se gewese vrou het hom meer as twee jaar gelede verlaat. Hulle is amptelik 'n jaar geskei. Hul dogtertjie het vir die eerste drie maande by haar ma gewoon voor sy amptelik by die respondent gaan woon het. Die dogtertjie was 7 jaar ten tye van die onderhoud.

Respondent F: Die respondent is vyf en 'n half jaar geskei. Ten tye van die egskeiding was sy dogter 7 jaar oud en sy seun een en 'n half jaar. Die respondent het onmiddelik beheer en toesig verkry van sy dogter. Volgens die skikkingsooreenkoms kon sy seun eers vanaf die ouderdom van vyf jaar by hom geplaas word. Na die egskeiding het sy gewese vrou hulle seun vir langer tydperke in sy sorg gelaat. Ten tye van die onderhoud was sy dogter 12 jaar oud en sy seun was amper 7 jaar oud.

Die name van persone na wie die respondente verwys, word in die teks met die eerste letter waarmee die naam begin, aangedui.

Die navorser het die geïdentifiseerde temas en subtemas verkry vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude. Dit word soos volg skematies voorgestel:

Tema een: Finansiële omstandighede	Subtemas: 1. Bron van inkomste 2. Onderhoud 3. Werksomstandighede
Tema twee: Rolspanning	Subtemas: 1. Hantering van rolspanning 2. Hulpbronne rakende huishoudelike take 3. Kinderversorgingshulpbronne
Tema drie: Ouer-kind verhouding	Subtemas: 1. Betrokkenheid by die kind/ers 2. Dissiplinerings 3. Ontspanning 4. Geslag van die kind/ers 5. Die moeder se kontak met die kind/ers
Tema vier: Lewenstylontwrigting	Subtemas: 1. Eie sosiale lewe 2. Houding t.o.v. toekomstige verhoudings
Tema vyf: Positiewe en negatiewe aspekte van enkelouerskap	Subtemas: 1. Positiewe aspekte van enkelouerskap 2. Negatiewe aspekte van enkelouerskap
Tema ses: Ondersteuningsisteme	Subtemas: 1. Hulpsoekpatrone 2. Informele hulpbronne 3. Formele hulpbronne 4. Literatuur bestudeer

Figuur 1: Temas en subtemas soos geïdentifiseer vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude

3.3.1. TEMA EEN: FINANSIËLE OMSTANDIGHEDE

Hierdie tema fokus op die respondente se finansiële omstandighede. Die aard van die respondente se bron van inkomste word uitgelig en hoe dit hulle finansiële situasie bepaal. Voorts word die vraag of hierdie vaders onderhoud ontvang van hulle vorige gades beantwoord. Laastens is die wyse waarop enkelouerskap hulle werksomstandighede beïnvloed, saam met die respondente geëksploreer.

3.3.1.1. SUBTEMA: BRON VAN INKOMSTE

Die enkelvaders genereer op die volgende wyses 'n finansiële inkomste:

“Want ek’s nou maar ‘n polisieman...” (A)

“...’n paar jaar terug toe ek die besigheid begin het....” (B)

“...ek het ook ‘n groot besigheid...” (C)

“Jy sien en dit is lekker as jy vir jouself werk... Hier’s dit nie so erg nie, maar die ander plek wat ek het, jis, dit is rof.” (D)

“...ek het sestien mense wat vir my werk. ...ek bestuur drie besighede op die oomblik.” (E)

“...gelukkig toe kry ek nou hierdie werk in W. ...die maatskappy bou paaie.” (F)

Vanuit voorafgenoemde inligting kan waargeneem word dat slegs twee van die respondente nie hul eie besighede bedryf nie. Respondent A is in diens van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en respondent F is werksaam by ‘n maatskappy. Die vier ander respondente B, C, D en E bedryf eie besighede. Dit wil dus vir die navorser voorkom asof die respondente se inkomstes binne die gemiddelde tot hoë inkomste groepe val. Hierdie aanname is tydens die onderhoude bevestig.

Volgens verskeie outeurs verdien enkelouervaders in die algemeen ‘n hoër inkomste as enkelouermoeders, weens die vaders se hoër vlak van opleiding en meer jare werksondervinding wat hulle weer in staat stel om poste te bekom met ‘n hoër inkomste (Hamner & Turner, 1996:197; Jaffe, 1997:126; Martin & Colbert, 1997:239; Bigner, 1998:416; Amato, 2000b:160; Benghiat, 2007:20). Die navorser kan bogenoemde bevestig, aangesien al ses die respondente reeds voor en ten tye van die egskeiding ‘n beroep bekleë het en dus ‘n eie finansiële inkomste genereer. Eie waarnemings tydens die voer van die onderhoude, asook opmerkings wat van die respondente gemaak het, dui daarop dat die respondente finansiëel in gunstige posisies is.

Respondent A het byvoorbeeld weens finansiële redes die beheer en toesig van sy kinders by sy gewese vrou oorgeneem.

“...maar sy’s nie finansiëel sterk genoeg om dit te doen. Ek meen nie eers al betaal ek twee duisend rand of twee en ‘n half duisend rand onderhoud gaan sy sterk genoeg wees nie.” (A)

“...ek dink iets wat ek as ‘n enkelouer in die begin ‘n groot fout gemaak het, was om die kinders te bederf; was om vir hulle te ‘spoil’ en as hulle iets nodig het, dink hulle moet dit hê...” (B)

“Jy weet jy sal my kinders ook sien, hulle het baie speelgoed en hulle het al die nodige goed wat hulle moet hê, maar ek gaan hulle nie bederf nie... My lewe gaan op die oomblik vir my oor die kinders. Dit gaan soos byvoorbeeld, ek het ‘n mooi sportskar of wat gehad, ek het hom verkoop, want dis nie meer prakties, jy weet. Ek het nou soos die Land Cruiser, wat ek die kinders met al hulle goed, en hulle is veilig, dis al daai tipe van goed wat ‘n mens moet na kyk.” (C)

“So, al wat dit gekos het, is in die begin, ek moes harder werk om te kom by ‘n punt om finansiëel te kan bekostig dat ek by M kan wees heeltyd of alles vir M kan doen wat ek nou moet doen.” (E)

Hill en Hilton (1999:95) is voorts van mening dat enkelouervaders na egskeiding ook in ‘n beter posisie as enkelouermoeders is om dieselfde lewensstandaard as voor die egskeiding te handhaaf, aangesien hulle aanbly in hulle werk en met hulle loopbaan voortgaan. Die navorser het egter gevind dat voorafgenoemde nie die geval was vir respondente E en F nie. Ten tye van die onderhoud het respondent E alreeds daarin geslaag om sy finansiële situasie te herstel. Respondent F is egter nog in die proses om sy finansies te stabiliseer, aangesien hy nog baie skuld het waaraan hy afbetaal.

Respondent E is byna insolvent verklaar toe hy baie geld verloor het met sy besigheid.

“...ek was oppad om alles te verloor... ...toe het ek nou self begin werk en dit het finansiëel met my en L baie goed gegaan, baie, baie, baie goed. Toe het ek hierdie besigheid wat ek nou het begin, toe het die ou, ek het een en ‘n half miljoen rand verloor. Ek het, ek was teen die grond, ek het, ek was insolvent verklaar. Hulle was al besig met papierwerk. So ek het myself daar uitgewerk, niemand anderste nie...” (E)

In respondent F se geval het hy sy werk ‘n paar maande na die egskeiding verloor en hy was genoodsaak om by sy ouers te gaan woon. Hy het egter daarin geslaag om ‘n vaste werk te bekom en is geleidelik besig om sy skuld te delg en weer finansiëel ten volle te hertel.

“...ek het ‘n skeidingspakket gekry, ek is ‘retrench’ by E in die einde 2002. Ek is in die begin 2002 geskei en November maand is my, my posisie so half ‘redundant’ gemaak en ek het vreeslik gesukkel om weer werk te kry. Dis een van die redes hoekom ek by

my ouers ingetrek het met die kinders, dis moeilik ek het hier en daar ietsie gedoen en so aan, weet maar ek kon nie regtig weer, dis moeilik, die klimaat in die land is anders. ...Op hierdie stadium sukkel ek nog om my finansies bietjie te stabiliseer en ek het 'n klomp, klomp skuld nog en so aan, wat ek besig is om af te werk. Dit was drie jaar wat ek effektiewelik sonder werk gesit het, dis lank, dis baie lank. Dit maak ou seer.” (F)

Vanuit die navorsingsinligting is dit duidelik dat die respondente in staat is om in die finansiële behoeftes van hulle kinders te voorsien. Daar bestaan egter aansienlike verskille tussen die respondente se inkomstes. Dit wil vir die navorser voorkom asof die vier respondente met eie besighede 'n hoër inkomste per maand genereer as die twee respondente wat maandeliks 'n vaste salaris verdien.

3.3.1.2. SUBTEMA: ONDERHOUD

Volgens Hamner en Turner (1996:198) is dit ongewoon, maar daar is sommige vroue wat aan hulle mans, wat beheer en toesig verkry het, onderhoud betaal. Die vroue wat onderhoud betaal is gewoonlik vroue wat (1) 'n hoër as die gemiddelde salaris verdien, (2) na die egskeiding betrokke bly by hulle kind/ers, (3) nie by hulle kind/ers woon nie en (4) nie finansies as redes gee waarom hulle nie beheer en toesig wil hê nie.

Die navorser het gevind dat nie een van die ses respondente onderhoud van hulle gewese eggenotes ontvang nie. Die rede vir voorafgenoemde is uniek tot elke respondent se omstandighede.

“...maar sy's nie finansiëel sterk genoeg om dit te doen nie.” (A)

“Ek is in die gelukkige posisie wat ek glad nie van onderhoud afhanklik is nie, so dit maak nie rerig vir my saak nie.” (B)

“...sy moet onderhoud betaal. Dit gaan nie vir my oor die, daai honderd, wat honderd en dertig rand onderhoud 'n kind, dit gaan nie vir my oor die geld nie, dit gaan vir my, dis haar verantwoordelikheid. Al is dit nou, jy weet, nou sê vyf honderd of ses honderd rand in totaal, maar dan wil sy dit ook nie eers betaal nie... Weet dis geld wat die kind toekom, ek kan nie die kind se regte wegvat nie.” (C)

“Ekke soek niks onderhoud van hulle af nie. Ek het net gesê al wat sy hoef te doen, is sy moet hulle 'treat' en sy moet hulle, sê vir hulle klere koop, ek wil niks, niks, niks geld hê nie.” (D)

“...toe M daai drie maande by haar ma gebly het, het sy my amper insolvent gehad, want dis geld vir dit, geld vir dat, geld, geld. Nou bly M by my en nou kan ek, nou gaan dit, ek meen sy dra niks by nie, nie een sent nie.” (E)

“Glad niks. Wil nie hê nie. Gee nie om oor die geld nie. Geld is nie belangrik nie.” (F)

In die gevalle van respondent C, E en F maak hulle gewese eggenotes geen of die minimale kontak met die kinders. Dit wil vir die navorser voorkom asof die gewese eggenotes se gebrek aan kontak met die kinders ‘n verdere rede mag wees waarom hierdie vaders nie onderhoud ontvang nie. Voorafgenoemde sluit aan by Hamner en Turner (1996:198) se motivering van wanneer vroue wel onderhoud betaal, naamlik wanneer hulle na die egskeiding betrokke bly by hulle kind/ers.

Na aanleiding van die navorsingsinligting wil dit vir die navorser voorkom asof die respondente se motivering om beheer en toesig oor hulle kinders te verkry, nie afgehang het van die ontvangs van onderhoud nie. Greif (1995:225) is van mening dat die persepsie bestaan dat dit reeds vir ‘n vader ‘n prestasie is om beheer en toesig te verkry en dat die toekenning van onderhoud nie ook verwag moet word nie. Vaders tree dienooreenkomstig op en doen ook nie vir onderhoud aansoek nie, alhoewel dit hulle reg is. Volgens die navorser mag die vier respondente wat nie onderhoud verlang nie se trots hulle daarvan weerhou om op hulle wetlike reg rakende die ontvang van onderhoud, te staan. Die navorser het begrip vir respondent C se mening dat alhoewel hy nie finansiële afhanklik is van onderhoud nie, is dit ‘n verantwoordelikheid wat die moeder het teenoor haar kind/ers om onderhoud te betaal.

3.3.1.3. SUBTEMA: WERKSOMSTANDIGHED

‘n Vader sal vind dat wanneer hy ‘n enkelouer word, hy ‘n meer buigsame werkskediule benodig. Hill en Hilton (1999:95) het gevind dat werkgewers nie so sensitief teenoor enkelvaders is as teenoor enkelmoeders nie. Dit is meer bekend aan werkgewers dat moeders vroeër die werk verlaat, laat arriveer of van die werk wegbly weens verantwoordelikhede rakende die kind/ers as in vergelyking met enkelvaders.

Voorafgenoemde was wel die geval gewees vir respondent A. Aangesien hy in diens staan van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en ‘n funksionele lid is, het hy skofte gewerk. Na die verkryging van beheer en toesig, was hy genoodsaak om aansoek te doen vir ‘n pos waar hy kantoorure kon werk. Ten spyte van ‘n verduideliking van sy veranderde

gesinsomstandighede het hy so te sê op bedank gestaan voor hy toegelaat is om kantoorure te werk.

“...soos in my situasie wat ek gehad het, op die ou einde van die dag het hulle my so laat werk en sulke ure laat werk, ek meen ek moes naderhand ‘babysitters’ reël, want ek kon nie elke aand my pa of die eks gevra het of wat ook al nie. Ek meen dan kon ek net sowel gesê het hoor hierso eks vat die kinders terug... Wat nou gebeur is, dis hoekom ek ‘n geveg aangesit het, dit het naderhand nie meer gegaan oor jy, dit het vir my later gevoel hoor hierso hierdie ouens wil my ‘grain’. So, nou’t ek ‘n geveg opgesit, maar op die ou einde van die dag as ek nou so ‘once in a while’ moet gaan werk of so, hulle verstaan dit. Ek sê vir hulle reguit luister hierso hierdie naweek is ek saam met my kinders, julle weet my situasie, julle weet die probleem wat agter was, maar hierdie naweek is my kinders by my, so jammer ek kan nie werk nie. Volgende naweek as hulle my weer vra om te werk dan sê ek ‘yes’ man ek werk somer Vrydag en Saterdag... Dit het gegaan daarvoor wat help dit my ek het toesig en beheer oor my kinders, maar hulle moet oralster rond wees as gevolg van die werk. So, ek het vir hulle ‘n ‘fight’ opgesit.” (A)

Martin en Colbert (1997:239) is van mening dat enkelvaders weens die bykomende pligte van ouerskap ‘n vertraging ondervind in bevordering in hulle werk en nie hulle volle inkomtepotensiaal mag bereik nie. Voorts is hulle ook van mening dat enkelvaders mag vind dat hulle nie voordeel kan trek uit geleenthede om oortyd te werk nie of dat hulle ‘n welverdiende bevordering van die hand moet wys as dit te veel van hulle tyd in beslag sal neem. Voorafgenoemde is egter nie die geval vir een van die ses respondente nie, aangesien nie een van die respondente laat blyk het dat hulle enkelouerskap inmeng met hulle beroepsgeleenthede nie.

In die geval van respondent E is hy in die proses om sy besigheid uit te brei en daarmee saam ook sy inkomstepotensiaal. Volgens respondent E is sy dogtertjie sy grootste motivering om ‘n sukses van sy besighede te maak.

“...ek werk nou so hard vir haar. Ja dis lekker om goed ook vir jouself te doen en te kan koop, maar sy moet eendag iets hê. So, ek werk nou om iets op te bou vir haar.” (E)

In teenstelling met Martin en Colbert (1997:239) se mening dat enkelvaders mag vind dat hulle nie voordeel kan trek uit geleenthede om oortyd te werk nie, het respondente B, C en F

genoem dat hulle in die aande na hulle kinders gaan slaap het, verder werk wanneer hulle werkslading dit vereis.

“Baie keer as hulle gaan slaap in die aand, dan moet ek nog gou ‘n paar goedjies doen.” (B)

“...weet dan wag ek tot hulle slaap dan gaan doen ek nou miskien boekwerk.” (C)

Aangesien respondent F in Germiston werk, spandeer hy heelwat van sy tyd om werk toe en terug huis toe te ry. Hy maak egter ‘n punt daarvan om seker te maak dat hy in die aande tuis is om na die kinders om te sien. Indien dit nodig is, neem hy werk huis toe, aangesien hy by die werk en tuis so ingerig is dat hy van die huis af, verder kan werk.

“My filisofie was nog altyd gewees sover as wat dit moontlik is, bring ek werk eerder huis toe en dan wanneer hulle gaan slaap dan sal ek nou die goed sit en klaarmaak. My infrastruktuur by die werk is ook so opgestel dat ek kan van hier af op die netwerk kom, ek kan al my lêers daarso sien... As dit nodig is kan ek van die huis af werk. So, dit werk nogal lekker.” (F)

Wanneer die respondente se werksverpligtinge hulle egter noodsaak om weg van die huis te wees of van hulle normale werksure af te wyk, sien hulle toe dat hulle die nodige versorging vir hulle kinders reël.

“En my werk, jy weet, ons werk oor die hele land en ek, oraait ek het nou mense wat vir my werk, maar soos Donderdag, ek is vyfuur die oggend hier weg. Ek moet reël dat my drywer A skool toe vat en elfuur Donderdag nag is ek terug. Ek het driehonderd duisend kubieke meter plofstof gaan skiet op ‘n plek. My ouens doen dit, maar ek moet daar wees om seker te maak.” (C)

“Wel, ek probeer, ek vat haar saam. Die een vriend van my bly in Randfontein en hy’t ook twee kinders wat M se ouderdom is, so as ek moet gaan oorslaap gaan ek soontoe. So, as ek dan moet ry dan het sy maatjies en goed by haar... As ek dan êrens heen moet gaan dan, sy hou baie van B. Dan vra ek vir haar, hoor hier ek moet ry, gaan jy saam met my of gaan jy bly. Dan sal sy sê nee sy wil speel...” (E)

“Ek moes nou vir, weet as ek by die werk moet weggaan, moet ek seker maak ek hou dit so kort as moontlik en weet daarso is baie goed wat ‘n ou voor die tyd moet reël en so aan, om seker te maak die kinders is gelukkig en hulle het ‘n plek om te bly. Ek is

in 'n gelukkige situasie, dis makliker om dit nou te doen, maar ja, weet 'n ou wil ook nie te lank van die huis af wegbly nie...' (F)

Vanuit die empiriese data het dit na vore gekom dat organisasies verskil in hulle buigsaamheid rakende hulle begrip vir die omstandighede van enkelouervaders. Respondent A moes byvoorbeeld dreig met bedanking voor hy tegemoet gekom is, terwyl respondent F toegelaat word om van die huis af te werk wanneer nodig. Die navorser is van mening dat die vier respondente met eie besighede 'n meer buigsame werkskedule het as dié twee respondente wat vir instellings werk. Alhoewel die respondente met eie besighede hulle daaglikse werksaamhede goed moet beplan, is dit vir hulle byvoorbeeld makliker om hulle kinders se na-skoolse aktiwiteite by te woon.

3.3.2. TEMA TWEE: ROLSPANNING

Die term rolspanning in sy algemene betekenis kan soos volg gedefinieer word: om dit moeilik te vind om aan rolle se vereistes te voldoen. Rolhantering word gedefinieer as die hanteringsrespons wat geassosieer word met waarneembare rolspanning. 'n Man of vrou mag rolspanning beleef wanneer hulle 'n enkelouer word (Hilton & Desrochers, 2000:59). Vaders met beheer en toesig staar baie dieselfde uitdagings in die gesig as moeders met beheer en toesig. Beide moet die vereistes wat kind/ers grootmaak stel, hanteer sonder die hulp van 'n huweliksmat; 'n weg vind om die dikwels konflikterende verantwoordelikhede van kind/ers grootmaak en werk na te kom en 'n nuwe lewe vir hulleself bou, terwyl hulle voldoen aan die verpligtinge teenoor hulle kind/ers en werk. Dit is nie maklik om aan genoemde rolle se vereistes te voldoen as jy enkel is nie (Cohen & Savaya, 2000:1443). In die navorser se studie het die fokus geval op die hantering van rolspanning.

3.3.2.1. SUBTEMA: HANTERING VAN ROLSPANNING

Wanneer 'n vader beheer en toesig verkry, brei sy rol as broodwinner uit, aangesien hy dan ook volle verantwoordelikheid moet neem vir die grootmaak van die kind/ers en die bestuur van die huishouding. Aangesien die eise van nuwe rolle bygevoeg word sonder om die ander rolle weg te neem, het die ouer met beheer en toesig addisionele verantwoordelikhede. Genoemde verantwoordelikhede mag as oorweldigend beskou word. Voorts mag die enkelouer nie bekend wees met die vereistes wat die nuwe rolle stel nie. Mans word in die meeste gevalle gesosialiseer om die broodwinner rol te vervul en is minder bekend met die versorger-tuisteskepper rolle. Dit wil egter voorkom asof enkelvaders die oorgang na enkelouerskap meer effektief hanteer as enkelmoeders (Hilton & Desrochers, 2000:59-60).

Die respondente het hulle soos volg uitgepreek oor hoe hulle dit ervaar om die verskillende rolle as enkelouer te vervul.

“...partykeer is dit maar swaar, partykeer is dit maklik. ...maar vir myself, ja dit is baie keer baie moeilik... ...Mense wat ‘n pa en ‘n ma het né, dan kan die pa en ma saam die hele situasie hanteer, maar ek dink by enkelouerskap is dit bietjie moeiliker, want jy het nie daai ekstra nie... ...dit is partykeer moeilik, maar dit is lekker...” (A)

“So ja, tussen al die goedjies vind mens maar jou weg, als gebeur nie oornag nie en ‘n mens sukkel partykeer met die verskillende rolle. Om almal mooi te integreer en te balanseer, maar met tyd, ek weet nie of mens ooit alles mooi onder beheer sal hê nie, raak dit beter en makliker. En ek dink ‘n mens raak ook gewoon aan die verskillende rolle en ook die kinders raak gewoon aan die verskillende rolle.” (B)

“...dit was nie maklik aan die begin nie... Vir my is dit dood normaal...” (C)

“Weet jy dis moeilik... Nee dit kom normaal. ...dis vir my soos, dis soos ‘n tweede natuur, dis niks.” (D)

“Dit was maar moeilik aan die begin, maar dit is eintlik baie maklik.” (E)

“Weet jy dis moeilik. Dit is regtig nie maklik nie, maar weerneens dit is ook iets wat ‘n ou doen. Weet as daar kinders in jou lewe kom, dit is een van daai dinge wat regtig ‘n ou se uitkyk en dit wat belangrik is vir jou, dit verander dit heeltemal fundamenteel. Dinge raak baie anders... Dis eintlik heel, vir my kom dit redelik natuurlik. ...dit is nou maar tweede natuur.” (F)

Hamner en Turner (1996:199) en Bigner (1998:416) is van mening dat sommige enkelvaders dit moeilik mag vind om kinderversorging, huishoudelike take en werksverantwoordelikhede in ‘n werkbare en hanteerbare roetine te sinkroniseer.

Voorafgenoemde was egter nie die geval gewees nie. Die skep van ‘n roetine vir die kinders is juis een van die wyses wat die respondente aanwend om hulle in staat te stel om ‘n sukses te maak van hulle omstandighede.

“Ek dink ook ek het al so gewoon geraak aan hoe die roetines in my huis is en my kinders is gewoon aan die roetines in die huis, daar is nie struikelblokke nie.” (A)

“Jy weet maar ek hou hom in sy roetine en sy goeters.” (C)

“By ons is die roetine huiswerk, bad, slaap... ...So, jy moet die hele tyd kwaai in beheer wees en roetine, roetine, roetine, roetine. Ek sê jou as jy hom uit daai roetine uithaal dan gooi jy alles weg. En dis waar pa’s bietjie mis sit, want hulle is nie so streng op die roetine nie. Is ‘genuine’, hoor. Maar as daai pa net eenkeer, jy sien daai eerste ses, sewe maande dan is dit so ‘happy-go-lucky’ dan sien hy nee nou loop dit skeef. En dan slat hy die roetine, want dan kom dit eers. Roetine en dan gaan dit okay, dan’s dit reg. En as hulle ook eers weet dis hoe dit werk, dis wat gaan gebeur as jy dit doen, dan’s dit bakgat, dan loop dit mooi.” (D)

“M weet nou al, ons het al ‘n roetine. ...Ek meen dit kan nie elke dag verskillend wees nie. ...So, dit raak maar ‘n roetine.” (E)

“Ja, kyk, in die oggende, ek ry so net na ses, nou dis min of meer tyd wat hulle moet opstaan, ...weet hulle roetine is darem nou al daar.” (F)

Volgens Hamner en Turner (1996:199) en Martin en Colbert (1997:239) wil dit blyk asof geskeide vaders in staat is om huishoudelike take, soos kos kook, huis skoonmaak en inkopies doen, sonder baie probleme uitvoer. In teenstelling met voorafgenoemde wys Bigner (1998:416) egter daarop dat enkelvaders rapporteer dat voorbereiding van maaltye en voedselaankope groot probleemareas kan wees, aangesien baie vaders nie oor genoemde vaardighede beskik nie.

Die navorser het in haar studie gevind dat die respondente die huishoudelike take, soos kos kook, huis skoonmaak, wasgoed was, skottelgoed was en inkopies doen, sonder probleme kan uitvoer.

“Ek meen ek moet kos kook, ek moet skottelgoed was... Ek moet wasgoed was, ek moet dit maar ophang. Ek moet maar sorg op die einde van die dag dat die huis netjies is... Ek sien inkopies doen soos ‘n ‘outing’...” (A)

“Naweke as die bediende nie hier is nie, dan maak ek kos... Maar die skottelgoed gebeur redelik gereeld, dit is maar op ‘n naweek basis... Ja die klere was kom ons nie so baie by uit, want dit is mos maar ‘n wasmasjien... Ek het gister in ‘n halfuur gou-gou die goed gekoop, maar ek het nie als gekoop nie, maar gewoonlik as ek so vinnig is en ek jaag deur daai, die Pick ‘n Pay, ek gaan nie na daai grotes toe nie, dit vat te lank daar, ek gaan sommer na ‘n klein, die family Pick ‘n Pay toe en daar koop jy al jou goeters in ‘n driekwart uur.” (B)

“...ek kook sop byvoorbeeld in die drukkoker, dan sit ek dit in bakkies... ...maak frikkadelletjies, dan maak ek ‘n bak en dan bêre ek dit... ...ek kan was ek kan stryk, ek weet hoe werk die, jy weet ek het ‘n skottelgoedwasser, maar ek was die goed met die hand, dis skoner. ...Ek gaan koop een maal ‘n maand my goeters en ek het in my spens, jy weet, is vol... ...Oraait brood en melk weet ek nou elke dag. My drywer gaan dit kry of ek gaan kry dit...” (C)

“Soos net ek maak kos in die huis... ...As sy vir ‘n naweek huistoe gaan, L, ...dit is niks nie. ...As jy opstaan Saterdagoggend en jy weet sy’s nie daar vir die naweek nie, maak gou jou bed op, dis niks. Trek hom gou reg, daar’s dit reg. Vat die mandjie, gooi hom gou uit. Maklik.” (D)

“Ek maak kos in die aand, elke aand... ... ek het alles self aangeleer. ...En die inkopies, wie doen dit? (navorsers) Ek doen dit...” (E)

“...ek het altyd maar alles self gehanteer...(die alles verwys na die huishoudelike take, soos huis skoonmaak, wasgoed was, skottelgoed was). ...Skottelgoed is minimaal, daarso is die skottelgoedwasser. ...klere was, nee dit is nou maar ‘n masjien wat dit doen.” (F)

Die respondente erken dat enkelouerskap, veral aan die begin, nie vir hulle maklik was nie. Soos hulle egter vaardighede aangeleer en bemeester het, het enkelouerskap vir hulle makliker geword. Van die respondente het selfs erken dat dit vir hulle tweede natuur geword het om die verskillende rolle te vertolk. Deur ‘n roetine vir hulle en die kinders daar te stel, slaag hulle daarin om die rolle met mekaar te balanseer. Die navorsers is van mening dat van die huishoudelike take nie onbekend aan die respondente was nie, aangesien van die respondente se gewese eggenotes ‘n beroep beklee het tydens hulle huwelik en van die ander respondente se gewese eggenotes baie onbetrokke was. ‘n Baie sterk pligsbesef is by

die respondente bespeur, aangesien hulle erken het dat hulle die verskillende take uitvoer, want daar is nie iemand anders wat dit vir hulle gaan doen nie.

3.3.2.2. SUBTEMA: HULPBRONNE RAKENDE HUISHOUDELIKE TAKE

Alhoewel die respondente in staat is om die huishoudelike take uit te voer, maak hulle egter van hulp gebruik, weens hulle druk programme. Volgens Bigner (1998:416) is enkelvaders geneig om die huishoudelike take met hulle kind/ers te deel, eerder as om gebruik te maak van eksterne hulpbronne. Vanuit die Suid-Afrikaanse konteks is voorafgenoemde egter nie geheel en al die geval nie. Alhoewel die respondente hulle kinders by die uitvoering van die huishoudelike take betrek, het die navorser gevind dat elke respondent 'n huishulp het wat hulle help met die huishoudelike take. Volgens Greif en DeMaris (1990:264) en Jaffe (1997:126) is enkelouervaders weens hulle gunstige finansiële posisie in staat om vir hulp met die huishoudelike take te betaal, soos wat hulle dit benodig.

Die respondente se behoeftes en huishoudings verskil van mekaar. Dit is dus die bepalende faktor van die mate waartoe hulle gebruik maak van 'n huishulp.

“Weet sy het eers op ‘n stadium by ons gewerk toe het ek nou vir haar gesê sy moet nou maar eers weer gaan. En toe probeer ek alles self doen en ek het net naderhand gesien ek raak geïrriteerd en ek raak gefrustreerd, want ek kry nie die wasgoed op datum nie. Sy kom eenkeer ‘n week in, so eenkeer ‘n week maak sy die huis ordentlik skoon. Weet sy ‘polish’ waar ek nie gewoonweg kans kry om te ‘polish’ nie. Weet en sy stryk... ..En wat gelukkig is sy kom nou al, ek was dink std. 5 gewees toe het sy by my ma-hulle begin werk. So, sy ken ook nou maar die opset en so aan en toe het ek haar nou maar weer teruggekry. Toe sê ek hoekom moet ek ‘suffer’, gaan haal nou maar ‘n paar randjies uit en dit bring bietjie daai ‘levels’ af. So, ek dink nie dit gaan net spesifiek oor die bediende wat ek gekry het nie, ou moet net iets kry wat bietjie jou stresvlakke in jou huis afbring, dan is dit maklik...” (A)

“Sy doen huisskoonmaak, wasgoed en kos, ja. Sy doen ook die beddens en goeters in die week, maar in die naweke dan, ek wil nie hê sy moet hier wees nie, sy het ook ‘n familie, so sy moet naweke maar bietjie by haar familie kuier of net rus dat sy ook darem weer spoed het vir die volgende week...” (B)

“...dan my hulp is ou A jy weet. Sy’s vir my baie werd en ek kan sien partykeer as sy huistoe gaan vir ‘n week of so, jy weet, sy kan ook nie heelyd hier wees nie...”

“...sy’s vier en twintig uur beskikbaar... ..A gaan weg vir ‘n week elke ses weke, want sy’t ook mense by haar huis... ..ek het nog ‘n bediende wat kom was en stryk, jy weet om dit bietjie ligter te maak vir A.” (C)

“Ja, maar om eerlik te wees, die bediende wat vir my werk, werk al dertien jaar vir my... ..As sy vir ‘n naweek huistoe gaan... Sy was klere, stryk, huisskoonmaak. Weet die huis moet ‘gepolish’ word en die ‘blinds’ moet gewas word. Jy kan nie, jy weet, dit is waarmee sy help...” (D)

“B kom vyf dae ‘n week in, sy was wasgoed, sy maak skoon, sy doen alles” (E)

“Sy (die bediende) kom Dinsdae na my toe. Ons het enetjie, sy kom net drie dae ‘n week en dan Dinsdae dan maak sy gou-gou hierso, hierdie gedeelte is nou nie vreeslik groot nie. Sy spandeer nou ‘n paar ure hierso, maak vir my ordentlik skoon. Pak al my papiere op hopies en daai goed. Sy, nee, sy kom Dinsdae. ...Ek stryk nie graag nie, so daar is ‘n bediende wat dit doen.” (F)

Soos reeds kortliks bespreek, het die navorser bevind dat die respondente hulle kinders betrek in die uitvoering van die huishoudelike take. Die respondente is van mening dat hulle kinders daardeur selfstandigheid aanleer. Dit het na vore gekom dat elk van die respondente van hulle kinders verwag om verantwoordelikeid te neem vir die opruim en netjies hou van hulle kamers asook die res van die huis.

“Die kinders se kamer is hulle kamer, hulle sal hom skoon hou. Dit is, dis nou maar so. Voordat hy in die oggend uit sy kamer uitkom, is sy bed opgemaak en sy kamer is netjies. Dit is net om hom verder in die toekoms te leer.” (A)

“En ook as hulle, hulle eie kamer deurmekaar krap dan gaan hulle self daai speelgoed terugpak. ...so hulle moet hulle eie wasgoed in die wasgoedmandjie sit, hulle moet hulle eie borde terugvat wasbak toe laat dit gewas word. ...as hulle omkrap in die sitkamer moet hulle netjies maak.” (B)

“As hulle byvoorbeeld in die speelkamer gespeel het, moet hy sy speelgoed optel en terugsit in die boks... Maar as hy klaar is vat hy sy bord wasbak toe... En A in die middag as hy van die skool af kom moet hy sy klere gaan uittrek en hy moet dit wasgoedmandjie toe vat, nie op die vloer gooi nie... ..ten minste daar waar hy geëet of gekuier het, hy moet skoonmaak...” (C)

“Jy weet en soos sy kamer, ek sal nie dat hy sy kamer soos ‘n varkhok los vir môre oggend nie. Daai kamer moet ten minste so semi wees, jy weet...leefbaar wees, maar anderste dan leer jy hom, maar daar is iemand wat dit skoonmaak, hy kan doen wat hy wil. ...In die aande ook as ons geëet het, alles moet terug gedra word ‘zink’ toe, tap water in laat daar nie miere kom nie. Potte mooi skoon.” (D)

“...maar haar kamer is haar verantwoordelikheid, want sy moet hom netjies hou.” (E)

“...net tot hulle ten minste hulle kamers netjies hou en hulle beddens opmaak.” (F)

Die navorser het gevind dat die respondente (A, B, D en F) die ouer kinders betrek by die huishoudelike take soos kos maak, skottelgoed was en huis skoonmaak.

“‘Okay’ dis lekker die seuns help my, jy weet, vanaand sal ek was, môre aand sal hulle was (die skottelgoed)... J kan kos maak. Hy maak vir hulle kos en hulle doen hulle huiswerk en hulle was die skottelgoed...(middag na skool) ...Hoe ek was né, is, nou gaan speel julle, want julle kan nie huis skoonmaak nie, ek sal gou-gou die huis skoonmaak. Weet jy, op ‘n stadium besluit ek net hoekom moet ek alles alleen doen, hulle raak mos nou groot...” (A)

“Naweke as die bediende nie hier is nie, dan maak ek kos en hulle help my en na die tyd help ons almal om skottelgoed te was en dit weg te pak...” (B)

“Soos net ek maak kos in die huis, maar soos hulle begin my help. Dis belangtelling, jy sien, nou Woensdae aande is sy aand, ‘genuine’, dan kom hy dan sal hy nou sê, ‘okay’, pa vanaand maak ons hamburgers, dan steek ek die gas ding aan, maak dit so, so, so. ...Hulle is deel van die hele huishouding. ...Een sal kom dek, hy bring die tamatiesous sit daar neer, hy kry solank die goed, bring dit. Hy’s solank besig om in te skep saam met my...” (D)

“S is baie lief daarvoor om vir ouma te help kosmaak. Oor naweke maak sy nou een of ander poeding of sy bou ‘n tert of ‘n koek of ding, jy weet, dis vir haar baie lekker om daarmee te help.” (F)

Wat inkopies doen betref het slegs respondente A en E laat blyk dat hulle die kinders saam met hulle neem.

“Ek hou daarvan om die seuns saam te vat, veral op ‘n Saterdag oggend. Kyk, dis ‘n groot grap hoor. Ons loop van proe stalletjie na proe stalletjie, as ons daar uitkom, het ons klaar ontbyt geëet. Ek sien inkopies doen soos ‘n ‘outing’. As ons gaan, ons kyk na elke speelding en na die koppies en na...weet dit is ‘n ‘outing’ vir ons. So, ek hou nie daarvan om alleen te gaan...” (A)

“En die inkopies ...wie doen dit? (navorser) Ek doen dit, maar sy gaan saam. Ja-nee sy gaan elke keer saam.” (E)

Aangesien respondent D so naby aan ‘n Pick ‘n Pay woon, is die seuns heel gemaklik daarmee om ‘n paar noodsaaklike goedjies, op versoek van hulle pa, te gaan koop.

“Wat ek nou deesdae baie doen, is né, ek het vir hulle elkeen ‘n kaart gegee, hierdie debietkaarte, dan ‘transfer’ ek vir hom sê R100.00, dan sal ek veral D, die jonger enetjie, dan bel ek hom en sê ek vir hom, D gaan koop vir my katkos, brood, dit, dan loop hy. Want dis, ons is regoor die pad. So die Pick ‘n Pay se parkering is my bure oorkant die pad, so dit is verskriklik lekker. Dit is, man dis nie ‘n besige pad nie, hy loop net so diep oor om Pick ‘n Pay in en dan gaan hy met sy kaart en hy ‘like’ dit.” (D)

Dit het na vore gekom dat die respondente die huishoudelike take wat hulle in samewerking met hulle kinders uitvoer, as ‘n geleentheid aanwend om kwaliteit tyd saam met hulle kinders te spandeer. Die kinders word dus nie net ‘n vaardigheid aangeleer om selfstandig te wees nie, maar spandeer ook tyd saam met hulle ouer.

“Weet julle seuns, pappa kan nie alles alleen doen nie, kom ons gaan gou-gou almal saam die huis ‘tackle’ dan maak ons skoon. ‘Okay’, S jy lyk vandag vir my baie slim ek dink jy kan die stofsuiers vat. Ja, ‘okay’ dan het hy die stofsuiers. Jissie, pa maar kyk hoe mooi... ‘Yes’ jy’s die ‘champion’. En okay, J raak nou groot, hy begin nou al agterkom ek... Hy begin nou al dinge op sy eie doen en te kere gaan, maar die ander tweetjies... Weet tot hy begin al soos ekke sê vir hulle jissie julle het nou mooi skoongemaak. Weet daar’s baie goeters en dinge. Ja, dis lekker...” (A)

“Plaas van dat ek op die bank gaan lê en dat die bediende die kos maak, is dit ‘n uur en dit is lekker gesinstyd saam en hulle ‘like’ dit, want dit is wanneer hy kom sit op ‘n stoel by die ‘counter’ met sy boeke en ons gesels...” (D)

Alhoewel die respondente in staat is om die huishoudelike take hulleself uit te voer, maak hulle gebruik van hulp, aangesien hulle tyd baie beperk is. Weens die respondente se gunstige finansiële omstandighede is hulle in staat om van die dienste van 'n huishulp gebruik te maak. Dit het vir die navorser na vore gekom dat dié respondente met eie besighede wat 'n hoër inkomste genereer, 'n huishulp op 'n meer permanente basis kan bekostig. Hilton en Devall (1998:28, 45) is van mening dat enkelouervaders meer onafhanklikheid van hulle kind/ers verwag. In teenstelling met enkelmoeders is dit dus vir die respondente baie belangrik om hulle kinders te betrek by die uitvoering van die huishoudelike take, aangesien dit hulle kinders help om selfstandig te word. Die respondente benut die tyd wat hulle saam met hulle kinders spandeer om huishoudelike take uit te voer op so 'n wyse dat dit kwalifiseer as kwaliteit tyd met hulle kinders.

3.3.2.3. SUBTEMA: KINDERVERSORGINGSHULPBRONNE

Volgens Bigner (1998:416) mag menige enkelvaders die reël van kinderversorging, veral as hulle kinders nog klein is, as 'n probleem ervaar. Hy is egter van mening dat enkelvaders gewoonlik op dieselfde kinderversorgingshulpbronne staat maak as ander ouers, eerder as om 'n huishoudster te huur (Bigner, 1998:416). In die geval van ouer kinders is Hamner en Turner (1996:199) weer van mening dat die strukturering van die kinders se aktiwiteite 'n algemene probleem vir die enkelouervaders is en dat hierdie enkelvaders gewoonlik op naskoolse aktiwiteite, soos sport, staat maak om hulle te help om na wense toesig te hou oor hulle kinders. Voorts is Hamner en Turner (1996:199) van mening dat die kinders van enkelouervaders van skoolgaande ouderdom en adolessensie meestal sonder toesig is na skool.

Die navorsingsinligting is egter heelwat teenstrydig met die literatuur. Elk van die respondente het reeds betroubare hulpbronne in plek om na hulle kinders om te sien na skool tot en met die respondente tuiskom. Hierdie hulpbronne tesame met die respondente sien toe dat die kinders hulle naskoolse aktiwiteite bywoon. Dit is slegs respondent A wie se skoolgaande kinders na skool sonder toesig is.

“Omdat J so, hy’s ‘n baie verstandige kind, so hy en die middelste enetjie kom hier huis toe en hy het ‘n selfoon by hom en alles, so ons het kommunikasie. ... Maar J is darem baie verstandig, hy’s baie oopkop, hy weet om dinge te hanteer en hier is darem redelik baie mense, so die twee oudstes kom huis toe... ...ek probeer meeste van die tyd, so af en toe moet hulle nou maar loop, maar meeste van die tyd, dis gelukkig hulle skool kom so uit op my etenstyd, so dan ry ek gou hiernatoe, kyk dat hulle ‘oraait’ is, in is, alles. Ja, daar is party dae wat hulle ongelukkig moet loop en so

aan, maar wat lekker is, hier is 'n klomp van die skool se kinders wat hier in die woonstelblokke bly. So, hulle loop een groot groep hiernatoe en so laai hulle die maatjies af... As ek nou weet hulle doen sport of skool revue dan 'slip' ek maar daar by die werk gou-gou weg en jaag ek gou, kom laai hulle af en so aan. So, en hy het 'n selfoon by hom, so, sodra hy klaar is met sy sport dan gaan hy in die vierkant van die skool en hy gee my 'n 'please call me' en dan weet ek, 'okay' ek moet gou-gou jaag. ... Laai hulle af en sien dat hulle in is. So, ek probeer regtigwaar, maar daar is ongelukkig nog so af en toe dat hulle nou maar moet loop en so aan, maar dan is hulle darem 'oraait.' ...Ek en my eks het 'n wonderlike verhouding, ek bel haar ek sê vir haar hoor hierso ongelukkig weet jy ek moet gaan werk of ek moet dit gaan doen, sal jy asseblief kyk, nee sy sal net seker maak en so aan, dan sal sy my laat weet. As sy sê nee, weet jy wat dan gaan ek na my ouers toe." (A)

Respondent B se sekretaresse laai sy seun op na skool in die middag en neem hom huis toe. Gedurende die week is hulle huishulp voltyds teenwoordig (sien 3.3.2.2.). Weens beperkte tyd was respondent B genoodsaak om sy moeder te versoek om sy seun te help met sy huiswerk.

"...J kan huistoe loop as dit moet, maar dis nie veilig nie, so ek reël met S om hom te gaan haal in die middag... Soos, my ma, aanvanklik het ek J gehelp met huiswerk, maar ek kom rerig nie meer daar uit nie. Toe het ek haar gevra of sy my nie net wil help laat hy, jy weet, sy huiswerk elke middag net 'check' dat hy dit gedoen het en alles, dat hy dit mooi verstaan en as daar 'n nuwe begrip is dat hy dit onder die knie het, want dit gebeur dat ek laat in die huis kom, as ek sewe uur of wat ookal hier kom, of half sewe, dan is hulle in elk geval moeg en nie in 'n bui vir huiswerk nie en hulle wil net bietjie saam met jou sit." (B)

Soos reeds bespreek onder punt 3.3.2.2. het respondent C 'n voltydse huishulp wat hom help met die versorging van die kinders. Respondent C probeer om A self in die middag na skool te gaan oplaai, maar as hy nie kan nie kry die juffrou, wat op 'n voltydse basis tuis vir die kinders aangestel is, A by die skool. Weens A se jong ouderdom beplan respondent C sy dae so dat hy A self na sy naskoolse aktiwiteite neem.

"Of, jy weet, ek gaan haal hom in die middag, ons reël maar, want hy wil altyd hê dat ek, ja hoe my dag loop of die juffrou gaan haal hom gou-gou. ...ek maak ten minste 'n punt daarvan dat ek so twee-, driekeer 'n week hom gaan haal. En dan gaan haal ek hom by die klassie, dan praat ek met die juffrou so bietjie. Hoe gaan dit, jy weet, en

dan, ek bly op hoogte van wat aangaan. ...en dan het hy bulletjie rugby, hy het krieket, jy moet al daai goed bywoon. Ek kan nie net my kind gaan aflaai, jy weet, in graad een of graad twee, jy moet daar wees.” (C)

Die huishulp van respondent D is gedurende die week voltyds by hulle en hou toesig wanneer hulle in die middag tuis kom. Veral gedurende die eksamen, maak die seuns beurte om saam met respondent D werk toe te gaan, sodat hy hulle kan ondersteun in hulle voorbereiding vir die eksamen.

“Ja, maar om eerlik te wees, die bediende wat vir my werk, werk al dertien jaar vir my, jy verstaan so, hulle was nog nie eers gebore, sy’t hulle in hulle doeke by die huis opgepas, so ek vertrou haar honderd, duisend... Nou met haar daar is dit nie nodig in die middag, baie keer gebeur dit ons het werk of ek moet êrens heen gaan, dan is ek nie een uur daar nie en sy’s daar... Ja-nee dis veilig. ...Dit slaan ‘n mens nogal soos nou as hulle eksamen skryf. Moet een saam met my werk toe bring en een by die huis. Dan as ek hier by die werk ry dan moet ek weer die ander een gaan ‘opcheck’. Nou môre moet ek dit weer omdraai. ...En ekke bly vyfhonderd meter van die skool af, want jy weet, die middag aktiwiteite, ek hoef nie op en af te ry nie, hulle loop soontoe.” (D)

Na skool gaan respondent E se dogtertjie na haar gewese kleuterskool, wat soos ‘n naskool die nodige toesig oor haar hou en haar help met haar huiswerk. Indien dit gebeur dat respondent E weens werksverpliginge moet ry na hy M opgelaai het, is sy tevrede om of tuis by hulle huishulp te bly of om saam met hom te gaan.

“...die naskool was haar kleuterskool gewees, hulle het aangebied om na haar te kyk in die middag. Hulle het nie eers ‘n naskool nie, so hulle kyk fisies na haar. Hulle het boekies en goed gekoop om haar te help met haar graad 1 werk en alles. ...so twee uur se koers dan bel ek dan vra ek hoe ver is sy met haar huiswerk. Party dae is dit min werk en sy’s klaar dan gaan haal ek haar. As ek dan êrens heen moet gaan dan... sy hou baie van B. Dan vra ek vir haar, hoor hier ek moet ry, gaan jy saam met my of gaan jy bly. Dan sal sy sê nee sy wil speel, sy bly of sy sê jy weet mos ek gaan daar waar jy gaan.” (E)

Aangesien respondent F so ver werk, maak hy op sy ouers staat om die kinders in die middag by die skool te gaan haal en hulle na hulle naskoolse aktiwiteite te neem.

“...die enigste werk wat ek kon kry is nou ongelukkig in Germiston. So, ek ry baie, ek moet vroeggerig ry en ek is eers in die aande na ses weer terug. My ouers kan hulle optel by die skool, huis toe bring, sorg dat hulle, hulle huiswerk doen, dat hulle geëet kry en daai tipe van goed. Dit is nie nodig vir ‘n naskool nie, hulle doen hulle goedjies hierso... ...hulle doen nou judo. My pa het dit gereël, so hy vat hulle Dinsdae en Donderdae soontoe, dan sit en wag hy nou dat hulle klaarmaak dan bring hy hulle weer terug. En ja, die ander, S doen Kumon nou byvoorbeeld ook en dis nou net direk na skool, ons reël dit nou maar en pas dit nou maar so in. My ma-hulle ry nou maar agter hulle aan daarvoor, so dit werk op hierdie stadium goed uit.” (F)

Vanuit die navorsingsinligting wil dit vir die navorser voorkom asof die respondente dit verkies om eerder tuisversorging vir hulle kinders in die middag na skool te reël as om gebruik te maak van eksterne hulpbronne, soos ‘n naskool. In die respondente se keuses rakende diegene wat die tuisversorging waarneem, het dit na vore gekom dat die respondente se ouers en die huishulpe dié gewildste keuses is.

3.3.3. TEMA DRIE : OUER-KIND VERHOUDING

Die navorser het die volgende sewe subtemas geïdentifiseer:

- betrokkenheid by die kind/ers
- dissiplinerig
- ontspanning
- geslag van die kind/ers
- moeder se toegang tot die kind/ers

3.3.3.1. SUBTEMA: BETROKKENHEID BY DIE KIND/ERS

Die aanname bestaan dat vaders minder bekwaam is as moeders in kinderversorging. Vaders word as moeders se mindere beskou wanneer dit kom by kinders grootmaak. ‘n Aantal navorsers het ondersoek ingestel rakende moeders en vaders se vermoëns in versorging en hulle ouerlike funksies. Daar is eerstens bevind dat daar nie verskille bestaan in moeders en vaders se vermoë om ‘n baba te versorg gedurende die pasgebore periode – beide kan ewe goed (of ewe swak) vaar. In teenstelling met die moederlike instink idee, word ouerlike vaardighede gewoonlik prakties aangeleer deur beide moeders en vaders. Dus wat vroue weet van ma-wees, is aangeleer en nie instink nie en is ook die geval vir mans en pa-wees. Moeders is egter meer betrokke by die versorging van die kinders as vaders en word dus meer sensitief teenoor hulle kinders, meer ingestel op hulle kinders en meer bewus van elke kind se karaktertrekke en behoeftes. Die gebrekkige betrokkenheid

van vaders by hulle kinders se versorging, het tot gevolg dat hulle minder sensitief is en minder selfvertroue het in hulle ouerlike vermoëns. Vaders bly dus die verantwoordelikheid van kinderversorging afskuif na die moeders, terwyl moeders al meer van die verantwoordelikheid op hulle neem (Jaffe, 1997:92; Nielsen, 1999:147; Lamb, 2000:35).

Die respondente het hulle betrokkenheid by hulle kind/ers voor egskeiding, soos volg beskryf:

“Selfs tydens my huwelik was ek die primêre ouer gewees. Ek het M dokter toe gevat en oueraande alleen bygewoon.” (B)

“Kom ek sê vir jou vir my is dit amper van geboorte met my kinders, jy weet, was ek maar die een wat die leiding geneem het en jy weet, ek het maar gekyk, ‘oraait’ die vrou het gehelp, sy het my verlaat toe die enetjie omtrent ‘n jaar, jy weet, sy’t gekom en gegaan...” (C)

“Kyk ons het van die begin af toe hulle gebore is ‘n helse ‘bond’ gehad. ...Sy’t lang ure gewerk, jy sien, sy’t ‘n groot pos, so ek het buitendien alleen by die huis gekom, ook hulle kos gemaak, ook hulle huiswerk ‘gecheck’, ook in die bad gesit, jy verstaan, so ek het ook al daai goeters ook self gedoen.” (D)

“Nee, ek was altyd naby aan my kind, van die begin..., na vier maande kraamverlof wat L gehad het, het sy so drie of vier maande by my gebly. My werk het dit toegelaat, laat ek die meeste van die tyd by die huis kon wees. As ek moes ry, het sy saam met my gery voor sy kleuterskool toe is. Nee ek was van die begin af... Ja-nee met alles. My kind het geweet wie ek is, altyd. ...maar ‘even’ toe sy (sy gewese vrou) nog hier gebly het, baie aande as sy gaan bad dan sê sy vir haar ma ek moet haar hare kom was en sulke goed. Dit was natuurlik vir haar gewees as ek vir haar goed doen, dit was nie vir haar ‘n ‘issue’ gewees nie.” (E)

“Hulle ma was maar baie ‘absent’ gewees, selfs in die tyd wat ons getroud was, so ek het maar vandat hulle baie klein was, was ek die ‘primary caregiver’ gewees, kan jy maar sê. Sy was maar min daar gewees...” (F)

Na aanleiding van die empiriese data was vyf van die respondente reeds voor hulle egskeiding, aktief betrokke by hulle kind/ers se versorging en opvoeding. Die navorser is van

mening dat hierdie respondente dus hulle ouerlike vaardighede reeds voor egskeiding aangeleer en ingeoefen het.

Volgens Jaffe (1997:126) en Bigner (1998:416) is dit juis die vaders wie se positiewe ouerskapsaktiwiteite reeds met hulle kinders se geboorte gevestig is, wat wens om hierdie positiewe ouerskapsaktiwiteite voort te sit. Bigner (1998:416) is voorts van mening dat die enkelvaders wat 'n sterk begeerte het om geslaagd te wees in beheer en toesig ook meer positiewe veranderinge aanbring.

Die navorser wil by Jaffe (1997:126) en Bigner (1998:416) aansluit, aangesien die respondente se wens om hulle positiewe ouerskapsaktiwiteite voort te sit, een van die grootse motiverings vir die respondente was om beheer en toesig te verkry.

**“Dis vir my soos ‘n droom, dis vir my soos in ‘n prioriteit om ‘n gesinslewe te hê...
...vir my is dit belangrik om ‘n gesinsmens te wees en ek wil die kinders ook die
waarde daarvan leer, want dis dié deel oor die lewe wat vir my regtig gelukkig maak,
wat vir my regtig bevredigend is. Die geld en die besighede is nou maar
noodsaaklikhede wat daar moet wees, dit maak die lewe gerieflik, maar as jy wil
bevrediging hê, het jy baie meer nodig as geld en besittings.” (B)**

**“My lewe gaan op die oomblik vir my oor die kinders. ...Weet hulle bly daai band aan
jou en ek is bitter lief vir my kinders, ek sal doodmaak vir hulle...” (C)**

**“...wat’s jou doel op die aarde, nie geldmaak nie, nie in ‘n huis bly nie. Dit is om jou
kinders groot te maak... ...Dit is waarvoor ek hier is en dit is waarom ek so hartseer
was toe hulle nie by my was nie, want ek het nie meer my toets gehad nie...” (D)**

**“Ek soek my kind by my, dis hoekom ek ‘n kind gehad het die dag, dis om... sy is deel
van my lewe. Eintlik M is my hele lewe...” (E)**

**“Dis wat ek graag wou gedoen het en dis wat ek graag wou gehad het, is om my
kinders by my te hê.” (F)**

Aangesien die samelewing al hoe meer beweeg na die skepping en verordening van androgene ouerskaprolle, het mans geleer hoe om in die behoeftes van ‘n kind/ers te voorsien en hoe om uitdrukking te gee aan vertroeteling tydens versorging (Hamner & Turner, 1996:199; Bigner, 1998:416-417). Greif (1995:220) wys egter daarop dat daar

bevind is dat sommige vaders dit moeilik vind om hulle kind/ers se gevoelens te verstaan en dat dié vaders staat maak op familieledede, vriende en professionele persone om hulle met voorafgenoemde van hulp te wees.

Drie van die respondente (A, B en D) het erken dat hulle dit aanvanklik moeilik gevind het om hulle kinders die vertroeteling te gee wat volgens hulle so natuurlik deur moeders aan kinders gegee word.

“Dan natuurlik wat ‘n ma se ‘job’ is né wat ek redelik nou al begin regkry, is ‘n kind soek daai, as hy seerkry dan soek hy daai sagtheid en ‘n man kan nie regtigwaar so sag wees soos ‘n vrou nie. En dit is partykeer wat ‘n ou maar bietjie half vaal, want my eerste reaksie as ‘n kind seerkry, ek het jou mos gesê jy mag dit nie doen nie, kom hier dat ek jou slaan. En ‘n ma is, as die pa nou klaar afgegaan het, om daai ou seertjie te gaan soen of te gaan vryf of salfies op te sit. So, dit is iets wat ek nog baie aan werk, maar dis ‘n rol van ‘n ma wat vir my bietjie moeilik is.” ...maar ek dink ek het meer die emosionele sy ook gesien van kinders grootmaak. ...Weet ek probeer hom nou eerder mooi sê hoor hierso as pappa vir jou sê moenie van die muur afspring nie jy gaan jou enkel breek en jy spring af en jy breek jou enkel dan gaan ek vir jou sê ek het vir jou gesê jy moenie van die muur afspring nie, want jy gaan jou enkel breek en wat het nou gebeur, so jy was verkeerd, maar kom hierso en dan sal ek hom maar in ‘n verband draai.” (A)

“Iets wat vir my ‘n ‘challenge’ was, dit was vir my baie moeilik as man aanvanklik om emosioneel met die kinders te, jy weet, op ‘n emosionele vlak te dink. Ek weet nie, ek dink dis seker miskien ‘n man ding. Jy voel nie so, jy’s nie so vreeslik emosioneel nie. Ek’s ‘n baie taakgerigte mens. In die begin was dit, het ek agtergekome die kinders het emosionele behoeftes waaraan ek nie voorsien nie. ...Dit was vir my moeilik, dis iets wat ek nie regtig, dit het nie natuurlik gekom nie. Verstaan ek moes dit aanleer. So, ek het nou maar geprobeer dink hoe het my ma gemaak en gekyk hoe maak ander vrouens en ek het gekyk hoe maak van my vriendinne met hulle kinders. En, jy weet baie geleer deur net waar te neem hoe tree ‘n vrou teenoor kinders op en probeer van daai eienskappe oorneem om toe te pas in my eie gesin. ...En so ek moes aanpas, ek moes meer emosioneel word, ek moes meer sensitief word, ja, dis wat.” (B)

“Ek het gesien as hulle seerkry ook, wil hulle gepamperlang word en so aan en jy kan dit doen, maar jy kan dit nie soos ‘n vrou doen nie. Dit is, ek kan dit, ek kan dit doen ver, ver, maar naderhand weet ek jis maar jy sit nou aan, jy verstaan, so ek kan tot

daar kom, maar dan weet ek hy mis sy ma. Ek weet dit, dan weet jy nou mis hy vir ma. En dan is dit altyd, dan sê ek nou eers bietjie jou ma bel. Bel bietjie. Dan bel hy haar en vertel haar sy knieg is seer en dit en dit, dan huil hy so bietjie, dan praat sy met hom en dan kom dit uit.” (D)

Emmers-Sommer *et al.* (2003) het in hulle studie gevind dat enkelvaders hard daaraan werk om deur middel van verskeie aktiwiteite soveel as moontlik tyd saam met hulle kinders te spandeer. Na aanleiding van die navorsingsinligting het dit ook na vore gekom dat die respondente selfs na die verkryging van beheer en toesig, tyd maak om aktief aan hulle verhouding met hulle kinders te werk.

“...ek wil elke aand al hulle huiswerk sien en as daar iets verkeerd is dan laat ek hulle dit regmaak en as hulle nie verstaan nie, dan kom ek met my sestien jaar terug se matriek en help hulle. ...ek dink die ander groot ding is ook as ‘n ou hulle huiswerk ‘check’, dan maak ek seker ek weet hoe was hulle dag. Was vandag lekker, was daar probleme vandag, het jy iets fout gehad in die skool, is daar nie ‘laities’ wat jou wou boelie nie, het jy nie ‘n ‘laitie’ geboelie nie? Weet en dan kom jy agter wat gaan aan in jou kind se lewe deur die dag, wat gebeur en so aan en ek dink om dit so saam, als saam met die huiswerk te sit, werk vir my baie lekker, want nou begin hulle die huiswerk geniet, want dit is nie net huiswerk nie, daar’s nou belangstelling in wat gebeur het met dit wat ek nou doen en dit is vir hulle baie lekker.” (A)

“...vir J weet ek is tyd saam baie belangrik, as ek hom wil laat voel hy is belangrik moet ek my selfoon afsit en ek en hy moet iets doen in die middag, hy kies die program. Dis sy tyd, nie sy sussie is daar nie en dis net hy en ek en ek weet dan voel hy soos in ‘over the moon’, en dan is hy somer vir ‘n week of wat, ‘n week of twee is hy so rustig, jy kan somer sien sy beker loop oor. As hy bietjie nukkerig raak en ‘n bietjie veeleisend party keer, dan weet ek hy het nou weer nodig om spesiaal te voel.” (B)

“S het die gewoonte wanneer ek haar nou in die bed gaan sit, dan begin sy nou te gesels. So, ou spandeer maar daai tyd en gesels met hulle. Dis nou maar deel daarvan, ek dink nie daar is enige iets snaaks daaromtrent of so nie. Ek doen dit met graagte. Dis vir my lekker om met hulle te gesels en dis vir my, my kinders se behoeftes is vir my baie belangrik. Weet daai gesprekke is eintlik vir my tot ‘n groot mate lekker om met hulle te voer en seker te maak hulle is gelukkig en daai goedjies wat hulle pla, kan ‘n ou bietjie raad gee of net luister of wat ookal nodig is. En dis vir

hulle ook belangrik om te weet hulle kan met jou praat daaroor en dat jy wel luister, dat hulle nie net praat en jy luister nie wat hulle sê nie. 'n Ou moet ten minste, jy moet inneem wat hulle behoeftes is, dis ook 'n geleentheid om te lei en weet die stroompie so bietjie te help in 'n rigting stuur, dat dit nou nie op 'n verkeerde plek opdam nie.'"
(F)

Dit is baie duidelik vanuit die empiriese data dat die respondente baie betrokke vaders is en dat dit vir hulle belangrik is om te weet wat in hulle kinders se lewens gebeur. Selfs voor die egskending was die respondente betrokke by hulle kinders se versorging en opvoeding. Die respondente het dus reeds voor hulle egskending hulle ouerskapsvaardighede aangeleer en inge oefen. Volgens die navorser is dit juis die respondente se vertroue in hulle ouerskapsvaardighede wat hulle gemotiveer het om toesig en beheer van hulle kinders te verkry na egskending. Die respondente se motivering om 'n ouer te wees, asook hulle vertroue in hulle vaardighede as ouer, speel dus 'n belangrike rol in die positiewe veranderinge wat hulle aanbring, soos om byvoorbeeld aan te leer om vertroetelend te wees.

3.3.3.2. SUBTEMA: DISSIPLINERING

Bigner (1998:417) is van mening dat die meeste enkelvaders wegbeweeg van outoritêre metodes van dissiplinerig en na dié beweeg wat meer gesaghebbend van aard is, soos hulle meer ervare raak in kinderopvoeding. Daar is byvoorbeeld gevind dat vaders met 'n streng outoritêre benadering tot ouerskap na 'n meer demokratiese benadering oorgaan wanneer hulle beheer en toesig verkry (Hilton & Desrochers, 2000:56). Volgens Hilton en Desrochers (2000:56) het navorsing egter gevind dat enkelvaders meer konsekwent is in hulle toepassing van dissipline as enkelmoeders.

Die navorser se bevindinge sluit aan by genoemde literatuur.

Tydens respondent A se huwelik was hy die gesagsfiguur. Hy het lyfstraf op die kinders toegepas en hulle ma het hulle getroos. Sedert hy 'n enkelouer geword het, pas hy lyfstraf baie spaarsamig toe.

"...ek dink dis 'n kwessie van as ek kwaai was dan kom ek na die tyd en ek sê, sê nou maar ek het een kind sê pak slae gegee, dan sê ek sit daarso... Dan sal ek die hele situasie vir hom verduidelik hoekom ek kwaai was. Dan as hy nou verstaan hoekom ek nou kwaai was dan sal ek nou vir hom sê: hoor hierso ek wil jou nie pak gee nie, dan sal ek nou drukkies en te kere gaan, laat hy ook nou getroos voel. Jy kan nie net

kwaai wees en sê vir hom groet nie, want daar is nie 'n ma nie, daar is nie 'n ma wat hom nou kan later troos nie. ...maar ek het net besluit, 'shame', weet jy hoekom moet jy die hele tyd die kind slaan, hoekom moet jy die hele tyd hom seermaak, hoekom? ...So, ek het baie geleer om hulle emosioneel, iets van hulle af weg te vat wat vir hulle lekker is om vir hulle te sê: ek kan iets wegvat wat vir jou lekker is sonder om jou seer te maak en jou boude die hele tyd aan die brand te slaan en rooi te slaan, weet jy wat jy mag nie fiets ry nie, vir twee weke mag jy nie fiets ry nie... En ek het agtergekom dit werk soos 'n bom, hoor. Dit werk soos 'n bom... Ek dink dit is 'n baie erger straf as om hulle pak slae te gee. Dit is een ding wat ek 'genuine' vinnig geleer het toe ek op my eie was. ...so, ek glo nie meer so baie aan pak slae gee nie. Ek glo nog steeds aan tugtiging en pak slae gee, maar in die uiterste gevalle.” (A)

As dit kom by dissiplinerings is respondente B van mening dat jy kreatief moet wees. Hy maak gebruik van 'n kombinasie van strafmetodes.

“...dis nogal iets waarmee mens so bietjie kreatief moet wees... Wat ek doen is, ek doen 'n kombinasie van goed. In die eerste plek sorg ek dat hulle nie gedissiplineer word as die reëls nie duidelik is nie. So daar moet eers 'n reël wees voor daar dissipline toegepas moet word. Dis die een ding. Die ander ding is, as hulle die reël oortree, dan praat ek met hulle, so 'counseling', of wat ookal. Jy wys hulle dis nou verkeerd wat jy gedoen het. Aanvanklik sag en dan dae later ook ferm. Dan ander goed wat ek gebruik is onthouding van voorregte. As jy iets nie gedoen het nie, dan vat ek byvoorbeeld die speletjies of wat ookal weg. Vir 'n week of vir 'n dag of vir 'n naweek... Ander ding wat ek gebruik is om hulle in die badkamer te laat sit. Dis vir hulle baie sleg. En afhangende van hoe erg dit is, hoe langer moet hulle sit. En dan uit die aard van die saak ook 'n pak slae. So dis die laaste 'resort'... as niks anders werk nie, werk dit. Maar dan weet hulle ook as jy dit nou weer doen, dan gaan jou boude brand. ...So dis my dissiplineringsstyl. Praat, onthouding, afsondering en lyfstraf.” (B)

Volgens respondente C sal hy die kinders aanvanklik benader soos 'n moeder deur mooi te praat met hulle en as dit nie werk nie hulle te laat verstaan dit is nou die vader wat net eenmaal praat.

“...kyk daar's die ma tug tot op 'n punt, dis hoe ek my ding het en dan as die pa eenmaal praat dan luister hulle. Nou ek moet ma se pak slae en pa sin gee. Nou al wat ek nou daar moet doen is ek verander my stemtoon. Ek praat mooi en mooi en mooi.

Jy weet asseblief jy weet doen dit, doen dit en dan sê ek, ek gaan vir jou raps, dan is dit pa, dan weet hulle ek praat net eenmaal.” (C)

Respondent D is glad nie ‘n voorstander van lyfstraf nie en sal dit slegs as strafmaatreeël aanwend as niks anders werk nie. Die weerhouding van voorregte is die metode waarmee hy die gewenste uitwerking verkry.

“...slaan is my laaste alternatief. Daar’s ander maniere, ek vat sy ‘computer’, hier het ek hom gevat, ek vat ander goeters. Slaan is sê eenkeer ‘n jaar, eenkeer in twee jaar. ...maar hulle is bang, kyk as ek sê hey... Hy weet, maar ek wil nie slaan nie.” (D)

Daar het alreeds so ‘n goeie verstandhouding tussen respondent E en sy dogter ontwikkel dat hy van mening is dat hy nie meer nodig het om haar pak slae te gee nie, sy weet wanneer sy haar pa nie verder moet toets nie.

“...ek het haar al pak gegee, ek is nie skaam om te sê nie, want ek voel dit is wat my geloof ook sê, jy moet ‘n kind tugtig. Ek het haar nog nooit doodgeslaan nie, maar ek hoef haar nie meer pak te gee deesdae nie, want sy weet hoe ver sy my kan vat en dit waar ek stop... En dit raak so, as sy nie haar kamer netjies hou nie, dan pak ek haar goed op, dan sluit ek dit toe. Dan sê ek vir haar ek gaan dit vir die welsyn gee, dan is sy baie emosioneel daaroor, maar dan gaan dit weer vir so maand of twee goed.” (E)

Dit is vir respondent F gewoonlik net nodig om ferm te wees. Indien dit wel nodig is, neem hy die kinders se voorregte weg.

“Gewoonlik is dit net nodig om my stem dik te maak. Hulle weet mens mag dit nie doen nie, maar altwee van hulle het baie lanklaas ‘n pak slae gehad, dis nie meer nodig nie. S word gehok. Daar word van haar voorregte weggevat, dis ook baie selde nodig, maar nog steeds, partykeer moet jy. Ek sal vir haar sê sy mag nie by die maatjie gaan kuier nie, sy kan nie gaan uitslaap oor ‘n naweek nie, ek sal haar selfoon van haar af wegneem vir ‘n dag of so, dat sy nou nie met haar maatjies kan kontak maak nie. Sulke tipe van goed. M kan nie kom sit en ‘playstation’ speel of TV kyk nie. Dis vir hom baie erg, so hy gedra homself. Hy besef vinnig hy het iets verkeerd gedoen dan kom vra hy omverskoning. Hy is oor die algemeen ‘n baie ‘happy’, soet kind. S is bietjie dwars deesdae, maar dit is die ouderdom wat sy nou ingaan. ...Ek sukkel nie eintlik vreeslik met dissipline nie...” (F)

Na aanleiding van die navorsingsinligting het dit na vore gekom dat die respondente 'n moderne siening betreffende dissiplinerings aanhang, aangesien hulle, hulle kinders vanuit 'n demokratiese benadering dissipliner. Die respondente se mees gewildste strafmetode is die onthouding van voorregte, terwyl fisiese straf slegs as laaste uitweg aangewend word. Tydens die onderhoud het die navorser opgemerk dat die respondente duidelike reëls vir hulle kinders daarstel en toesien dat hierdie reëls konsekwent toegepas word. Studies wat gedragsprobleme van kinders in enkelmoedergesinne en enkelvadersgesinne vergelyk, suggereer dat kinders van enkelvaders minder gedragsprobleme as kinders van enkelmoeders het (Hilton & Devall, 1998:29, 48; Hilton *et al.*, 2001:35-36). Volgens Pruett (2000:32-33) neig vaders in hulle toepassing van dissipline om die klem te plaas op die meganiese- of gemeenskapsgevolge van gedrag, wat emosionele afstand aan dissiplinerings as 'n geheel gee. Voorafgenoemde gee die indruk dat vaders minder manipuleerbaar en meer amptelik is wanneer hulle grense stel. Die navorser is van mening dat voorafgenoemde kan verklaar waarom enkelvaders se kinders minder gedragsprobleme het as dié van enkelmoeders.

3.3.3.3. SUBTEMA: ONTSPANNING

Die konteks en aard van enkelvaders se sosiale aktiwiteite verander, dit sentreer rondom deelname aan enkelouerondersteuningsgroepe, enkeloueraktiwiteite en die kind/ers se aktiwiteite (Bigner, 1998:417).

Die navorser het gevind dat voorafgenoemde ook die geval is vir die respondente wat aan haar studie deelgeneem het. Dit het na vore gekom dat die respondente graag hulle naweke aan hulle kinders afstaan en dan saam met die kinders deelneem aan aktiwiteite wat vir die kinders plesier verskaf.

“...Ons braai saam, ons skop rugbybal saam en alles... Wat ons natuurlik ook baie ‘laaik’ vir ‘n ‘outing’, ons gaan klim sommer in die kar dan gaan ry ons om die dam, ry Nelspruit toe, ry Nylstroom toe ‘whatever’ of ry sommer net hier iewers heen. Sit ons, ons musiek aan, maak ‘jokes’ met mekaar en maak ‘jokes’ met die mense wat verby ons kom en sulke goedjies.” (A)

“...soos naweke, ag dit gaan verskil van mens tot mens, maar ek spandeer naweke grotendeels aan die kinders. Jy kyk kinderflics en jy gaan eet by plekke waar kinders welkom is. Soos Spur en McDonalds, dis waar jy gaan eet en jy kyk al die animasie stories. Goed soos ‘Superman’.” (B)

“As ek kan, dan vat ek hulle bietjie, jy weet, vakansies, en ons het ‘n mooi vakansiehuis en goed en of ek vat hulle plaas toe... Soos vandag nou, Saterdag, ons gaan braai, jy weet, ek probeer maar, jy weet, soos kinderflics, jy weet, ek begin dit al geniet.” (C)

“...en dan gaan kamp ons en doen dit en ons doen dit...” (D)

“Ek hou daarvan om haar na plekke toe te vat soos, ons was al, daai dieretuin en die akwariums platgeloop. Sy weet al waar’s die goeters. Alles waarvan sy hou, hardloop sy na toe en sy weet presies waar dit is. So, ons probeer soveel as moontlik doen, saam. Ek het ‘n plot net hierso op die Warmbad pad uit, so ons gaan meeste van die tyd, want dit is waar haar perd is. En daar is varkies en skapies en eendjies en hoenders en alles daar, so sy’s mal daaroor. So, ons probeer baie soontoe gaan.” (E)

“...naweke wil ek saam met my kinders spandeer... ..ek vat hulle so nou en dan, vat ek hulle nou uit Spur toe vir ‘n ete. M se verjaarsdag wat nou opkom, hy wil sy maatjies Rietvleidam toe vat om te gaan diere kyk, ons sal sulke tipe van goed doen. ...speel saam met M ‘playstation’ partykeer, ek kyk hoe hy speel, dit is vir hom baie lekker of ons kyk maar ‘n ‘movie’ of gaan neem vir hulle DVD’s uit. Soos ek sê ons gaan nie vreeslik baie uit nie. Ons sal nou volgende week, sal ons nou gaan die ‘Harry Potter’ flied kyk.” (F)

Volgens Emmers-Sommer *et al.* (2003:112) spandeer die oorgrote meerderheid enkelvaders tyd aan huishoudelike take, eksterne take en vermaak. Dus sal enkelvaders tyd saam met hulle kinders spandeer in die uitvoering van noodsaaklike aktiwiteite, soos om kruideniersware te gaan koop of wasgoed te was, en die bietjie tyd wat oorbly afstaan aan meer vermaaklikheids- eerder as minder vermaaklikheidsaktiwiteite. Beide die respondente en hulle kinders se weekdae bestaan onderskeidelik uit werk, skoolgaan en naskoolse aktiwiteite. Aan die einde van ‘n weeksdag is daar nie veel sprake van tyd vir ontspan vir die respondente en hulle kinders nie. Die respondente sien egter toe dat hulle nie naweke werk nie en beplan hulle naweke rondom aktiwiteite wat vir hulle kinders plesier verskaf.

3.3.3.4. SUBTEMA: GESLAG VAN DIE KIND/ERS

Seuns is meer geneig as dogters om by vaders met beheer en toesig te woon. Sommige navorsers skryf hierdie verskynsel toe aan die geloof dat seuns in egskeidingsituasies baat vind om deur vaders grootgemaak te word, terwyl dogters baat vind om deur moeders

grootgemaak te word (Jaffe, 1997:126; Martin & Colbert, 1997:239; Bigner, 1998:415; Smith, 1999:117).

Alhoewel daar meer seuns as dogters is in die enkelvadergesinne wat aan die navorser se studie deelgeneem het, het slegs respondent D beheer en toesig verkry op grond van die hof se mening dat dit meer in belang van die kinders sal wees om by die ouer van dieselfde geslag te woon. Respondent D was van mening dat sy hegte verhouding met sy seuns verder in sy guns getel het.

“En ek het hulle gekry nie omdat sy sleg is nie, sy verdien R19 000.00 per maand. Die hof het net gesê dat dit is beter vir ‘n kind om na dieselfde ‘gender’ toe te gaan, en dit is waaroor die uitspraak gaan. Hulle sê ja, maar hulle gaan opkyk na hulle pa, dieselfde ‘gender’, dieselfde belangstellings en goeters. Dis waaroor hulle na my toe gekom het ...” (D)

Volgens Martin en Colbert (1997:239) rapporteer enkelvaders dat hulle meer onseker is oor hulle ouerskapsvaardighede wanneer hulle ‘n dogter/s grootmaak. Respondente A en D bevestig hierdie stelling. Aangesien respondent A slegs seuns het, is hy van mening dat dit help om enkelouerskap vir hom makliker te maak. Volgens respondent D weet hy nie of hy vir enkelouerskap sou kans gesien het as hy ‘n dogter of dogters gehad het nie.

“Ek dink die groot ding is, wat vir my ook gelukkig is, is ‘laities’, so ons het baie in gemeen. Ons braai saam, ons skop rugbybal saam en alles...” (A)

“...en dogters, ek weet nie. ...ek kan my nie sien, ek weet nie hoe die ander pa’s dit doen nie, maar ek weet nie. Miskien as jy daar in is en jy het ‘n dogter van kleins af, sal jy weet, jy weet maar ek dink, maar net aan klere koop en sulke goeters. Nee, ek dink dis anderste.” (D)

Soos respondent D tereg sê hy sal heel moontlik anders gevoel en geredeneer het as hy ‘n dogter in plaas van net seuns van babajare grootgemaak het. Die navorser het egter gevind dat die twee respondente (E en F) wat wel dogters het, nie onsekerheid beleef oor hulle ouerskapsvaardighede rakende hulle dogters nie. Respondent E het wel erken dat dit vir hom bietjie moeilik was aan die begin, aangesien die grootmaak van ‘n dogter sekere vaardighede vereis, soos byvoorbeeld die maak van ‘n poniestert, wat hy moes aanleer. Soos hy dié vaardighede aangeleer het, het dit vir hom maklik geword.

“Dit was maar moeilik aan die begin, maar dit is eintlik, ek weet nie, dit is vir my, veral omdat sy ‘n dogtertjie is, is dit bietjie moeilik, want daar is sekere goedjies wat ek nie kan doen nie, wat ek moet doen, maar eerlikwaar ek weet nie wat is die ‘fuss’ daarvoor nie, dit is eintlik baie maklik. ...Dis net klein, soos ek sê ‘n seuntjie, is maklik, jy trek hom aan, sit sy skoene aan daar gaan hy. ‘n Dogtertjie is eers haartjies en allerhande goedjies, maar gesukkel aan die begin, maar aangeleer en dis maklik. Ek weet nie, dis hoekom ek sê, dis niks moeiliks nie, dis eintlik baie maklik.” (E)

“Wat vir my maklik is of maklik was, die dogtertjies kyk mos op na hulle pa toe en dis hoekom toe ons nou geskei is, het S, ek en sy het ‘n baie hegte band gehad.” (F)

Die navorser is van mening dat die respondente se betrokkenheid by hulle dogters se versorging en opvoeding reeds vanaf babajare, hulle gehelp het om vertroue te ontwikkel in hulle ouerskapsvaardighede rakende hulle dogters.

Bigner (1998:417) en Twaite *et al.* (1998:48) is van mening dat baie enkelouervaders besorg is oor die grootmaak van ‘n dogter in ‘n familiesisteem waar daar nie ‘n volwasse vrou is om as geslagsrolmodel vir die dogter te dien nie. Hulle wonder hoe hulle sosialiseringservaringe vir hulle dogters kan bied om hulle te help om die toepaslike geslagsrolgedrag te kan aanleer. Voorafgenoemde blyk nie ‘n bekommernis vir respondente E en F te wees nie. In beide respondente se alledaagse lewens is daar volwasse vroue na wie die dogters kan opkyk.

Die suster van respondent E het byvoorbeeld by hulle kom woon net na sy gewese vrou hom verlaat het. Sy het onlangs uitgetrek, maar besoek hulle nog gereeld.

“Maar gelukkig my suster en M, my suster het by my kom bly toe L uitgetrek het. So, hulle is baie ‘close’...” (E)

Respondent F se moeder en suster gee graag leiding wanneer sy dogter dit verlang. Hulle sal haar byvoorbeeld neem om klere te gaan koop. Haar beste maatjie se moeder is ‘n goeie vriendin van die respondent en sy gaan ook graag saam met hulle om klere te koop.

“Sy weet nie regtig wat is haar ma se rol in haar lewe en wat sy mis nie. Sy sien nou by die maatjies en so aan, die wat nou ma’s het wat daarso is, maar sy kyk maar na my toe om daai leemte te vul. En haar ouma en haar tannie E toe, my suster toe. Wat hulle doen, is hulle probeer nie ‘n plaasvervanger vir haar ma te wees nie, maar hulle

staan in waar S vra daarvoor, so ek dink dit werk baie goed ook. ...Ek het 'n vriendin en haar dogter en S is groot maatjies, so sy sal miskien saam met hulle gaan en daai tipe van goed doen (klere koop).” (F)

Slegs respondent F se dogter is in die vroeë stadium van adolessensie. Volgens Martin en Colbert (1997:239) is enkelvaders ambivalent om toepaslike leiding aan hulle dogters wat adolessensie bereik te verleen en noem dat die enkelvaders ongemaklik raak wanneer seksualiteit aangespreek moet word. Dit wil egter voorkom asof dit nie die geval is met respondent F en sy dogter nie. Alhoewel respondent F noem dat dit vir beide hom en sy dogter nie maklik is nie, is hulle verhouding van so aard dat hulle wel die vrymoedigheid het om met mekaar openlik te praat oor haar ontwikkeling na vrouwees.

“Jy weet my dogtertjie, sy gaan nou in puberteit in, jy weet, so, nou die deurmekaar hormone en al hierdie snaakse dingetjies wat met hulle begin gebeur. Dan sou dit eintlik makliker wees as daar 'n ma was om met haar, weet nou moet ek vir haar gaan help om 'pads' te koop en vir haar die goedjies te verduidelik en so aan. Hulle wil nie altyd regtig, 'okay', ons het 'n oop verhouding, so sy praat met my daaroor. Sy het my onmiddelik gebel toe die goed gebeur het, so, en ek was ook die enigste een wat geweet het dat dit wel gebeur het, sy wou nie eers met haar ouma daaroor praat nie, so, ons het 'n redelike oop verhouding.” (F)

Volgens respondent E maak die samelewing dit vir hom moeilik om na 'n dogter om te sien. Hy is van mening dat dit nie vir die samelewing normaal is as 'n vader en dogter 'n naby verhouding soos hy en sy dogter het nie. Wanneer daar wel so 'n naby verhouding tussen vader en dogter bestaan, word die vader se motiewe as duister beskou.

“Weet jy as dit net was oor my en M is dit baie maklik, maar die lewe buitekanttoe maak alles soveel moeilik, want ek en M, hier waar ek sit in die aand op die bank lê sy by my. Ek druk en soen my kind elke dag duisend keer. En vir ander mense buitekant is dit nie normaal nie. Wat hier aangaan is dalk vir mense nie normaal nie, hoe ek en M aangaan nie, dit maak dit moeilik, want hulle kan nie verstaan, soos ek sê ek druk en soen haar elke dag, dit is vir my niks. Waar ek en M loop, ek hoef nie eers, sy vat my aan my hand en hou my vas en ons loop. Dit is eintlik alles vir my natuurlike goeters en in vandag se lewe is dit alles onnatuurlik, want 'n man is altyd as hy dit doen, dan's hy, molesteer hy 'n kind of hy is 'n pedofiel of is hy dit of dat en dit is nie so nie. Dit is, ek dink eintlik dit is hoe dit moet wees. 'n Kind moet net so gemaklik kan voel om vir haar pa iets te vra as vir haar ma.” (E)

Die navorser is van mening dat dit vir 'n vader 'n groter uitdaging is om 'n dogter groot te maak as 'n seun, aangesien 'n vader met 'n dogter vaardighede moet aanleer waarmee hy nie bekend is nie. Die navorser het egter met haar studie gevind dat die twee respondente met dogters hulle goed van hulle taak kwyf. Volgens Jaffe (1997:92), Nielsen (1999:147) en Lamb (2000:35) word pa- en/of ma-wees aangeleer. Ouers wat dus by hulle kinders se versorging betrokke is, ontwikkel selfvertroue in hulle ouerlike vermoëns. Aangesien beide respondente vanaf babajare betrokke was by hulle dogters se versorging en opvoeding het hulle vertroue ontwikkel in hulle ouerskapsvaardighede rakende hulle dogters en 'n baie nou band met hulle dogters opgebou. Daarom is dit vir die respondente, sowel as hulle dogters normaal om 'n nou band en oop verhouding met mekaar te hê. Beide respondente het ook betroubare vroulike familieledes om as die nodige geslagsrolmodelle vir die dogters op te tree. Die navorser is van mening dat alle vaders aangemoedig moet word om net so betrokke te wees by hulle dogters se opvoeding en versorging as wat hulle is by hulle seuns se opvoeding en versorging.

3.3.3.5. SUBTEMA: DIE MOEDER SE KONTAK MET DIE KIND/ERS

Een van die gevolge van egskeiding is skeiding in ouerskap, aangesien die ouers van 'n kind/ers nie meer bymekaar woon nie. Die een ouer verkry beheer en toesig oor die kind/ers, terwyl die ander ouer se mag en toegang beperk word tot bepaalde tye (Bigner, 1998:428-429; Benokraitis, 2005:440).

Die respondente se gewese eggenotes het soos volg kontak met die kind/ers:

“Die kinders gaan kuier elke tweede naweek by hulle ma.” (A)

“Die reëlins die afgelope jaar en 'n half is dat sy die kinders elke tweede naweek twee tot drie ure onder my toesig besoek. Voorheen kon sy die kinders elke tweede naweek kry. Sy het die kinders een keer 'n maand of een keer in twee maande gesien. Sy maak telefonies kontak met die kinders van tyd tot tyd: een keer 'n week of een keer 'n maand.” (B)

“...die hofbevel sê sy mag hulle net onder toesig sien omrede daar was baie goeie redes hoekom hulle dit gedoen het. Sy mag hulle nie verwyder nie, daar moet iemand by haar wees. ...en sy's nou twee jaar laas wat sy die kinders gesien het of gekontak het. ...sy het die geleentheid om hulle te sien, maar sy kom met allerhande

verskonings. Sy bly ter ver, haar ma bly twee blokke hiervan weg, dan kom kuier sy vir haar ma, maar sy kom kuier nie vir die kinders nie. En dan sê sy nee as sy hier kom, iemand moet haar dophou en sy voel geïntimideer of ek maak dit moeilik vir haar...” (C)

“...ekke het gesê ‘open door policy’. Jy kan nie liefde aan en afsit nie, jy kan nie vir daai laaitjie daar sê jy sien nie jou ma vir die volgende twee weke nie, jy bel haar nie. Daar’s die telefoon, as jy haar nou mis, bel haar nou, want hulle kry ‘sprees’, hulle mis hulle ma, dit is so, bel haar, sê sy moet jou kom oplaai, so ek het ook vir ma gesê laat hy een aand by jou oorslaap en dan bring jy hom net môre-oggend terug skooltoe, dis nie so woes nie, want hulle is nog klein... ...Selfde met haar, ek het haar gesê enige tyd, jy kan hulle enige tyd kom oplaai, die enigste ding vir my, sorg net as jy hom kom oplaai vir die middag, want jy, mens kry sulke ‘down tye’ dan wil jy jou kinders by jou hê en ek weet sy gaan deur dit, vat hom en help hom net daai middag met sy huiswerk.” (D)

“Ag, sy kry so nou en dan haar dae wat sy sê sy verlang na haar ma, maar dan, ons het van die begin af was dit oop. Sy kan haar enige tyd sien wat sy haar wil sien of haar bel wanneer sy haar wil bel, maar elke tweede naweek bly sy by haar, maar sy ‘skip’ baie naweke, sy sien haar effektiewelik vier dae in ‘n maand. Party dae dan het sy funksies aan dan kom haal sy haar nie. Sy kom haal haar die Vrydag en bring haar die Saterdag terug. Nee, sy is nie rerig betrokke met M op die oomblik nie, glad nie.” (E)

“...op hierdie stadium het sy geen toegang na hulle toe nie. Ek het selfs telefoonoproepe gestop... En veral vandat ons geskei is, sy het nie ‘n punt daarvan gemaak om elke twee weke die kinders te kom haal en vir ‘n naweek nie, partykeer was sy nou besig gewees en dan’s sy vir ‘n maand nou glad nie gesien, geen kontak gehad nie. Skielik is sy nou weer daar en dit krap hulle net deurmekaar. Daar was nie ‘consistency’ gewees nie, so ek het gesê as sy nie dit so belangrik ag nie dan moet sy dit maar eerder los. Dan kom hulle terug, dan is hulle omgekrap en hulle is deurmekaar en hulle is bakleierig en so aan. Dis nie hulle skuld nie, hulle is net deurmekaar. So, om ‘n ouer te wees al is jy nie die ene wat beheer en toesig het nie, dis nog steeds ‘n verantwoordelikheid en jy kan nie ‘n halwe ‘job’ daarvan doen nie. Dis ‘n voltydse ding. Daar is niks van wanneer dit jou pas nie, dit gaan oor die kinders. Of jy doen dit of jy moet dit nie doen nie.” (F)

Hilton *et al.* (2001:43) het in hulle studie bevind dat die helfte van die enkelouervaders wat aan hulle studie deelneem, hulle kinders vrye toegang tot hulle moeders toelaat, terwyl slegs tien persent van die enkelouermoeders in hulle studie hulle kinders vrye toegang tot hulle vaders toelaat. Dit wil vir die navorser voorkom asof die respondente ook baie meer toegeeflik is teenoor hulle gewese eggenotes rakende hulle kontak met die kinders. Die respondente moedig byvoorbeeld kontak tussen die kinders en hulle gewese eggenotes aan soos wat hulle 'n behoefte daaraan het, solank die nodige reëlings getref word. Respondent B het selfs sover gegaan om sy gewese eggenote toe te laat om die kinders onder sy toesig elke tweede naweek te sien, in plaas daarvan om haar kontak te weier.

Moeders wat nie beheer en toesig verkry nie is meer geneig as vaders wat nie beheer en toesig verkry nie om kontak met hulle kinders te behou deur middel van briewe, telefoonoproepe en besoeke (Richards & Schmiege, 1993:282; Stewart, 1999:899-900; Pruett, 2001:104; Benokraitis, 2002:414-415; Amato & Sobolewski, 2004: 346, 348-349; Bokker, 2006:162, 165). Die navorser se navorsingsinligting dui egter daarop dat die respondente B, E en F se gewese eggenotes meer soos vaders sonder beheer en toesig optree wanneer dit kom by die maak van kontak met die kinders. Die kinders kan elke tweede naweek by hulle moeders gaan kuier, maar die moeders benut byvoorbeeld nie elke tweede naweek hulle besoekregte nie en sal op kort kennisgewing die kinders se kuiertjies kanselleer. Telefonies maak die moeders ook baie ongereeld kontak. In respondent C se geval het die moeder haar al vir twee jaar van die kinders onttrek. Volgens Greif (1995:222) is daar byvoorbeeld tye wat die enkelouervaders stappe neem om hulle gewese vrouens se betrokkenheid te laat afneem. In respondent F se geval het hy sy gewese eggenote alle kontak met die kinders belet, aangesien haar ongereelde kontak die kinders meer skade as goed doen.

3.3.4. TEMA VIER : LEWENSTYLONTWRIGTING

Alhoewel enkelouervaders gewoonlik minder ontwrigting in hulle lewenstyle ervaar as enkelouermoeders, vind hulle dat hulle as primêre versorger van die kind/ers belangrike veranderinge in hulle lewenstyl en prioriteite moet maak. Die band tussen vader en kind word 'n nuwe brandpunt vir selfbepaling en vorm die kriteria waarrondom 'n enkelvader sy werk en sosiale lewe organiseer.

3.3.4.1. SUBTEMA: EIE SOSIALE LEWE

Volgens Bigner (1998:417) rapporteer die meeste enkelvaders dat hulle nie genoeg tyd tot hulle beskikking het om 'n bevredigende sosiale lewe vir hulleself te skep nie. In die navorser se studie is hierdie stelling slegs op respondente B, C en F van toepassing.

“...die feit laat ‘n mens ‘n enkelouer is en so, maak dat jy partykeer baie van jou goed vergeet, want jou lewe draai so om die kinders dat jy nie rerig by jou goed uitkom nie, goed soos, weet jy wil saam met jou vriende kuier en jy doen dit, maar partykeer kom dit maar tweede ter wille van die kinders se goed, want jy ry hulle na partytjies toe, na maatjies toe en dan kom jy nie altyd by jou goed uit nie, soos ‘gym’ en so, dit staan partykeer bietjie oor...” (B)

“...al wat my vang is ek kom nêrens meer sosiaal uit nie. Ek moet êrens begin ‘n streep trek en sê A, of jy weet my ma, sy’s nou oud, maar kry iemand, bly julle bietjie vannaand by die kinders, ek wil bietjie uitgaan. Jy weet gaan eet of iets saam met ‘n vriendin of ‘n ding. ...Ja, maar ek kort net daai bietjie vir myself, want ek voel ek raak agteruit die, jy weet nie gemeenskap nie, maar ek moet ook maar bietjie grootmens goed doen.” (C)

“Weet ek doen nie genoeg nie, ek weet ek doen nie genoeg nie. My ‘hobbies’ is nou maar lees, maar ook nie so baie soos ek moet lees nie. Weet, ek wil nou weer begin ‘swot’ en dit gaan baie van my tyd opvat. Ek het vir my ‘n ‘helicopter’ gekoop wat ek nou gaan begin ‘try’ vlieg en sulke tipe van goed. Maar ek weet ek doen nie genoeg vir myself nie. ...Maar, ja, my fout en dis iets wat ek moet doen en meer aandag daaraan ook gee. Op hierdie stadium vat my kinders omtrent die ‘bulk’ van my tyd op.” (F)

Die respondente het egter ook daarop gewys dat hulle wel sosiaal verkeer. Dieselfde middag as wat die onderhoud gevoer is, het respondent C saam met sy kinders by vriende gaan braai, terwyl respondent F bevriend is met die moeder van sy dogter se beste vriendin. Sy sal byvoorbeeld by hulle kom rugby kyk en daarna sal hulle braai.

Respondente A, D en E maak gebruik van die naweke wat die kinders by hulle moeders gaan kuier om dinge te doen wat vir hulle aangenaam is.

“Weet ek spot altyd daar by die werk ek sê: Weet julle wat né daar by die huis vat Mev. J gereeld oor. Ja, maar wie’s Mev. J? Sê nee ek loop tot so by die spieël dan gaan kyk ek so dan sê Mev. J vir my jy moet nou gaan wasgoed was...As hulle nou naweke weg is, dan sê ek, dan gaan ek daar na Mev. J toe, dan sê ek: Hoor hierso Mev. J ek gaan nou gou-gou bietjie daar by B kuier en so paar brandewyntjies drink, jy mag nie vir my kwaad wees nie. Dan sê Mev. J: Dis reg. So, dis maar my gespotterty met die Mnr. en Mev. J.” (A)

“...daai naweek wanneer hulle na ma toe gaan, is dit asof ek, dan, ek kom omtrent nie uit die huis uit nie, dis asof ek dan net lê en slaap en ‘unwind’.” (D)

“Ek beplan my goed so, soos ek sê elke tweede naweek as M nie hier is nie dan gaan doen ek wat ek wil doen. As dinge gebeur laat sy nie na haar kan kyk nie dan kanselleer ek dit.” (E)

Dit wil vir die navorser voorkom asof dié respondente wie se gewese eggenotes betrokke is by die kinders meer vrye tyd tot hulle beskikking het om ‘n bevredigende sosiale lewe vir hulleself te skep, in vergelyking met dié respondente wie se gewese eggenotes baie min of glad nie betrokke is by die kinders nie.

Vervolgens is Hilton *et al.* (2001:35) van mening dat enkelvaders wel mansvriende het, maar selde kameraadskap en ondersteuning van ander mans soek. Hulle vorm vriendskappe met enkelmoeders of enkel vroue.

Vanuit die onderhoude het dit egter vir die navorser na vore gekom dat die respondente se vriendekring in ‘n groot mate bestaan uit egpare, asook geskeide mans en vroue wie se kinders min of meer dieselfde ouderdomme is as dié van die respondente. Respondent E het in teenstelling met Hilton *et al.* (2001:35) byvoorbeeld twee goeie mansvriende wat albei geskei is. Alhoewel die mansvriende nie beheer en toesig verkry het nie, is hulle kinders gereeld by hulle. Daar is selfs ‘n instelling tussen respondent E en die een vriend om elke Woensdag bymekaar te kom en beurte te maak met kosmaak.

“Soos hierdie een vriend van my... ..Een van my vriende...hy’t twee dogtertjies wat die twee oudstes se ouderdomme is en sy vrou...” (A)

“...baie van my vriendekring is mense met dieselfde ouderdom kinders... ..soos nou vanmiddag, as ek A gaan haal, dan gaan ons braai by ‘n ou, hy en sy vrou is ‘n baie goeie familie met ook ‘n dogtertjie en ‘n seuntjie. ...en van my vriendinne wat hier kom het ook ‘n seuntjie, ook geskei...” (C)

“...hulle is nou geskei, ek is toe geskei... ..So, ons drie piekel maar so saam. Die kinders is elk geval meeste van die tyd by hulle. Al verskil M bly by my.” (E)

“...dis nou rugby seisoen, so ek het ‘n vriendin wat kom, gewoonlik hierso kom kyk en sy’t ‘n seun en ‘n dogter. Die die dogter wat S se groot pel is. Die seun is nou bietjie ouer, maar hy en M speel lekker saam... So, jy weet, dan sal hulle nou hierso rond speel, ons sal maar vleisie braai, kuier ons nou maar so saam.” (F)

Na aanleiding van die navorsingsinligting is dit baie duidelik vir die navorser dat die respondente weens hulle verantwoordelikhede as ouer nie so ‘n aktiewe sosiale lewe het soos ‘n vader sonder beheer en toesig nie. Die grootste struikelblok vir die respondente wanneer hulle wil uitgaan sonder die kinders, is om betroubare toesig vir hulle kinders te reël. Weens voorafgenoemde het die respondente wie se kinders sekere naweke by hulle moeders gaan kuier meer geleentheid om ‘n bevredigende sosiale lewe vir hulleself te skep as dié respondente wie se kinders nie weggaan om hulle moeders te besoek nie. Alhoewel sommige respondente weens praktiese redes ‘n meer bevredigende sosiale lewe het, het elk van die respondente aangedui dat hulle ‘n vriendekring het.

3.3.4.2. SUBTEMA: HOUDING TEN OPSIGTE VAN TOEKOMSTIGE VERHOUDINGS

Volgens Bigner (1998:417) rapporteer die grootste persentasie enkelouervaders dat hulle nie onmiddellike planne het om weer te trou nie. Voorafgenoemde het ook in die navorser se studie na vore gekom. Verskeie skrywers is van mening dat vaders dit mag vermy om vrouens uit te neem, aangesien hulle nie hulle kinders wil verwar deur hulle aan ‘n nuwe vrou bekend te stel nie. Deur ‘n vrou huis toe te bring, kan ook negatiewe reaksies by die kind/ers ontlok. Die kind/ers mag selfs verbaal beswaar aanteken (Greif & DeMaris, 1990:265, Greif, 1995:222; Hamer & Marchioro, 2002:118). Alhoewel van die respondente (A, B, D en F) aandui dat hulle ‘n behoefte het aan ‘n lewensmaat, is dit vir hulle baie belangrik om in die proses nie van hulle kinders te vergeet nie.

“Maar ek dink op die ou einde van die dag dit sal lekker wees om weer ‘n vrouefiguur in die huis te hê. Dit sal lekker wees. Ek dink nie dit is altyd lekker om alleen te wees nie.” (A)

“So, mens het ‘n behoefte aan ‘n lewensmaat en nou sit jy met ‘n frustrasie, die kinders kom wonderlik oor die weg met iemand, maar jy’s glad nie geïnteresseerd in daai persoon nie. En ander kere dan dink jy dis ‘n wonderlike persoon, maar dis net die kinders het ‘either’ glad geen kontak met daai persoon nie of jy sien daai persoon voel nie rereg oor jou kinders soos wat jy oor hulle voel nie. So, jy’t ‘n behoefte aan ‘n lewensmaat, maar om weer daai behoefte effektief te, om daai posisie as ek dit so kan noem, weer effektief te vul, dis baie moeilik.” (B)

“...ek het ‘n vriendin, ek en sy is nou so amper twee jaar saam... ..ekke glo nie om ‘n ander vrou in die huis te bring om nou vir hulle ma te word nie, ek glo nie daaraan nie. Ek is nie lelik nie, dit is nie reg nie. ...So ek het ‘n vriendin... Sy sal nooit vir hulle iets sê wanneer dit kom by gedrag nie, maar tog is daar daai liefde, sy sal vir hulle opskep en dit doen en dit doen, daai tipe goeters, maar ek glo glad nie in dit nie. En ek het net gesê, hoe lank is dit, as hulle 16 is, is hulle uit die huis uit, dan is hulle met ander belange, hulle is skaam vir pa en ma. Dis drie, vier jaar. Sê vier jaar van nou af vir my, as ek nie vier jaar van my lewe dit voor kan opoffer nie. Ek gee nie om met wie jy trou nie, daar’s altyd moeilikheid, daar’s altyd baklei, want dit is hoe die lewe is. Om hulle weer deur so ding te sit. Tagtig persent van tweede huwelike werk nie. Tagtig persent. So, jy’t ‘n tagtig persent kans om hulle weer seer te maak, nie die moeite werd nie, wag eers, dis hoe ek dit sien, eerlik.” (D)

“Weet jy, op hierdie stadium dink ek is ek min of meer reg daarvoor. Ek was vir ‘n lang tyd glad nie, ek het nie belang gestel nie, ek wou nie iets daarmee te doen hê nie, ek wou niemand rerig by my toegelaat het nie, ek het besluit ek gaan nou ‘n ‘bacherlor’ word. Ek is op hierdie stadium is ek, ek dink, ek is reg daarvoor. Dis net belangrik dat as daar ‘n persoon in my lewe inkom, dit gaan nie net oor my en die persoon nie, dit gaan om my en die persoon en die kinders en as daar aan daai kant is. Want dis nou maar die situasie, jy het ‘n helse klomp ‘baggage’ wat saam met jou kom en die ander persoon gaan tien teen een ook hê en as daai dinamiek goed werk, dan is dit reg. ...ja, ek is ontvanklik vir dit.” (F)

Dié vaders wat kwesbaar is en seergekry het as gevolg van die egskeiding, vind dit egter moeilik om weer te begin uitgaan (Greif & DeMaris, 1990:265; Greif, 1995:222; Hamer & Marchioro, 2002:118). Aangesien respondent C ‘n stormagtige huwelik gehad het, is hy nou baie versigtig om weer ernstig by iemand betrokke te raak. Hy erken dat hy wel vriendinne het, maar hou die verhoudinge platonies.

“...ek het ook vriendinne, maar ek is te bang om te betrokke te raak met vrouens, voor jy weet dan soek hulle ‘n ‘remote’ vir die hek. Op die oomblik kom my kinders vir my eerste. ...hulle moet weet daar sal eendag dalk ‘n mamma kom, maar ek gaan nie nou uit en hardloop om een te gaan soek vir die kinders nie. ...Al wat ek wens ek kan vir hulle ‘n goeie ma kry, maar ek gaan nie net sommer die eerste en die beste vat nie. Hierdie skoot sal ek na daai ma kyk soos wat ek na die beste op die plaas se stamboek kyk, ek sê nou vir jou. Ek sal teruggaan om te kyk wie was hulle oupa’s en

ouma's en wat het met hulle gebeur. Ek vergelyk nie al die vrouens met wat ek gehad het nie, maar tog nog..." (C)

Volgens respondent E was daar 'n vriendin wat by hom gekuier het, maar sy het besluit dit werk nie vir haar nie. Die navorser is egter van mening dat respondent E nog nie emosioneel gereed is om 'n nuwe verhouding te betree nie. Hy het erken dat hy sy gewese vrou weer 'n kans sal gee as sy wil terugkom.

"Ek het een vriendin gehad wat op 'n stadium by my gekuier het vir so maand, toe sê sy vir my sy kan nie. Ek sal nooit al die aandag aan haar kan gee wat sy wil hê nie, want ek het te veel vriende. Sy sê ons is nooit alleen nie... Ek het al gedink, as L besluit sy wil terugkom, hoe ek dit sal hanteer. Ek sal 'obviously' dit 'n kans gee, maar ek sal nie dat sy hier kom bly nie. Sy kan bly waar sy is, as sy rerig dit wil reg hê, sal sy deur die hele proses stap en dit sal lank vat. Dit sal nie 'n maand of twee wees nie, dit sal 'n jaar of twee wees voor ek sal besluit sy kan terugtrek hierna toe, voor ek haar sal vertrou." (E)

Bigner (1998:417) is ook van mening dat enkelvaders rapporteer dat hulle deelneem aan seksuele aktiwiteite, maar die meeste vaders voel dat diskresie noodsaaklik is en dat saamwoon 'n ongewenste model van volwasse verhoudings vir die kind/ers is. Respondente B en D sluit by Bigner (1998:417) aan, aangesien hulle van mening is dat dit baie belangrik is dat hulle die regte voorbeeld stel vir hulle kinders.

"...jy kan nie elke maand 'n ander meisie hê nie, verstaan jy. Dan het jy liever glad nie meisies nie, want wat se beeld kry hulle van 'n meisie, van 'n verhouding?" (B)

"...ek sal nooit laat sy oorslaap by my nie, ek sal nooit by haar oorslaap nie, nooit nie. Ek is nog van die ou garde, ek hou nie daarvan nie, ek glo nie daaraan nie, want ek gaan nie my kinders dit aanleer nie, ek sal nie. Ek sal ook nie sit en vry voor my kinders of hande vashou nie. Ek is, ek weet nie hoe om jou te sê nie en ek het nou al baie van hierdie ouens gesien en goeters en dit is so orig, dit is vir my siek man. Jy maak daai kinders so seer, want hier sit nou die vrou, nee. Dis nie hoe dit moet wees nie. Daar's 'n tyd en 'n plek vir alles. Vat haar eerder, gaan eet uit saam met haar of gaan na 'n plek toe, maar nie by die huis nie..." (D)

Die respondente is nie een haastig om weer in die huwelik te tree nie. Alhoewel sommige van die respondente aandui dat hulle 'n behoefte het aan 'n huweliksmaat, besef hulle dat

dit nie net oor hulle behoeftes gaan nie, maar dat hulle ook hulle kinders by so 'n belangrike besluit, in ag moet neem. Dit is vir hulle baie belangrik dat die spesiale persoon in hulle lewe deur hulle kinders aanvaar word en dat sy op haar beurt die kinders aanvaar. Daar is van die respondente wat emosioneel baie seergekry het en ambivalent is oor of hulle weer 'n vrou in hulle en hul kinders se lewens wil toelaat. Aangesien ouerskap tans die fokuspunt vir die respondente is, is hulle nie aktief op soek na 'n potensiële lewensmaat nie. Dit is vir die respondente belangrik om die regte voorbeeld van 'n volwasse verhouding vir hulle kinders daar te stel en is dus nie ten gunste daarvan om hulle kinders gereeld aan 'n nuwe metgesel bloot te stel nie. Die navorser is van mening dat die vrou wat by die respondente betrokke raak nie iemand moet wees wat bedreig sal voel deur die noue band wat die respondente met hulle kinders het nie.

3.3.5. TEMA VYF: POSITIEWE EN NAGATIEWE ASPEKTE VAN ENKELOUERSKAP

3.3.5.1. SUBTEMA: POSITIEWE ASPEKTE VAN ENKELOUERSKAP

Die enkelouervaders in Hamer en Marchioro (2002:126-127) se studie het die volgende aspekte uitgelig as die mees belangrikste van enkelouer wees: hulle vermoë om “alles” te wees vir hulle kind/ers; om die primêre dissiplineerder van hulle kind/ers te wees; deur daarop trots te wees dat hulle hulleself leer kook het, kan klere was, na hulle kind/ers luister, hulle tyd so indeel dat hulle in hulle gesin se behoeftes voorsien en dat hulle die meeste ander ouerlike take uitvoer wat 'n goeie ouer definieer. In Emmers-Sommer *et al.* (2003:113) se studie het die volgende temas vir die vyf enkelvaders wat aan hulle studie deelgeneem het uitgestaan: om 'n gevoel van liefde, sekuriteit en aanvaarding van hulle gesinsomstandighede te kweek; om waarde te heg aan hulle verhouding met hulle kind/ers; dat beide vader en kind mekaar se lewens verryk; om hard daaraan te werk om hulle kinders te ondersteun; om deur middel van verskeie aktiwiteite soveel as moontlik tyd saam met hulle kinders te spandeer en om aan hulle kind/ers te kommunikeer dat hulle lief is vir hulle en hulle waardeer.

Alhoewel die respondente op die vraag wat is vir hulle positief om 'n enkelouer te wees, uiteenlopende antwoorde gegee het, stem hulle antwoorde baie ooreen met die literatuur.

“...dit maak jou 'n sterk mens, dit maak jou 'n baie selfstandige mens, dit maak jou baie wys, rerig dit maak jou...ek dink, ek sal nou sê ek het baie wyser geword omdat ek enkel is, ek het baie dinge in die lewe geleer wat eintlik ek nie 'suppose to be' is om te, hoef te ken nie het ek geleer. So, dit maak jou slim, dit maak jou wys, dit maak jou

sterk, dit maak jou dubbeld ekstra veg. Dit maak jou dubbeld meer verantwoordelik. ...Ek dink net jy is dubbeld meer verantwoordelik, jy's dubbeld meer slimmer, wyser, regtig. As daar 'n pa en 'n ma is, né, die ma dink nog steeds net aan ma dinge en die pa dink net aan sy pa dinge, maar soos in my geval is ek moet pa en ma dink." (A)

"...daar's nooit rerig verskille oor hoe moet die kinders grootgemaak word nie. So, daar is harmonie, daar's nie verskillende opinie en sulke goed nie, die kinders weet presies waar, alles is mooi deursigtig en eenvoudig. Die kinders weet wat hulle mag doen en wat hulle nie mag doen nie en hulle weet wat van hulle verwag word. ...want omrede daar net een volwassene in die huis is, word baie van die verantwoordelikhede na die kinders toe afgeskuif, so, hulle moet hulle eie wasgoed in die wasgoedmandjie sit, hulle moet hulle eie borde terugvat wasbak toe laat dit gewas word. ...Jou kinders, ek kan sien hulle word vinnig onafhanklik en selfstandig. Vinniger as wat dit andersins sou wees, dit is vanwee die situasie en dit is nie negatief nie, ek dink dis nogal 'n positiewe ding. ...daai ekstra tyd, daai selfstandigheid en die harmonie en dat hulle onafhanklik word, ek dink dit is definitief positiewe goed. ...wat ek net wil sê by 'n positiewe ding is miskien die kinders modelleer jou gedrag, so hulle het 'n baie duidelike voorbeeld en 'n konstante voorbeeld, dis die positiewe kant..." (B)

"...In my omstandighede is dit baie meer voordelig vir die kinders om 'n enkelouer te wees... ...Vir my is dit baie positief dat of wat vir my uitstaan is hierdie kinders moet 'n goeie opvoeding kry, hulle moet ook weet wat is 'n vrou se rol, jy weet, daai vrouwees wat nie daar is nie. Hulle moet weet die dag as hy trou, daar gaan 'n vrou, dit is, hulle moenie so grootgemaak word dat net, ek is pa en ma, jy weet, dit probeer ek hulle baie, ek is pappa, ons mamma is net nie hier nie. Jy weet, sy's ons sal nog een kry. ...maar hulle moet blootgestel word aan, jy weet, vroulike figure." (C)

"Hulle het my maniere en my geaardheid. Dis my maniere, my geaardheid wat hulle gaan hê, want dit is net so. Jy smeer af aan hulle. Hulle gaan my maniere, my geaardheid hê, 'finish' en klaar, definitief. Toe hulle by my gekom het daai tyd het hulle C se maniere gehad, presies dieselfde. Mens sien dit, ek weet nie. Jy sien dit direk. Dis die grootste vir my, daai ekke smeer af aan hulle. Hulle gaan presies my geaardheid hê en presies my maniere hê, maar al wat, en ek weet waar ek my foute gemaak het en dis waarom ekke my maniere verander het teenoor 'n vrou, verstaan jy, ek het nooit aan my vrou geslaan of sulke goed nie, maar ek het haar nie mooi behandel nie. Ek het haar nie soos 'n vrou behandel nie en dit is waar my fout was. Jy

verstaan, dis my fout, so net daai fout van my wil ek net by hulle regmaak, hulle moet nie daai fout maak nie.” (D)

“Die hele proses is eintlik ‘n positiewe proses. Om alles te kan...om te kan sit hier waar ek nou sit en sê ek kan dit doen is al klaar...die hele ding, alles daaraan is positief, want daar’s baie goed wat jy dink jy nie kan doen nie en jy kan eintlik alles doen. ...My dogtertjie het elke dag ‘n ‘smile’ op haar gesig en sy’s gelukkig, ek kan dit sien. ...Soos dit is die grootste gedeelte wat M, M deur al hierdie goeters gelukkig kan wees. Dit beteken ek doen iets reg en maak my gelukkig, so, ag, ek kan net kyk na alles wat ek bereik het. ...Die hele proses is vir my, dis ‘n positiewe proses. Ek is ‘n beter mens, rerig ek’s ‘n beter mens. ...ek was maar ‘n snaakse ou gewees. Ek het reëls en jy bly by die reëls, as jy nie by die reëls bly nie het ek nie altyd ‘n mooi manier gehad om dit vir jou te sê. Maar ek dink, ek is nog steeds so, maar ek dink nog steeds ek’s ‘n beter mens. Ek verstaan goed baie beter. Ek kan ‘n situasie dadelik lees, omdat ek self in die situasie was. ...Ek het baie meer geduld, want jy moet geduld hê. So, die hele proses is vir my positief. Alles is, ek kan nie vir jou...daar is soveel goed waaroor jy, wat die hele proses is, soos ek vir jou sê, my verhouding met M, hoe ek is, alles, die hele proses is vir my positief gewees. Ek kan nie vir jou nog spesifieke goed sê nie, want daar’s baie goeters wat ek kan oor praat.” (E)

“Kyk, ek deel alles wat in my kinders se lewe aangaan met hulle. Dis vir my lekker om dit te doen, al die goed wat hulle doen, is ek by betrokke. Ek gaan deur al hulle fases saam met hulle, ek kan sien hoe hulle ontwikkel, ek kan sien hoe hulle groei, ek sien hoe hulle grootword. Al die oulike goedjies wat hulle doen, ek is die heelyd daarso, miskien tot ‘n groot mate meer as wat in ‘n geval waar daar twee ouers is, weet, van die ouers gaan sekere goed mis, ek is betrokke by alles... Ek is die heelyd deel van hulle lewens en hulle is van myne... ...ek en my kinders is baie naby aan mekaar, dis vir my baie positief. ...wat ek glo die regte manier is om die kinders groot te maak, dis my opinie, daar’s nie ‘conflicting’ opinies nie. Die tyd wat ek getroud was, was daar regtig gewees. My eks het maar snaakse idees gehad. Ek dink nie sy verstaan regtig wat is kinders se behoeftes nie. Enne ek moes gereeld keer... ...Sy het baie meer toegelaat... ...dit was nie vaste grense nie. Dis vandag daarso môre is dit nie daar nie. Weet en dit ‘confuse’ ‘n kind verskriklik. ...dit maak dit verskriklik moeilik, dan moet ek daarso staan en ek moet sê: maar luister, kyk hierdie grense is nog steeds daar. Dit help nie, jy kan nie vandag sê nee en môre sê ja nie, daar is nie ‘n storie van ‘maybe’ nie, dit is ja of nee. As jy gesê het nee al was jy half onredelik gewees dan is dit nog steeds nee, jy moet konsekwent wees in jou besluite. En dit het sy glad nie gedoen

nie, hoor. As ek nou gesê het nêr vir 'n ding, dan het sy nou na die tyd gesê nêr jy is nou onredelik, ja, jy weet daai tipe van goed. ...En dit doen die kinders verskriklik skade. Dis verkeerd, jy weet.” (F)

Elke respondente se situasie is uniek en dit het tot gevolg dat hulle uiteenlopende aspekte uitlig wat vir hulle positief is rakende enkelouerskap. Die navorser het opgemerk dat die respondente optimistiese persone is wat eerder die positiewe in 'n situasie uitlig en raaksien as die negatiewe. As hulle omstandighede verander sal hulle eerder die nodige aanpassings maak as om daarvoor te tob.

3.3.5.2. SUBTEMA: NEGATIEWE ASPEKTE VAN ENKELOUERSKAP

Alle vaders vind dat ouerskap vir hulle te veel kan word. Die enkelouervaders in Smith (2003:157) se studie, vind dat dit vir hulle moeilik is om die konstante aandag wat hulle kinders van hulle eis te hanteer en voel dat hulle nie genoegsame idees kan genereer om hulle kinders besig te hou nie. Argumente tussen die kinders dreineer hulle energie en selfvertroue. Voorts rapporteer dieselfde enkelouervaders dat die afwesigheid van gereelde volwasse geselskap vir hulle 'n probleem is.

Op die vraag wat is vir hulle negatief van enkelouerskap, het die respondente uiteenlopende antwoorde gegee.

“Weet jy ek dink die mees negatiefste ding is vir my is laat ek alleen moet, hoe kan 'n mens sê, weet as jy 'n man en 'n vrou in 'n verhouding is, dan is daar twee breine wat dink, daar's twee mense wat... en een ou alleen sal nooit twee breine kan opmaak nie. Jy kan wyser raak soos wat ek gesê het, jy raak wyser maar, jy sal nooit twee breine kan...So, dit is vir my partykeer moeilik. Ongelukkig as jy alleen is dan maak jy 'n besluit, weet nie of dit die regte een is of nie. As daar 'n man en 'n vrou is, kan die vrou 'n besluit neem in die huishouding en die man kan sê wo, wo, wo hoor hierso kom sit gou-gou hierso, kyk gou uit hierdie perspektief. Weet, daar is nie vir my iemand wat kan sê breek, breek, breek, kyk nou-net wat het jy nou-net gesê. So, dit is vir my baie negatief. Ek sal baie graag daai ekstra hulp wou gehad het... ...En natuurlik soos wat ek in die begin gesê het, daai as hulle weg is dan vang eensaamheid my, regtig, dan is dit nou maar so, dan is jy alleen...” (A)

“...ek dink die negatiewe kant daarvan is hulle het net een persoon se gedrag om te modelleer. Dit sal miskien goed wees as daar bietjie verskeidenheid is. ...Om emosioneel te voorsien en finansieel te voorsien aan die kinders. Finansieel vir my nie so erg nie, maar die emosionele deel is baie erg. Dis dreinerend, dis veeleisend. Jy

kom in die aand by die huis dan is jy flou. ...ek meen as jy 'n dag lank gewerk het en jy's rerig flou dan kom jy hierso en dan het hulle ook allerhande behoeftes en dinge wat hulle wil doen en party aande het jy net nie altyd spoed vir al daai goed nie, selfs in 'n egpaar situasie, in 'n volledige gesin situasie, so, as 'n enkelouer ervaar jy dit net meer en jy kan nie sê gaan vra vir ma nie, ag ek is moeg. Jy weet daar is nie 'n ma nie. En jy besef maar hoor hier jy moet ook met hulle tyd spandeer, want as jy dit nie doen nie gaan hulle ook 'n 'useless' ouer word. ...Nie net om te voorsien in hulle behoeftes nie, maar ook om 'n mens te wees in dit wat jy doen, nie dit wat jy sê nie, dit wat jy doen, wat die moeite werd is vir hulle om te dupliseer, want hulle na-aap jou, met jou goeters wat jy doen... ...die veeleisende aard daarvan dis negatief en dat daar uit die aard van die saak net een persoon is om alles te doen en wie se gedrag so gemoduleer kan word, dit vra baie van jou.” (B)

“Ek sal sê die vrou wees in die huis, nie vir die werk wat ek nou moet doen wat die vrou moes gedoen het nie, want ek glo nie aan dit nie. Elkeen moet sy kant bring, al maak ek die kinders groot en die vrou werk, jy weet, elke mens is verskillend. Maar die negatiewe kant, al wat ek kan sien laat dit later die kinders kan beïnvloed. ...en hulle moet ook weet wat is 'n vrou, want as hulle sien hulle het elkeen met 'n pa grootgeword, hulle gaan dink dit is die norm en dit is wat ek nie wil hê nie.” (C)

“Die ander ouer onttrek altyd, gee nie om wat nie, die ander ouer onttrek altyd. Die ander ouer voel verneder en onttrek en dis nog erger vir die kinders. Dit is wat ek woes 'negative' vind van hierdie hele 'setup'. En die tweede ding is die stigma wat daaraan kleef. Dis nog baie nuut in ons land en hulle sal altyd glo die ma is 'n vark as die pa die kinders het, die ma is die vark en dit is nie so nie. En dis regtig wat my...want ek kan sien hoe die mense dink, die arme kinders het 'n vark van 'n ma, maar hulle het nie. Sy het 'n helse werk, sy gaan aan, dis net hulle was beter af by my, dis al. Ons band was van kleins af net baie sterker en omdat dit seuns is. En ek hou nie daarvan, ek wil haar nie verder verneder of sulke goed nie. Dis, daar's 'n helse stigma nog aan dit...” (D)

“...soos ek sê dit is maar 'n eensame lewe. ... Ja dit is, partykeer is dit maar moeilik. Dit pla nie altyd nie, maar dit pla partykeer tog wel. Soos ek sê die tyd wat ek alles en almal so van my af weggehou het, 'n ou raak, dit raak eensaam, maar jy het jou redes daarvoor. Partykeer soek 'n ou daai tipe van gesprek, niemand is regtig 'n eiland nie. Jy het ander mense, jy kan hoe introverties wees en ek is maar 'n redelike introvert, maar 'n ou het nog steeds daai kontak en daai omgewing nodig, daai stimulasie van 'n

ander volwasse persoon met wie jy kan lekker oor die weg kom en lekker gesels en so aan.” (F)

Alhoewel die samelewing al hoe meer beweeg na die skepping en verordening van androgene ouerskaprolle, kry enkelouervaders die gevoel dat die breër gemeenskap ‘n ander persepsie het van enkelvaders as van enkelmoeders. Sommige enkelvaders voel dat hulle deur die gemeenskap behandel word as ‘n ongewone verskynsel, aangesien vaders nie gewoonlik beskou word as betrokke en toegewyde ouers nie (Richards & Schmiege, 1993:282). Verskeie enkelouervaders in Hamer en Marchioro (2002:125) se studie het genoem dat hulle maatskaplike werkers nie gedink het dit is geskik vir hulle kind/ers om in hulle as vaders se primêre versorging te wees nie. Alhoewel respondente A, C, D, E en F dit nie uitgelig het as iets negatief van enkelouer wees nie, het hulle genoem dat hulle beleef dat die breër gemeenskap nog onbekend is met ‘n vader wat beheer en toesig van die kind/ers verkry het.

“Hulle kan my ‘n moffie noem omdat ek kan kook, weet jy wat ek kan kook. Hulle moet my ‘n moffie noem, ek kan wasgoed was. Enige ou moet vir my kom sê ek is iets of iets of iets omdat ek dit doen, ek moet dit doen. Môre ry ‘n bus oor sy vrou of hulle kaap sy vrou, hy sit ook met drie kinders, wat dan? Dan was ek nou gister die moffie, nou wat nou? Verstaan, so dit is vir my partykeer moeilik, ek dink partykeer dink mense half jissie, kyk daai ou, hy’s altyd besig om wasgoed te was, maar dis maar so, dit is nie... ou moet dit doen, dit moet gedoen word, so, jy moet daai rolle oorvat veral as jy die keuse maak om ‘n enkelouer te wees...” (A)

“...aan die begin het dit my so gevang, dan kom die briefie: laat jou ma, jy weet, al die skoolwerk van die kinders, dis ‘n ding in die grade, alles is, as die juffrou ‘n brief skryf: laat mamma of al die boekies gaan oor: ek en my mamma was winkel toe. Jy moet bietjie opmerk hoe min goed is daar wat ek en pappa gedoen het. Laat jou mamma vir jou ‘n hout tolletjie, laat jou mamma vir jou ‘n vyf liter roomys, jy weet, leë saamstuur, ‘oraait’, maar die juffrou, ek het haar gaan sien toe sê ek nee hy’t nie ‘n ma nie. Dan kom vra hy vir my: pappa moet dit nie doen nie, hulle sê mamma moet dit doen, maar ons lag nou al daaroor, jy weet.” (C)

“...en waar ek natuurlik gesien het né, is as maatjies kom slaap, dis altyd die ma’s wat hulle oorbring. Hulle kan nie verstaan... Hoekom is daar ‘n pa nie? (navorsers) Ja ‘genuine’, hulle kan nie, veral aan die begin. Ja, dan kom die maatjies oor en die ma bring die tassie en goedjies dan’s daar ‘n pa, daar’s nie ‘n ma nie. En dit is nog ‘n

‘shock’ vir die mense. ...Ja-nee die kinders ‘laaik’ dit erg, want hulle wil daar wees, maar die ouers. Nee, dis nog ‘n nuwe ding, ja, dis nog ‘n nuwe ding. Maar soos nou dis nou al lank, nou’s dit bakgat, jy weet. ...hulle bel my en sê ja hoor hier, hy gaan sommer direk na skool kom. Dis net ‘weird’, want die ma’s reël dit onder mekaar en nou’s dit die ma moet met die pa reël. En daai pa reël nie, ‘n pa reël nie.’ (D)

“...ek het in die begin ‘n probleem gehad by die skool, want hulle vra altyd, nou gaan staan ek, ek het M gaan inskryf in die skool, ek het alles gedoen wat haar skool aanbetref dan sal die een onderwyser sal die mammas dit, sal die mammas dit, toe het ek eendag opgestaan: Weet jy wat julle moet nou regkom, want die mammas is nie altyd hier nie, daar is party kinders wat net pappas het. ...Mense, meen, kan nie sê ‘gullible’ gebruik nie dit is nie die regte woord nie, mense aanvaar net dis soos die lewe is. Daar’s die ma en die pa en die ma doen dit en die pa, ek meen dis hoe ons lewe, my pa het sestien tot twintig ure ‘n dag lag-lag gewerk en dit was nooit vir hom ‘n probleem gewees nie en my ma het ons grootgemaak. So, mense loop maar met daai wil nie sê norm, laat dis soos dit moet werk nie, soos ek sê mense moet kyk om hulle en begin dink. Ek meen dis nou al amper vier maande dat M in die skool is, hulle besef nou eers maar M het net ‘n pa, want hulle sien nooit haar ma nie.” (E)

“Weet wat vir my baie moeilik was, is ook toe S nou graad 1 is toe reël die ouers en haar klas nou so ma-dogter of ‘n ma-‘get-together’ en ek moes gaan. Ek was die enigste man wat daarso gewees het, hulle het my baie snaaks uitgekyk, maar dit was vir S belangrik. Sy wou graag gegaan het en toe moes ek haar nou vat. Dis vir my baie moeilik gewees, maar ‘n ou doen dit. Byt op jou tande. Ek het nou maar daarso gesit en die mense het my snaaks aangekyk, maar ou doen dit nou maar, vir die kind is dit belangrik.” (F)

Gedurende die onderhoude het die respondente erken dat enkelouerskap nie die ideaal is nie, aangesien kinders ‘n moeder en ‘n vader nodig het. Die navorser is van mening dat ‘n vader en ‘n moeder mekaar aanvul en aan mekaar die nodige ondersteuning gee, in die opvoeding van hulle kind/ers. Dit is juis hierdie aanvulling en ondersteuning wat die respondente mis as enkelouers. Die breër gemeenskap is nie bekend daarmee dat ‘n vader beheer en toesig verkry nie en is dus nie altyd so ondersteunend teenoor enkelvaders soos teenoor enkelmoeders nie.

3.3.6. TEMA SES: ONDERSTEUNINGSISTEME

As enkelouer is dit nie 'n maklike taak om kinderversorging, huishoudelike take en werksverantwoordelikhede te balanseer nie. Dit het na vore gekom dat die respondente van 'n verskeidenheid informele en formele hulpbronne gebruik maak om hulle te help om 'n balans te vind tussen kinderversorging, huishoudelike take en werksverantwoordelikhede. Slegs twee van die respondente het laat blyk dat hulle literatuur bestudeer het as 'n verdere hulpbron.

3.3.6.1. SUBTEMA: HULPSOEKPATRONE

Studies rakende enkelmoeders suggereer dat enkelouers meer suksesvol is as hulle ondersteuningsnetwerke het waarop hulle kan staatmaak. Hierdie ondersteuningsnetwerke sluit beide emosionele en materiële ondersteuning van belangrike ander in (Heath & Orthner, 1999:562; Hamer & Marchioro, 2002:118).

'n Studie deur Cohen en Savaya (2000:1450) dui daarop dat enkelouervaders geneig is om die tradisioneel manlike hulpsoekpatrone aan te neem. Alhoewel hulle rofweg dieselfde take en uitdagings as enkelmoeders in die gesig staar, wil hulle minder hulp hê en versoek hulle minder hulp van formele en informele bronne, beide tydens en na egskeiding. Geslagsrolle blyk dus 'n groter rol te speel as situasionele faktore wanneer enkelouervaders hulp soek. Die feit dat enkelvaders tradisioneel vroulike take ook vervul en die behoefte aan hulp nie bedreigend behoort te wees nie, verander egter niks aan voorafgenoemde nie.

Die empiriese data dui egter op die teendeel. Die respondente was dit eens dat hulle nie sonder hulp en ondersteuning enkelouerskap sal kon bemeester nie.

“So tussen haar en K en almal kry mens die punte bymekaar, maar ek kan jou sê daar's nie 'n manier wat jy dit alleen kan doen nie.” (B)

“En ou kan dit ook nie alleen doen nie.” (C)

“...ek het baie ondersteuning en dit maak dit seker makliker.” (E)

“...die ondersteuningsraamwerk as enkelouer is baie belangrik. En dis een ding wat ek gedoen het... so, ek het vir my 'n lekker sterk ondersteuningsraamwerk opgebou hierso, wat dit baie makliker maak. ...ek dink om hierdie tipe van ding te kan, effektiewelik te kan doen, om gelukkig as 'n enkelouer te kan wees met jou kinders het 'n ou daai ondersteuning baie nodig. Weet hetsy of dit nou familie of naby vriende

of wat ook al, 'n ou het dit nodig. Ek sien dit met ander enkelouers ook, die ouers wat 'cope' daarmee is die mense wat iemand het wat kan help.” (F)

Dit is vir die navorser baie positief om te sien dat die respondente erken dat hulle nie sonder hulle ondersteuningsisteme enkelouerskap sou kon bemeester nie. Die navorser is van mening dat voorafgenoemde daarop dui dat die respondente 'n moderne siening het van manlikheid en dat juis hierdie moderne siening daartoe bygedra het dat die respondente sulke betrokke vaders is wat graag hulle ouerskap na egskeiding wou voortsit.

3.3.6.2. SUBTEMA: INFORMELE HULPBRONNE

Volgens Bigner (1998:417) is enkelouervaders geneig om hulp en ondersteuning te soek van ander buite die gesinsisteem wanneer hulle hulp nodig het as versorgers. Die informele hulpbronne sluit in familieledede, soos hulle eie ouers. Hilton en Desrochers (2001:34-35), asook Hill en Hilton (1999:95) sluit aan by Bigner (1998:417) deur daarop te wys dat dit wil voorkom asof enkelouervaders meer gebruik maak van die hulp en ondersteuning van familieledede as enkelouermoeders.

Soos bespreek by punt 3.3.2.3, subtema: kinderversorgingshulpbronne ontvang respondente A, B, C, E en F hulp en ondersteuning van familieledede rakende die versorging van hulle kinders. Wanneer respondent C se bejaarde moeder by hulle kom kuier, help sy ook graag met die versorging van die kinders.

Verdere informele hulpbronne wat die navorser vanuit haar studie kan identifiseer waarvan die respondente gebruik maak in hulle kinderversorging, soos bespreek by punt 3.3.2.3, subtema: kinderversorging, is 'n gewese eggenote, werknemers, huishulpe en 'n naskool.

Elk van die ses respondente het 'n huishulp wat hulle help met die huishoudelike take, soos bespreek by 3.3.2.2, subtema: hulpbronne rakende huishoudelike take. Slegs respondent F maak gebruik van sy ouers se hulp as dit kom by die koop van kruideniersware.

Volgens Hilton en Desrochers (2001:34-35) en Hill en Hilton (1999:95) rapporteer enkelouervaders dat hulle minder hulp van vriende ontvang as wat dit die geval is vir enkelouermoeders. Respondent E het egter gerapporteer dat hy die meeste hulp en ondersteuning ontvang van sy vriende.

“Ek het baie vriende rerig, ek het regtig baie vriende. ...en vandat L uitgetrek het, regtig daar's mense... ek voel party dae ek wil toesluit en net my kar hier agter êrens

wegsteek, want almal... ek het baie ondersteuning en dit maak dit seker makliker, maar ek het baie vriende wat omgee.” (E)

Na aanleiding van die empiriese data wil dit vir die navorser voorkom of die respondente verkies om van familieledede en huishulpe se hulp en ondersteuning gebruik te maak in die versorging van hulle kinders. Die navorser het ook opgemerk dat die respondente nie blyk om ‘n probleem daarmee te hê om hulp en ondersteuning te vra en te ontvang met die praktiese take van enkelouerskap nie, aangesien hulle soveel as moontlik van hulle vrye tyd aan hulle kinders wil spandeer.

3.3.6.3. SUBTEMA: FORMELE HULPBRONNE

Soos reeds aangedui, soek enkelouervaders hulp en ondersteuning van ander buite die gesinsisteam as hulle hulp nodig het as versorgers. Die formele hulpbronne sluit in professionele persone, godsdienstige leiers, geneeshere en onderwysers. Baie vaders het ontdek dat genoemde hulpbronne behulpsaam is in die voorsiening van inligting en leiding rakende kinderversorging en dat dit ‘n vader se vermoëns verbeter om sy kind/ers meer effektief op te voed (Bigner, 1998:417).

Egskeiding is ‘n traumatiese en pynvolle gebeurtenis vir almal wat daarby betrokke is, aangesien die betrokke partye se lewens en verhoudings op ‘n sosiale, ekonomiese, psigologiese en selfs wetlike vlak geaffekteer word (Thompson & Rudolph, 2000:441). Slegs drie van die respondente (B, C en E) het van sielkundiges en spelterapeute gebruik gemaak om hulle kinders te help om die egskeiding te verwerk.

“So ek het baie keer waar ek tekort gekied het, waar ek nie geweet het hoe om dit regtig op ‘n konstruktiewe manier te hanteer nie, het ek van professionele mense gebruik gemaak, terapeute, maatskaplike werkers wat spel terapie en allerhande goed met hulle gedoen het, net sodat hulle kan, kon begryp en daai konsep in hulle kop kon vorm van wat is ‘n egskeiding. Hoekom is pa en my ma nie meer bymekaar nie. Het dit iets met my te doen of het dit niks met my te doen nie en hoe raak dit my. So, dit was ook goedjies wat hulle moes aanspreek. So, ja, so ‘n mens weet nie regtig altyd hoe om daai goed te hanteer nie en dan het ek maar van professionele mense gebruik gemaak, jy weet, sielkundiges en maatskaplike werkers...” (B)

“...die spelterapeut het baie gehelp. ...hierdie L.P., die sielkundige, sy kan amper baie meer inligting gee” (C)

“Ons het haar by E.P. gehad, daai sielkundige, en sy sê ook daar is niks fout nie, sy is eintlik baie intelligent.” (E)

Wanneer dit by die geestesgesondheid van die geskeide vader kom, maak baie van hulle nie gebruik van die hulpbronne wat beskikbaar is om hulle te help om deur die moeilike tyd van egskeiding te werk nie, aangesien geskeide vaders hulle negatiewe gevoelens ontken. Mans is minder geneig om hulp te soek en hulle sal hulle eerder in krisis situasies teen hulp verzet (Bokker, 2006:167). Dit blyk vir die respondente ook die geval te wees. Alhoewel die respondente laat blyk het dat hulle egskeidings vir hulle ‘n pynvolle gebeurtenis was, het slegs twee van die respondente (D en E) genoem dat hulle ‘n sielkundige en ‘n berader onderskeidelik gaan sien het.

“Ek was by daai sielkundige gewees, maar dis ‘n Christelike sielkundige...” (D)

“Ek moes gaan na ons, ek is daar by die Lewende Woord. Ek moes met ‘n ou daar gaan praat, net om ‘n antwoord te kry, jy weet, want rerig, ek het gevoel dis sonde wat ek nou gedoen het en ek het nie geskei nie, ek wou nie, ek het ‘gefight’ vir ‘n jaar lank om nie te skei nie.” (E)

Respondente C en F het gebruik gemaak van die dienste van ‘n privaat maatskaplike werker tydens die ondersoek rakende die toekenning van die beheer en toesig.

“...ja, met die forensiese ondersoek wat I.S. gedoen het, het sy voorgestel dat sy moet toegang kry onder maatskaplike toesig...” (F)

Die algemene bevinding deur navorsers is dat seuns meer nadelig geraak word deur egskeiding as dogters (Louw, *et al.* 1998:360). Seuns openbaar byvoorbeeld meer negatiewe en anti-sosiale gedrag en ondervind meer akademiese probleme as meisies. Weens respondent C se seun se skolastiese probleme, maak hulle ook van die volgende professionele dienste gebruik: arbeidsterapie, ‘n leesskool, ‘neuro feedback’ en Kumon wiskundeklasse. ‘n Opgeleide onderwyseres sien elke middag toe dat sy seun sy huiswerk doen en gee hom leiding waar nodig.

“A gaan byvoorbeeld vir Kumon wiskunde, dit doen hom baie goed. En dan gaan hy na Tina Cowley vir lees, want ons het agtergekom A, hy’t baie moeilik aangepas by die skool. Jy weet hy’t ‘n willetjie van sy eie ook gehad en die arbeidsterapie en die spelterapeut het baie gehelp, maar toe het die arbeidsterapeut agtergekom, ek is

links, A is eintlik links, maar hy is regs grootgemaak. Nou as hy ‘n woord sien, sê nou maar daar staan speelpark, dan sien hy park, jy weet, hy los goed uit, dan moet hy teruggaan, dis hoekom hy so stadig lees, speelpark, hy kon nie aanmekaar, hy’t so blok, blok gelees. En ek het hom na daai Tina Cowley leesskool en die juffrou sê sy kan nie glo en hy kon nie gekonsentreer het nie en toe het ek hom gevat na P.V. vir ‘Neuro Feedback’, ek weet nie of jy weet wat’s dit nie? Dis ook om ‘n kind te leer konsentreer, twintig sessies en dit het hom baie goed gedoen. ...En die juffrou sê vir my hy’s regtigwaar, sy huiswerk het so verbeter... En dan gaan haal ek hom by die klassie, dan praat ek met die juffroutjie so bietjie. Hoe gaan dit en dan bly ek op hoogte van wat aangaan.” (C)

Volgens die navorsingsinligting wil dit vir die navorser voorkom asof die respondente meer gewillig is om professionele hulp te bekom vir hulle kinders as vir hulleself. Dit mag wees dat die respondente so op hulle kinders se welstand ingestel is dat hulle van hulleself vergeet of dat hulle te trots is om te erken dat hulle ook professionele hulp benodig. Deur professionele hulp te ontvang mag die respondente laat voel dat hulle gefaal het en nie enkelouerskap kan hanteer nie. Weens die uitgangspunt dat kinders na egskeiding beter af is by die moeder is dit baie belangrik vir die respondente om aan die howe en die breër gemeenskap te bewys dat vaders ook geskikte enkelouers kan wees. Die navorser is van mening dat professionele persone wat nog vashou aan die persepsie dat moeders die beter versorgers van kinders is, uitgedaag word om hierdie persepsie te hersien. Voorts moet professionele persone die vaders met beheer en toesig bemagtig om nie te voel hulle het gefaal as enkelouer as hulle van professionele hulp vir hulleself gebruik maak nie.

3.3.6.4. SUBTEMA: LITERATUUR BESTUDEER

Slegs respondente B en D het aangedui dat hulle literatuur bestudeer het. Volgens respondent B het hy aanvanklik dit moeilik gevind om in sy kinders se emosionele behoeftes te voorsien. Hy het literatuur bestudeer rakende ouerskap, maar spesifiek gekonsentreer op die behoeftes van kinders.

“...in die begin het ek agtergekom die kinders het emosionele behoeftes waaraan ek nie voorsien nie. Ek moes boeke lees oor ouerskap, kinders se behoeftes, om regig te verstaan wat se behoeftes het kinders, emosioneel, jy weet. ...Een van die boeke wat ek gelees het, was ‘The five love languages of children’.” (B)

Voor respondent D aansoek gedoen het om die beheer en toesig te wysig, het hy volgens hom heelwat literatuur bestudeer rakende beheer en toesig. Hy het selfs ‘n literatuursoektog

op die internet gedoen. Aangesien hy voor die egskeiding nooit kos gemaak het nie, het hy resepteboeke aangeskaf om hom te leer hoe om kos te maak.

“...ek het woes gaan lees voordat ek hierdie hofsaak begin het. Ek het baie sake gaan lees en ek het baie, baie, baie goeters gaan kry en ek was op die internet gewees... Maar voor die tyd, jy moet onthou, voor die tyd het ek nooit kos gemaak nie, nooit, ek het daai boeke vir my gaan koop, Huisgenoot Wenresepte, daai boeke. Ons het daaruit beginne kook.” (D)

Respondent B het die literatuur wat hy bestudeer het baie behulpsaam gevind en pas dit prakties toe. Dit wil vir die navorser voorkom of respondent B meer gemaklik daarmee was om literatuur te bestudeer om hom van hulp te wees om in sy kinders se emosionele behoeftes te voorsien as om 'n professionele persoon te spreek.

Die navorser is van mening dat die respondente aangemoedig moet word om literatuur te bestudeer rakende die invloed wat egskeiding het op die ouer en kind. Alhoewel die literatuur fokus op enkelmoeders kan dit bruikbaar wees vir die respondente. In sekere opsigte stem enkelmoeders en enkelvaders se omstandighede en ervarige ooreen. Dit kan die respondente laat besef dat hulle nie alleen is nie en hulle meer gewillig maak om gebruik te maak van professionele hulp vir hulleself en hulle kinders.

3.4. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n kort oorsig gegee van die navorsingsmetodologie. Vervolgens is die empiriese inligting, soos verkry vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude met die respondente, breedvoerig bespreek. Die inligting is aangebied in temas en subtemas en bevestig grootliks die literatuur wat bestudeer is. Alhoewel die navorser gemeenskaplike temas kon identifiseer, het dit duidelik na vore gekom dat elke enkelvader se situasie uniek is. Die uniekheid het veral vir die navorser na vore gekom in die enkelvaders se indentifisering van positiewe en negatiewe aspekte van enkelouerskap.

Vaders begin om daarop aan te dring dat mans en vroue gelyke kinderopvoedingsverantwoordelikhede tydens getroude lewe en na egskeiding moet hê. Dus dring al hoe meer vaders in egskeidingsgedinge daarop aan om in aanmerking geneem te word wanneer daar oor die beheer en toesig van die kind/ers besluit word (Benokraitis, 2002:413). Voorafgenoemde was die geval gewees vir die respondente wat aan die studie deelgeneem het. Die respondente was reeds voor hulle egskeidings betrokke vaders, daarom was dit ook hulle begeerte om na egskeiding hulle ouerskap voltydys voort te sit.

Volgens Jaffe (1997:126) en Bigner (1998:416) bring vaders meer positiewe veranderinge aan as hulle 'n sterk begeerte het om geslaagd te wees in beheer en toesig as enkelvader. Die navorser steun voorafgenoemde outeurs, aangesien sy gevind het dat die respondente die nodige opofferinge en veranderinge maak wat enkelouerskap van hulle vereis.

HOOFSTUK VIER: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

4.1. INLEIDING

Tien jaar gelede was enkelvadergesinne 'n vreemde verskynsel. Dié persepsie is egter besig om vinnig te verander soos die howe meer geredelik beheer en toesig oor die kinders aan geskeide vaders toevertrou. Ondanks die tendens dat die enkelvadergesin toeneem, sukkel hierdie nuwe gesinstruktuur om sy voete in die gemeenskap te vind (Benghiat, 2007:20). Tot onlangs is enkelouergesinne waar die vader aan die hoof staan nie by navorsing betrek nie (Hamner & Turner, 1996:190).

Die doel van die studie was om die belewenis van enkelouerskap deur die vader met beheer en toesig oor kinders in die middelkinderjare te ondersoek. Om die doel te bereik, is die volgende doelwitte daargestel:

- Om 'n teoretiese raamwerk ten opsigte van enkelouerskap, beheer en toesig, die kind in die middelkinderjare en die effek van egskeiding op die kind en ouerpaar saam te stel deur middel van literatuurstudie en konsultasie met kundiges.
- Om deur middel van 'n empiriese ondersoek die belewenis van enkelouerskap deur die vader met beheer en toesig oor kinders in die middelkinderjare te ondersoek.
- Om aanbevelings en gevolgtrekkings te maak ten opsigte van die belewenis van enkelouerskap deur die vader met beheer en toesig oor kinders in die middelkinderjare.

Die studie is dus saamgestel om die belewenis van enkelouerskap deur die vader te ondersoek, deur vaders met beheer en toesig oor hulle kinders in die middelkinderjare by die studie te betrek. Die volgende navorsingsvraag is geformuleer:

Hoe beleef die vader, aan wie beheer en toesig van die kind/ers in die middelkinderjare na egskeiding toegeken is, enkelouerskap?

Die navorsingstudie het sekere insigte te voorskyn gebring wat vervolgens bespreek word in die vorm van 'n algemene samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings. Voorafgenoemde word voorgestel na aanleiding van die volgende besprekingspunte:

- Navorsingsmetodologie
- Literatuurstudie wat fokus op die volgende:

- Die verskil tussen voogdyskap en beheer en toesig
- Die proses van egskeiding
- Die effek van egskeiding op 'n egpaar/ouerpaar en die kind in die middelkinderjare
- Die rol en taak van 'n vader
- Die vader met beheer en toesig se belewenis van enkelouerskap
- Empiriese studie

4.2. NAVORSINGSMETODOLOGIE

4.2.1. Samevatting

Hoofstuk een verskaf 'n inleiding en algemene oriëntering tot die studie. Die navorser het begin deur die keuse van die onderwerp te motiveer en daarna die probleem geformuleer. Die doel en doelwitte van die studie is geïdentifiseer en die navorsingsvraag vir die studie is duidelik uiteengesit. Hierna is 'n beskrywing gegee van die navorsingsbenadering, die soort navorsing, die navorsingsontwerp en die navorsingsprosedure en strategie. Aspekte met betrekking tot die voorondesoek is ook verduidelik en 'n omskrywing is gegee van die universum. Die steekproef en die wyse van steekproefneming is afgebaken. Etiese kwessies wat in ag geneem is, is kortliks bespreek, asook die leemtes van die studie. Die hoofstuk eindig met 'n begripsomskrywing van die hoofkonsepte en 'n uiteensetting van die navorsingsverslag.

4.3. LITERATUURSTUDIE

4.3.1. Samevatting

Die literatuurstudie in hoofstuk twee is in vier hoof afdelings verdeel, naamlik ouerlike gesag, egskeiding, die rol en taak van 'n vader en die vader met beheer en toesig se belewenis van engskeiding.

Onder die afdeling ouerlike gesag, het die navorser 'n uiteensetting gegee van hoe voogdyskap en beheer en toesig van mekaar verskil, asook 'n verduidelikking van die verskillende vorme van beheer en toesig. Aangesien egskeiding so 'n wye begrip is, het die navorser die proses van egskeiding, die effek van egskeiding op 'n egpaar/ouerpaar en op die kind in die middelkinderjare bespreek. Met die rol en taak van 'n vader het die navorser gefokus op die verskille tussen vader- en moederversorging en die invloed van vadersorging op die ontwikkeling van 'n kind. In die bespreking van die vader met beheer en toesig se belewenis van enkelouerskap, het die navorser op die volgende gefokus:

- Groter finansiële vryheid;
- Rolspanning;

- Veranderinge in die ouer-kind mikro-omgewing;
- Lewenstylontwrigting
- Ondersteuningstelsels;
- Kontak van die ouer sonder beheer en toesig met die kinders;
- Verhouding met gewese eggenote.

3.3.2. Gevolgtrekkings

- Ten spyte daarvan dat toekenning van beheer en toesig aan vaders toegeneem het, vind die gemiddelde vader dit nog steeds moeilik om beheer en toesig oor sy kind/ers te verkry.
- In die algemeen verdien enkelouervaders 'n hoër inkomste as enkelouermoeders, weens geslagsdiskriminasie, hulle hoër vlak van opleiding en meer jare werksondervinding wat hulle dan in staat stel om poste te bekom met hoër inkomste vlakke.
- Die enkelouervader ervaar net soos die enkelouermoeder rolspanning. Daar bestaan egter genoegsame bewyse dat die enkelouervader wel in staat is om die verskillende rolle se take na wense uit te voer.
- Enkelouervaders is in staat om kinderversorgende verantwoordelikhede effektief uit te voer. Vaders is veral bekwaam as hulle aktief betrokke was by hulle kind/ers se versorging vanaf babajare en hulle vrywilliglik beheer en toesig aanvaar na egskeiding.
- Enkelouervaders ervaar gewoonlik minder ontwrigting in hulle lewenstyle as enkelmoeders.
- Wanneer enkelouervaders leiding benodig met kinderversorging, is hulle gewillig om hulp en ondersteuning van informele hulpbronne te versoek. Met betrekking tot enkelvaders se geestesgesondheid, benut baie van hulle nie die hulpbronne wat beskikbaar is om hulle te help om die moeilike tyd van egskeiding te verwerk nie. Hulle is egter bereid om professionele hulp vir hul kinders te bekom.
- Navorsing het bevind dat moeders wat nie beheer en toesig verkry nie meer geneig is as vaders wat nie beheer en toesig verkry nie om kontak met hulle kinders te behou deur middel van briewe, telefoonoproepe en besoeke.
- Vaders met beheer en toesig is dikwels ambivalent oor die moeder se aktiewe ouerlike rol, weens hulle negatiewe siening van hulle gewese gades se ouerlike vaardighede.
- Tydens die bestudering van die literatuur het die navorser gevind dat daar min literatuur bestaan oor die vader se belewenis van enkelouerskap, waar beheer en toesig aan hom

toegeken is. Daar bestaan dus 'n behoefte aan navorsing rakende die fokuspunt van hierdie studie.

4.4. EMPIRIESE STUDIE

4.4.1. Samevatting

Die navorser het met ses vaders, wat beheer en toesig verkry het van hulle kind/ers in die middelkinderjare, 'n semi-gestruktureerde onderhoud gevoer om 'n gedetailleerde beeld te verkry van hoe hulle enkelouerskap beleef.

4.4.2. Gevolgtrekkings

- Alhoewel daar aansienlike verskille tussen die vaders se inkomstes is, val elke vader in die studie se inkomste binne die gemiddelde tot hoë inkomstegroepe en is hulle dus finansiëel in 'n gunstige posisie.
- Nie een van die vaders ontvang onderhoud van hulle gewese eggenotes nie. Die meerderheid van die vaders stel nie belang om op hulle wetlike reg rakende die eis van onderhoud te staan nie. Die navorser skryf voorafgenoemde aan die vaders se trots toe. Mans word daarmee gesosialiseer om die broodwinner te wees. Om beheer en toesig te verkry oor die kind/ers is 'n prestasie op sigself. Deur onderhoud te verwag, mag beteken dat hy faal as broodwinner en vader.
- Daar was nie 'n vader wat laat blyk het dat sy enkelouerskap inmeng met sy beroepsgeleentheid nie. Dit het wel na vore gekom dat werkgewers en organisasies van mekaar verskil in hoeveel begrip hulle toon vir die omstandighede van enkelouervaders. Die een vader het byvoorbeeld met bedanking gedreig voor hy tegemoet gekom is, terwyl die ander vader van die huis af mag werk soos nodig. Aangesien die vaders met eie besighede hulle eie base is en hulle werksure self kan bepaal, het hulle 'n meer buigsame werkskedule as dié vaders wat vir 'n instelling werk met vasgestelde werksure.
- Die vaders erken dat enkelouerskap aanvanklik nie maklik was nie, maar soos hulle die nodige vaardighede aanleer en bemeester, raak enkelouerskap makliker. In die daarstel van 'n vaste roetine, het die vaders tot die besef gekom dat hierdie roetine hulle help om die verskillende rolle te balanseer. Aangesien van die vaders se gewese eggenotes of gewerk het of onbetrokke was, was van die huishoudelike take nie totaal onbekend aan hulle nie.
- Weens die vaders se besige skedules en hulle gunstige finansies, maak hulle gebruik van die dienste van 'n huishulp. Dit is vir die vaders belangrik om hulle kinders ook te betrek

by die uitvoering van die huishoudelike take, aangesien hulle daardeur selfstandigheid aanleer. Deur as gesin die huishoudelike take saam uit te voer, slaag die vaders en kinders daarin om kwaliteit tyd saam te spandeer.

- In die reël van versorging vir die kinders na ure, verkies die vaders om eerder van tuisversorging gebruik te maak as eksterne versorging. Die vaders se gewildste keuses in tuisversorgers is hulle eie ouers en/of hulle huishulp.
- Dit het na vore gekom dat die respondente baie betrokke vaders is. Die meerderheid van die vaders was reeds voor die egskeiding betrokke by hulle kinders se versorging en opvoeding. Die navorser is van mening dat die respondente se begeerte om 'n ouer te wees en hulle vertroue in hulle ouerskapsvaardighede hulle gemotiveer het om beheer en toesig te verkry.
- Die vaders het nie laat blyk dat hulle probleme ervaar met die dissiplinerings van hulle kinders nie. Dit het na vore gekom dat die respondente hulle kinders vanuit 'n demokratiese benadering dissiplineer. Elke vader het duidelike reëls wat hulle vir hulle kinders daarstel en wanneer dit nodig is om 'n kind te straf, verkry hulle die gewenste resultate met die weerhouding van voorregte as strafmetode.
- Aangesien dit baie belangrik is vir die respondente om soveel as moontlik van hulle vrye tyd saam met hulle kinders te spandeer, bestaan hulle naweke uit aktiwiteite wat hulle en hulle kinders saam kan doen.
- Alhoewel die twee respondente met dogters erken dat dit vir hulle meer van 'n uitdaging is om 'n dogter groot te maak as 'n seun, ervaar hulle egter nie probleme nie. Beide vaders was van hulle dogters se geboortes betrokke by hul versorging en opvoeding en het dus volgens die navorser vertroue ontwikkel in hulle ouerskapsvaardighede rakende hulle dogters en 'n hegte vader-dogter band gevorm. Die vaders het ook betroubare vroulike familieledes wat kan optree as geslagsrolmodelle vir hulle dogters.
- Die navorser het gevind dat die meerderheid respondente baie toegewyd is teenoor hulle gewese eggenotes rakende hulle kontak met die kinders. Die kinders en gewese eggenotes word byvoorbeeld toegelaat om met mekaar kontak te maak soos wat hulle 'n behoefte daaraan het en solank die nodige reëlings getref word. In teenstelling met die literatuur het die navorser ook gevind dat van die vaders se gewese eggenotes dit nie belangrik ag om gereeld kontak met die kinders te hê nie.
- Weens die verantwoordelikhede van enkelouerskap, het die respondente nie 'n aktiewe eie sosiale lewe nie. Dit wil egter vir die navorser voorkom asof dié vaders wie se kinders sekere naweke by hulle moeders gaan kuier 'n meer bevredigende eie sosiale lewe het

as dié wie se kinders nie weggaan om hulle moeders te besoek nie. Elk van die vaders het egter aangedui dat hulle 'n vriendekring het.

- Daar is van die vaders wat aangedui het dat hulle graag weer sal wil trou, maar dat hulle nie haastig is nie. Vir genoemde vaders is dit belangrik dat hulle in die proses nie van hulle kinders vergeet nie en dat hulle kinders en die spesiale vrou mekaar sal aanvaar. Die respondente is ook baie daarop gesteld om aan hulle kinders die regte voorbeeld te stel rakende 'n volwasse verhouding en glo nie aan saamwoon of om gereeld 'n ander meisie te hê nie.
- Die respondente is dit eens dat hulle nie enkelouerskap sou kon bemeester sonder die hulp en ondersteuning van hulle ondersteuningsisteme nie. Volgens die navorser dui dit daarop dat die respondente 'n moderne siening van manlikheid het en dat hierdie moderne siening daartoe kon bydra dat die repondente betrokke vaders is wat graag met hulle ouerskap wou voortgaan na egskeiding.
- Dit het na vore gekom dat die respondente gebruik maak van die hulp en ondersteuning van die informele hulpbronne, soos familielede en huishulpe, in die uitvoering van die praktiese take van enkelouerskap.
- Die navorsingsinligting wys daarop dat die respondente gewillig is om professionele hulp vir hulle kinders te bekom, eerder as vir hulself. Volgens die navorser mag dit daaraan toegeskryf word dat die respondente op hulle kinders se welstand ingestel is en hul eie behoeftes ondergeskik stel. Hulle mag ook te trots wees om te erken dat hulle professionele hulp benodig. Deur professionele hulp te ontvang mag die respondente voel dat hulle gefaal het en nie enkelouerskap kan hanteer nie.
- Die meerderheid van die respondente het nie gebruik gemaak van literatuur as 'n hulpbron nie. Volgens die navorser mag dit wees dat die respondente nie bewus is van die beskikbare literatuur rakende ouerskap en egskeiding nie.

4.4.3. Aanbevelings

4.4.3.1. Aanbevelings vir professionele persone

- Die geestesgesondheidsprofessies kan die volgende doen om enkelouervaders van hulp te wees:

* ander in die gemeenskap, soos byvoorbeeld kerke, skole, kinderversorgingsinstellings en werkgewers onderrig rakende die lewensvatbaarheid van die gesinne waar die vader die enkelouer is;

* gemeenskappe en enkelouervaders inlig van die beskikbare dienste en wat die sosio-emosionele behoeftes van die enkelvader en sy gesin mag wees;

* hulleself vergewis van die kliniese aspekte. 'n Assessering moet dus gedoen word om vas te stel met watter vraagstukke die enkelvader en sy gesin gekonfronteer word om stereotipering en onsensitiwiteit te vermy.

- Met die bied van terapie moet die volgende in gedagte gehou word: wat sal die gepaste terapeutiese werkswyse wees, individuele, groep- of gesinsterapie.
- Ondersteuningsgroepe vir enkelouers blyk ook van waarde te wees. Hierdie groepe beklemtoon hoe enkelouermoeders en enkelouervaders se ervaringe met mekaar ooreenstem en voorsien inligting wat die enkelouers aanmoedig om hulle insig en ervaringe met mekaar te deel. Enkelouervaders kan tydens hierdie groepe die geleentheid gebied word om mekaar te ontmoet en met mekaar om te gaan wat sal help om hulle ervaringe te normaliseer.
- Die enkelvaders wat terapie benut, sal heel moontlik van die gemeenskaplike probleme van enkelouerskap beleef: alleenheid, probleme met aanpassing om enkel te wees, probleme met die balansering van werk en kinderversorging en verhoudingsprobleme met hulle kind/ers of 'n tekort aan kennis rakende die grootmaak van 'n kind/ers. Genoemde kwessies vereis empatie en konkrete hulp, asook 'n bewustheid van die isolasie wat hierdie ouers ervaar. Dit mag ook nodig wees om kwessies rakende die gesin van oorsprong te eksploreer. Baie van die vaders het grootgeword in 'n tyd waar ouerskap die verantwoordelikheid van die moeder was. Deur as man die ouerrol te vervul, mag implikasies hê vir hoe die enkelvader sy eie manlikheid sien en hoe hy probeer om aan die mededingende vereistes te voldoen.
- Die verskillende professies moet enkelouervaders bemagtig om nie te voel hulle het gefaal as enkelouer as hulle van professionele hulp vir hulself gebruik maak nie. Enkelouervaders kan byvoorbeeld daarop gewys word dat hulle deur middel van die terapeutiese proses geleer kan word hoe om hulle verhoudingsvaardighede te ontwikkel. Terapie kan die geskeide vader help om bewus te word van sy innerlike emosionele wêreld deur hom in staat te stel om sy gevoelens te identifiseer en op 'n effektiewe en 'n gesonde wyse uit te druk. Empatie en begrip, belangrike eienskappe van vertroeteling, is vaardighede wat in terapie aangeleer kan word en toegepas kan word deur die enkelvader in sy verhouding met sy kind/ers.
- Opvoeders moet daarteen waak om aan leerders oor te dra dat moeders outomaties aan die hoof staan van enkelouergesinne. Die literatuur is gevul met voorbeelde waar

onderwysers aan die kinders sê om skool kwessies met hulle moeders te deel, eerder as met hulle ouers.

- Op universiteitsvlak moet die verskillende professies toesien dat die inhoud van hulle kursusse tred hou met die veranderinge in gesinstrukture en met vaders se groter betrokkenheid by hulle gesinne.
- Navorsing dui daarop dat 'n effektiewe mede-ouerskap alliansie na egskeiding noodsaaklik is vir die welstand van die kinders, maar moeilik is om te ontwikkel. Programme is nodig om geskeide egpare te help om verskille wat opduik in hulle mede-ouerskap verhouding op te los.

4.4.3.2. Aanbevelings vir verdere navorsing

- Vir toekomstige navorsing moet 'n groter enkelouervaders respondentgroep wat beheer en toesig verkry het van hulle kind/ers in die middelkinderjare betrek word om addisionele inligting te bekom oor hoe hulle, hulle enkelouerskap beleef na egskeiding.
- Die belewenis van die kinders, wie se vaders beheer en toesig van hulle verkry het na egskeiding, kan nagevors word. Op hierdie wyse sal daar inligting beskikbaar wees oor die enkelvader, sowel as sy kind/ers se belewenisse. Genoemde inligting kan die verskillende professies in staat stel om meer gefokusde dienste aan hierdie gesinne te lewer.
- Dit het na vore gekom dat die enkelouervaders baie steun op hulle informele hulpbronne, soos familieledede, vriende en huishulpe. Hierdie informele hulpbronne kan betrek word in studies om verdere waardevolle inligting te verskaf rakende die vaders met beheer en toesig na egskeiding se funksionering.
- Aangesien kinders van verskillende ouderdomsgroepe se versorging en versorgingsbehoefte van mekaar verskil, sal dit interessant wees om die belewenisse van enkelouervaders wat beheer en toesig verkry het van kleuters, middelkinderjariges en adolessente met mekaar te vergelyk.
- Verdere navorsing kan ook gedoen word om vas te stel wat enkelouervaders met beheer en toesig nodig het om voldoende te voorsien in hulle kind/ers se sosiale, emosionele en finansiële behoeftes.

4.5. EVAUERING VAN DIE NAVORSINGSVRAAG EN BEREIKING VAN DOEL EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE

4.5.1. Navorsingsvraag

Die navorsingsvraag vir die studie was soos volg geformuleer: **Hoe beleef die vader, aan wie beheer en toesig van die kind/ers in die middelkinderjare na egskeiding toegeken is, enkelouerskap?**

Na aanleiding van die studie, is die navorser van mening dat die navorsingsvraag bevredigend beantwoord is. Alhoewel die navorsingsinligting nie veralgemeen kan word nie het die studie volgens die navorser baie insiggewende en waardevolle inligting rakende die onderwerp opgelewer.

4.5.2. Doel en doelwitte van die studie

Doel van die studie: Om die belewenis van enkelouerskap deur die vader met beheer en toesig oor kinders in die middelkinderjare te ondersoek.

Figuur 2 fokus op hoe die doel en doelwitte van die studie bereik is:

Doelwitte	Bereiking van doelwitte
<ul style="list-style-type: none"> Om 'n teoretiese raamwerk ten opsigte van enkelouerskap, beheer en toesig, die kind in die middelkinderjare en die effek van egskeiding op die kind en ouerpaar saam te stel deur middel van literatuurstudie en konsultasie met kundiges. 	<p>In hoofstuk een is die doelwit gedeeltelik bereik deur die samevatting wat verskaf is rakende die mening van kundiges wat gekonsulter is.</p> <p>Hierdie doelwit is bereik deur middel van die literatuurstudie soos uiteengesit in hoofstuk twee .</p>
<ul style="list-style-type: none"> Om deur middel van 'n empiriese ondersoek die belewenis van enkelouerskap deur die vader met beheer en toesig oor kinders in die middelkinderjare te ondersoek. 	<p>Die doelwit is in hoofstuk drie bereik deur die bespreking van die kwalitatiewe bevindinge soos verkry vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude met vaders wat beheer en toesig verkry het van hulle kind/ers in die middelkinderjare.</p>
<ul style="list-style-type: none"> Om aanbevelings en gevolgtrekkings te maak ten opsigte van die belewenis van enkelouerskap deur die vader met beheer en toesig oor kinders in die middelkinderjare. 	<p>Hierdie doelwit is bereik deur middel van die bespreking soos uiteengesit in hoofstuk vier.</p>

Figuur 2: Bereiking van die studie se doelwitte

4.6. FINALE SAMEVATTING

Navorsing wys daarop dat enkelouervadergesinne lewensvatbaar is. Areas wat stres by die enkelouervader veroorsaak, sentreer rondom die balansering van werk en kinderversorging en die vestiging van 'n eie sosiale lewe. Enkelouervadergesinne is egter besig om toe te neem soos die howe meer geredelik beheer en toesig oor die kinders aan geskeide vaders toeken. Die samelewing moet dus daarop voorberei word om hierdie gesinne te begryp en in hulle behoeftes te voorsien. Deur nie die enkelouervadergesinne by die praktyk, opvoeding en in maatskaplike beleidsake te betrek nie, word die boodskap aan die enkelouervader en sy kind/ers oorgedra dat slegs 'n moeder geskik is om 'n kind/ers groot te maak.

BRONNELYS

Allan, G. & Crow, G. 2001. *Families, Households and Society*. New York: PALGRAVE.

Amato, P.R. 2000a. The consequences of divorce for adults and children. *Journal of Marriage and the Family*, 62(4):1269-1287.

Amato, P.R. 2000b. Diversity within single-parent families. In Demo, D.H., Allen, K.R. & Fine, M.A. (Eds.) *Handbook of Family Diversity*. New York: Oxford University Press.

Amato, P.R. & Sobolewski, J.M. 2004. The effects of divorce on fathers and children: nonresidential fathers and stepfathers. In Lamb, M.E. (Ed.) *The role of the father in child development*. 4th ed. New Jersey: John Wiley & Sons, Inc.

Bauserman, R. 2002. Child adjustment in joint-custody versus sole-custody arrangements: a meta-analytic review. *Journal of Family Psychology*, 16(1):91-102.

Benghiat, L. 2007. Om alleen vir hulle pa te staan: Mans as enkelouers neem vinnig toe. *Beeld*, 31 Januarie:20.

Benokraitis, N.V. 2002. *Marriage and Families: Changes, Choices and Constraints*. New Jersey: Prentice Hall.

Benokraitis, N.V. 2005. *Marriages and Families: Changes, Choices and Constraints*. 5th ed. New Jersey: Prentice Hall.

Bigner, J.J. 1998. *Parent-Child relations: An Introduction to Parenting*. 5th ed. New Jersey: Prentice Hall.

Bokker, P. 2006. Factors that influence the relationships between divorced fathers and their children. *Journal of Divorce & Remarriage*, 45(3/4):157-172.

Cherlin, A.J. 1999. Going to extremes: family structure, children's well-being, and social science. *Demography*, 36(4):421-428.

Chester, N.L. & Stewart, A.J. 1997. The Parents' Stories: The end of a marriage and a new beginning. In Stewart, A.J. & Chester, N.L. in samewerking met Copeland, A.P., Malley, J.E.

& Barenbaum, N.B. *Separating Together: How Divorce Transforms Families*. New York: The Guilford Press.

Cohen, O. 1995. Divorced fathers raise their children by themselves. *Journal of Divorce & Remarriage*, 23(1/2):55-73.

Cohen, O. & Savaya, R. 2000. Help wanted and help received by Israeli divorced custodial fathers. *Journal of Applied Social Psychology*, 30(7):1440-1456.

Coltrane, S. & Collins, R. 2001. *Sociology of marriage & the family*. Canada: Eve Howard.

Cronjé, D.S.P. & Heaton, J. 2004. *South African Family Law*. 2nd ed. Durban: Lexisnexis Butterworths.

DeMaris, A. & Greif, G.L. 1992. The relationship between family structure and parent-child relationship problems in single father households. *Journal of Divorce & Remarriage*, 18(1/2):55-77.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (Eds.) 1998. *Strategies of Qualitative Inquiry*. London: SAGE Publications.

De Vos, A.S. 2005a. Qualitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S. (Ed.), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

De Vos, A.S. 2005b. Combined quantitative and qualitative approach. In De Vos, A.S. (Ed.), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publisher.

Emmers-Sommer, T.M., Rhea, D., Triplett, L. & O'Neil, B. 2003. Accounts of Single Fatherhood: A Qualitative Study. In Steinmetz, S.K. & Peterson, G.W. (Eds.) *Marriage and Family Review*, 35(1/2):99-115.

Erikson, E. 1963. *Childhood and Society*. New York: Norton.

Fouché, C.B. 2005. Qualitative research designs. In De Vos, A.S. (Ed.), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professionals*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2005a. Selection of a researchable topic. In De Vos, A.S. (Ed.), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2005b. Problem formulation. In De Vos, A.S. (Ed.), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2005c. Quantitative research designs. In De Vos, A.S. (Ed.), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Franklin, C. & Jordan, C. 1997. Qualitative Approaches to the Generation of Knowledge. In Grinnell, R.M. *Social Work Research & Evaluation: Quantitative and Qualitative Approaches*. 5th ed. Itasca Illinois: Peacock.

Gallo, L.C., Matthews, K.A., Troxel, W.M. & Kuller, L.H. 2003. Marital status and quality in middle-aged women: associations with levels and trajectories of cardiovascular risk factors. *Health psychology*, 22(5):453-463.

Greeff, M. 2002. Information collection: interviewing. In De Vos, A.S. (Ed.), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professionals*. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Greif, G.L. 1995. Single fathers with custody following separation and divorce. In Hanson, S.M.H., Heims, M.L., Julian, D.J. & Sussman, M.B. (Eds.) *Marriage and Family Review*, 20(1/2):213-231.

Greif, G.L. 1997. Working with noncustodial mothers. *Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services*, 78(1):46-51.

Greif, G.L. & DeMaris, A. 1990. Single fathers with custody. *Families in Society: The Journal of Contemporary Services*, 71(1):259-266.

Gunnoe, M.L. & Braver, S.L. 2001. The effects of joint legal custody on mothers, fathers, and children controlling for factors that predispose a sole maternal versus joint legal award. *Law and Human Behavior*, 25(1):25-43.

Hamer, J. & Marchioro, K. 2002. Becoming custodial dads: exploring parenting among low-income and working-class African American fathers. *Journal of Marriage and Family*, 64(1):116-129.

Hamner, T.J. & Turner, P.H. 1996. *Parenting in Contemporary Society*. 3rd ed. Boston: Allyn & Bacon.

Hanson, T.L. 1999. Does parental conflict explain why divorce is negatively associated with child welfare. *Social Forces*, 77(4):1283-1316.

Heath, D.T. & Orthner, D.K. 1999. Stress and adaptation among male and female single parents. *Journal of Family Issues*, 20(4):557-587.

Hill, L.C. & Hilton, J.M. 1999. Changes in roles following divorce: comparison of factors contributing to depression in custodial single mothers and custodial single fathers. *Journal of Divorce & Remarriage*, 31(3/4):91-114.

Hilton, J.M. & Desrochers, S. 2000. The influence of economic strain, coping with roles, and parental control on the parenting of custodial single mothers and custodial single fathers. *Journal of Divorce & Remarriage*, 33(3/4):55-76.

Hilton, J.M., Desrochers, S. & Devall, E.L. 2001. Comparison of role demands, relationships, and child functioning in single-mother, single-father, and intact families. *Journal of Divorce & Remarriage*, 35(1/2):29-56.

Hilton, J.M. & Devall, E.L. 1997. The family economic strain scale: development and evaluation of the instrument with single- and two-parent families. *Journal of Family and Economic Issues*, 18(3):247-271.

Hilton, J.M. & Devall, E.L. 1998. Comparison of parenting and children's behavior in single-mother, single-father, and intact families. *Journal of Divorce & Remarriage*, 29(3/4):23-54.

Hilton, J.M. & Kopera-Frye, K. 2007. Differences in resources provided by grandparents in single and married parent families. *Journal of Divorce & Remarriage*, 47(1/2):33-54.

Jaffe, M.L. 1997. *Understanding Parenting*. 2nd ed. Needham Heights: Wm. C. Brown Publishers.

Jeynes, W.H. 2006. Methodological challenges facing researchers in examining the effects of divorce on children. *Marriage & Family Review*, 40(2/3):107-130.

Knox, D. & Leggett, K. 2000. *Divorced Dad's Survival Book: How to stay connected with your kids*. Massachusetts: Perseus Books.

Lamb, M.E. 2000. The history of research on father involvement: an overview. *Marriage & Family Review*, 29(2/3):23-42.

Lamb, M.E. & Tannis-Lemonda, C.S. 2004. The role of the father: An introduction. In Lamb, M.E. (Red.) *The Role of the Father in Child Development*. 4th ed. New Jersey: John Wiley & Sons, Inc.

Lauer, R.H. & Lauer, J.L. 1997. *Marriage and Family: The Quest for Intimacy*. Boston: Mc Graw Hill.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Ferns, I. in samewerking met Schoeman, W.J. & Wait, J. 1998. Die middelkinderjare. In Louw, D.A. (Red.) *Menslike Ontwikkeling*. Pretoria: Kagiso Uitgewers.

Mark, R. 1996. *Research Made Simple: A Handbook for Social Workers*. London: SAGE Publications.

Martin, C.A. & Colbert, K.K. 1997. *Parenting in Contemporary Society*. New York: The McGraw-Hill Companies, INC.

Neuman, W.L. 1997. *Social Research Methods: Qualitative and Quantitative Approaches*. 3rd ed. Boston: Allyn & Bacon.

New Dictionary of Social Work/Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk. 1995. Cape Town: CTP Book Printers (Pty) Ltd.

New English Usage Dictionary. 1997. Johannesburg: Hodder & Stoughton.

Nielsen, L. 1999. Demeaning, demoralizing, and disenfranchising divorced dads: a review of the literature. *Journal of Divorce & Remarriage*, 31(3/4):139-177.

Nielsen, L. 2005. Fathers and daughters: a needed course in family studies. *Marriage & Family Review*, 40(2/3):1-13.

Odendal, F.F. 2000. *Kernwoordeboek*. Midrand. Perskor: Uitgewers.

Piek, J. P. 2002. Telefoniese onderhoud met Professor J P Piek, kliniese sielkundige. 1 Oktober. Pretoria.

Plug, C., Louw, D.A.P., Gouws, L.A. & Meyer, W.F. 1997. *Verklarende en Vertalende Sielkundewoordeboek*. Johannesburg: Heinemann.

Pruett, K.D. 2000. *Fatherneed: why father care is as essential as mother care for your child*. New York: Broadway Books.

Richards, L.N. & Schmiege, C.J. 1993. Problems and strengths of single-parent families: implications for practice and policy. *Family Relations*, 42(3):277-285.

Robinson, R. 2000. Children and Divorce. In Davel, C.J. (Red.) *Introduction to Child Law in South Africa*. Lansdowne: Juta & Co, Ltd.

Segerstrom, S.C. & Miller, G.E. 2004. Psychological stress and the human immune system: a meta-analytic study of 30 years of inquiry. *Psychol Bull*, 130(4) [O]. Beskikbaar:

<http://www.pubmedcentral.nih.gov/articlerender.fcgi?artid=1361287>

Toegang op 2007/04/24

Simons, R.L., Lin, K., Gordon, L.C., Conger, R.D. & Lorenz, F.O. 1999. Explaining the higher incidence of adjustment problems among children of divorce compared with those in two-parent families. *Journal of Marriage and the Family*, 61(4):1020-1033.

Smith, H. 1999. *Children, Feelings and Divorce: Finding the best outcome*. London: Free Association Books.

Smith, M. 2003. What about the dads? Issues and possibilities of working with men from a child and youth care perspective. *Child & youth services*, 25(1/2):149-167.

Stake, R.E. 1998. Case Studies. In Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (Eds.) *Strategies of Qualitative Inquiry*. London: SAGE Publications.

Statistics South Africa, 2007. *Marriages and divorces 2006*.

[O]. Beskikbaar:

<http://www.statssa.go.za>

Toegang op 2008/06/23

Stewart, S.D. 1999. Nonresident mothers' and fathers' social contact with children. *Journal of Marriage and the Family*, 61(4):894-907.

Strydom, H. 2005a. The pilot study. In De Vos, A.S. (Ed.), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 3rd ed. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Strydom, H. 2005b. Sampling and sampling methods. In De Vos, A.S. (Ed.), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 3rd ed. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Strydom, H. 2005c. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In De Vos, A.S. (Ed.), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 3rd ed. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Strydom, H. & Delpont, C.S.L. 2005. Sampling and pilot study in qualitative research. In De Vos, A.S. (Ed.), Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 3rd ed. *Research at Grass Root: For the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

The Social Work Dictionary. 1991. 2nd ed. Maryland: NASW Press.

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 2000. *Counseling Children*. 4th ed. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

Tutty, L.M., Grinnell, R.M. & Williams, M. 1997. Research Problems and Questions. In Grinnell, R.M. *Social Work Research & Evaluation: Quantitative and Qualitative Approaches*. 5th ed. Itasca Illinois: Peacock.

Twaite, J.A., Silitsky, D. & Luchow, A.K. 1998. *Children of Divorce: Adjustment, Parental Conflict, Custody, Remarriage and Recommendations for Clinicians*. London: Jason.

Van Heerden, B., Cockrell, A., Keightley, R., Heaton, J., Clark, B., Sinclair, J. & Mosikatsana, T. 1999. *Bombberg's Law of Persons and Their Family*. 2nd ed. Kenwyn: Juta & Co, Ltd.

Van Zyl, G. 2003. Telefoniese onderhoud met advokaat G van Zyl, 'n gesinsadvokaat. 4 September. Pretoria.

Visser, P.J. & Potgieter, J.M. 1998. *Introduction to Family Law*. 2nd ed. Kenwyn: Juta & Co, Ltd.

Waite, L.J., Browning, D., Doherty, W.J., Gallagher, M., Luo, Y. & Stanley, S.M. 2002. Does divorce make people happy? Findings from a study of unhappy marriages. *Institute for American Values*.

Zhan, M. & Pandey, S. 2004. Postsecondary education and economic well-being of single mothers and single fathers. *Journal of Marriage and Family*, 66(3):661-673.



BYLAAG 1

Onderhoudskedule

1. Hoe ervaar u, u enkelouerskap?
2. Wat is u belewenis van u rolle as enkelouer?
3. Wat is u belewenis van u take as enkelouer?
4. Watter positiewe belewenisse ervaar u rondom u enkelouerskap?
5. Watter negatiewe belewenisse ervaar u rondom u enkelouerskap?

Fakulteit Geesteswetenskappe
Departement Maatskaplike Werk & Kriminologie

BYLAAG 2

Respondent se naam: Datum:

Hoofnavorser: Marna Mc Donald, Universiteit van Pretoria, Lynnwoodweg, Pretoria, 0002

INGELIGTE TOESTEMMING

1. Titel van die studie: Die belewenis van enkelouerskap deur die vader met beheer en toesig oor kinders in die middelkinderjare.
2. Doel van die studie: Die doel van die studie is om die vader, wat beheer en toesig van die middelkinderjarige kind/ers verkry het na egskeiding, se belewenis van enkelouerskap te ondersoek.
3. Prosedures: 'n Semi-gestruktureerde onderhoud sal met my gevoer word, wat gerig sal word deur 'n onderhoudskedule wat sal bestaan uit vrae. Die semi-gestruktureerde onderhoud sal my in staat stel om aan die navorser te verduidelik hoe ek enkelouerskap beleef. Die semi-gestruktureerde onderhoud sal ongeveer 2 tot 2 en 'n half uur duur. Die navorser sal die semi-gestruktureerde onderhoud met my skeduleer op 'n dag en tyd wat my sal pas.
4. Risiko's en ongemak: Hierdie studie hou geen mediese of fisieke risiko's of ongemak in nie. Ek mag wel emosionele ongemak ervaar, aangesien pynvolle gebeure en herinneringe tydens die semi-gestruktureerde onderhoud herroep en bespreek sal word. Die navorser sal na die semi-gestruktureerde onderhoud met my 'n ontlonting sessie hê en my vir terapeutiese hulp verwys indien dit nodig blyk te wees.

5. Voordele: Ek verstaan dat deelname aan hierdie studie vir my geen direkte voordele sal inhou nie. Die resultate mag egter maatskaplike werkers, sielkundiges en enige ander belanghebbendes in staat stel om my ervaring as enkelouer beter te begryp, sodat doeltreffende dienste vir my en my kind/ers daargestel kan word en reeds bestaande dienste uitgebrei of verbeter kan word.
6. Regte van respondent: Ek mag ter enige tyd onttrek van die studie.
7. Konfidensialiteit: Om rekord te hou van presies wat ek gesê het tydens die semi-gestruktureerde onderhoud, sal die onderhoud op oudioband vasgelê word. 'n Verbatim transkripsie sal ook gemaak word van die semi-gestruktureerde onderhoud. Die oudioband en transkripsie sal met 'n skuilnaam gemerk word. Slegs die navorser en haar studieleier te Universiteit van Pretoria sal toegang hê tot die oudioband en transkripsie. Die bevindinge van die studie sal bekend gemaak word in 'n mini-verhandeling en 'n wetenskaplike artikel as 'n vereiste vir die navorser om haar Meestersgraad in Speltherapie te verwerf. My rekords en identiteit sal slegs onthul word as die wet dit vereis.
8. Indien ek enige vrae of bekommernisse het mag ek dit rig aan die navorser, sodat dit hanteer kan word.

Ek verstaan my regte as navorsingsrespondent en ek gee vrywilliglik my toestemming om deel te neem aan die studie. Ek verstaan waaroor die studie handel, asook hoe en hoekom die studie gedoen sal word. Ek sal 'n getekende kopie van hierdie toestemmingsvorm ontvang.

.....

Respondent se handtekening

.....

Datum

.....

Navorser se handtekening

.....

Datum